# DIE STAND VAN BEROEPSVOORLIGTING IN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOLE

deur

CHRISTIAAN JACOBUS JORDAAN REYNEKE
M.A. B.Educ.

Verhandeling aangebied ter verkryging
van die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

1955.

Promotor: PROF. H.J.J. BINGLE.

# VOORWOORD.

In die eerste plek my dank aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, vir 'n „ad-hoc"-toekenning wat my in staat gestel het om 'n groot aantal middelbare skole in Transvaal persoonlik te besoek in verband met die navorsing.

Verder ook my opregte dank aan die vele hoofde en onderwyser-voorligters van middelbare skole in Transvaal wat vraelyste voltooi het en onderhoude toegestaan het. Sonder hulle vriendelike samewerking sou die ondersoek weliswaar onmoontlik gewees het.

Aan my eggenote betuig ek my innige waardering vir haar onselfsugtigheid en aanmoediging tydens die hele onderneming.

Die gevatte raad en bekwame leiding van my promotor, prof. H.J.J. Bingle, word in besonder op prys gestel.

In die laaste instansie vertrou ek dat hierdie ondersoek sal bydra tot die pogings wat allerweë aangewend word om ons blanke Suid-Afrikaanse jeug 'n waardevoller en gelukkiger plek in ons beroepslewe te laat inneem.

C.J.J.R.

Brakpan,
Tvl.
1955.

# INHOUD.


bladsy.

Voorwoord .. .. .. .. .. .. ii.

Lys Tabelle .. .. .. .. .. vii- viii.

Hoofstuk I.

BEROEPSVOORLIGTING, OPVOEDING EN ONDERWYS. .. .. .. .. .. .. 1

1. Omskrywing van begrip voorligting... .. .. .. .. .. 1

2. Omskrywing van begrip beroepsvoorligting... .. .. .. .. 2

a. Die jeugdige moet gehelp word om homself te help. .. 5

b. Beroepsvoorligting 'n proses. 5

c. Stappe in hierdie proses. .. 6

3. Die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting. .. .. .. 8

a. Beroepsvoorligting en opvoeding. .. .. .. .. 8

b. Indiwiduele verskille en verskille in beroepsvereistes. .. .. .. .. 9

c. Vryheid van beroepskeuse. 11

d. Omvang en verskeidenheid van beroepe. .. .. .. 11

e. Beroepskeuse en persoonlike geluk en welvaart. .. 13

f. Beroepskeuse en geluk en welvaart van gemeenskap. .. 15

4. Gesag verantwoordelik vir beroepsvoorligting. .. .. .. 17

a. Die gemeenskap. .. .. .. 17

b. Die arbeidsdepartement. .. 18

c. Die skool. .. .. .. .. 23

5. Die middelbare skool en beroepsvoorligting. .. .. .. 27

6. Die Beroepsvoorligter. .. .. .. 28

Samevatting. .. .. .. .. .. 30

Hoofstuk II.

HISTORIESE ONTWIKKELING VAN BEROEPSVOORLIGTING ONDER DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. .. .. .. .. 31

1. Histories. .. .. .. .. .. .. 31
2. Doelstelling. .. .. .. .. .. 39

Samevatting. .. .. .. .. .. 43

Hoofstuk III.

DIE STAND VAN BEROEPSVOORLIGTING IN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOLE. .. .. 45

1. Aanleiding tot ondersoek. .. .. 45
   a. Die mens 'n indiwidu. .. .. 45
   b. Die wordende mens 'n steeds veranderende wese. .. .. .. 47
   c. Indiwiduele aanpassingsvermoë. .. .. .. .. .. .. .. 47
   d. Gebrek aan oordeelkundige beroepsoriëntering. .. .. .. 48
2. Oogmerke van ondersoek. .. .. 50
   a. Heersende opvattinge t.o.v. beroepsvoorligting. .. .. .. 51
   b. Stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole. .. .. .. .. .. .. 51
3. Ondersoekmetode en -prosedure. .. 51
   a. Vraelys. .. .. .. .. .. 51
      Ontleding van vraelys. .. .. 52
   b. Persoonlike besoeke. Doel en omvang. .. .. .. .. 53
4. Geldigheid en Betroubaarheid van ondersoekmetode. .. .. .. .. 55
   a. Geldigheid. .. .. .. .. .. 55
   b. Betroubaarheid. .. .. .. .. 55
5. Proefnemer en proefpersone. .. 56
   a. Vraelys. .. .. .. .. .. .. 56
   b. Persoonlike besoeke. .. .. .. 56

6. Resultate van ondersoek. .. .. 57

a. Heersende opvattinge oor beroepsvoorligting. .. .. .. 57

i. Noodsaaklikheid van beroepsvoorligting volgens hoofde se beskouing en ervaring. .. .. 57

ii. Waarde van beroepsvoorligting volgens hoofde se ervaring. .. .. .. .. .. .. 58

iii. Hoofde se mening oor skool se plig ten opsigte van beroepsvoorligting. .. . .. .. .. 59

iv. Onderwyser-voorligters se sienswyse oor beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan. .. .. 61

v. Algemene opvattinge van onderwyser-voorligters oor beroepsvoorligting. .. .. .. .. . 62

vi. Kan daar vir beroepsvoorligting plek in die skoolleerplan ingeruim word? .. .. . 68

vii. Is dit wenslik dat 'n spesifieke onderwyser vir beroepsvoorligting afgesonder moet word? .. .. .. .. .. .. 70

viii. Opleiding van onderwysers vir beroepsvoorligting. .. 71

ix. Noodsaaklikheid van persoonlike onderhoude in die beroepsvoorligtingsproses. .. 72

b. Stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbaro skole. .. 74

i. Beroepsvoorligting as 'n deel van die skoolleerplan. 74

ii. Sedert wanneer beroepsvoorligting 'n deel van die skole se leerplanne gevorm het. .. 77

iii. Nakoming van Departementele tydsbepaling ten opsigte van beroepsvoorligting. .. .. .. 80

iv. Standerds waaraan beroepsvoorligting gegee is. .. .. .. 82

v. Duur van tyd per standerd aan beroepsvoorligting gewy. .. 85

vi. Navolging van die voorgestelde leerplan. .. .. .. .. .. 87

vii. Opleiding van verantwoordelike leerkragte. .. .. .. .. 90

viii. Aantal leerkragte wat onder andere beroepsvoorligting gegee het en die mate van opleiding wat hulle geniet het. .. .. .. .. .. .. 94

ix. Skole met gesertifiseerde I.K.-toetsafnemers. .. .. .. 95

x. Die gebruik van ander beroepstoetse in skole. .. .. 96

xi. Die samewerking van kollegas ten opsigte van die vak. .. 98

xii. Fasiliteite vir persoonlike onderhoude. .. .. .. .. .. . 101

c. Waarom Departementele verwagtinge in sommige skole nie nagekom is nie. .. .. .. .. .. .. .. .. 104

i. Waarom is die vereiste tyd nie aan beroepsvoorligting bestee nie? .. .. .. .. .. 104

ii. Waarom is die Departementele leerplan nie gevolg nie? 108

7. Samevatting. .. .. .. .. .. .. 111

a. Heersende opvattinge oor beroepsvoorligting van hoofde en onderwyser-voorligters van Transvaalse middelbare skole. 111

b. Die stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole. 113

c. Waarom Departementele verwagtinge in party skole in sommige opsigte nie nagekom is nie. 115.

Hoofstuk IV.

ALGEMENE OORSIG, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS. .. .. .. .. .. .. .. 117

1. Beroepsvoorligting. .. .. .. .. 117

2. Gevolgtrekkings. .. .. .. .. .. 118

3. Enkele aanbevelings. .. .. .. 119

Bylae I - IV.. .. .. .. .. .. .. .. .. 122-125

x Bronnelys. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 126-132.

## LYS TABELLE.


| | | bladsy. |
|---|---|---|
| TABEL I. | Proefpersone van vraelysondersoek. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 52 |
| TABEL II. | Skole persoonlik besoek. .. .. | 53 |
| TABEL III. | Noodsaaklikheid van beroepsvoorligting volgens hoofde se beskouing en ervaring. .. .. | 57 |
| TABEL IV. | Of beroepsvoorligting volgens hoofde se mening en ervaring sedert die instelling daarvan enige waarde gehad het. .. .. | 58 |
| TABEL V. | Hoofde se mening oor beroepsvoorligting as skool se taak. | 60 |
| TABEL VI. | Beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan volgens onderwyser-voorligters. .. .. .. .. .. | 61 |
| TABEL VII. | Of daar vir beroepsvoorligting plek ingeruim kan word in die skoolleerplan. .. .. .. .. .. .. | 69 |
| TABEL VIII. | Of 'n spesifieke onderwyser vir beroepsvoorligting afgesonder moet word. .. .. .. .. .. | 70 |
| TABEL IX. | Of opleidingsinrigtings voorsiening behoort te maak vir die opleiding van onderwyser-voorligters. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 71 |
| TABEL X. | Sienswyses van onderwyser-voorligters in sake noodsaaklikheid van persoonlike onderhoude. | 72 |
| TABEL XI. | Beroepsvoorligting as 'n deel van die skoolleerplan. .. .. | 75 |
| TABEL XII. | Sedert wanneer beroepsvoorligting gegee is. .. .. .. .. .. | 78 |
| TABEL XIII. | Skole wat tyd soos deur die Departement voorgeskryf aan beroepsvoorligting bestee het. | 81 |
| TABEL XIVa. | Standerds waaraan beroepsvoorligting gegee is. .. .. .. .. | 82 |
| TABEL XIVb. | Skole waar beroepsvoorligting gegee is, volgens standerdgroepe gerangskik. .. .. .. .. .. | 83 |
| TABEL XV. | Tydperk waarin een periode per week per standerd aan beroepsvoorligting gewy is. .. | 86 |
| TABEL.XVI. | Volg van die voorgestelde leerplan. .. .. .. .. .. .. .. | 88 |

TABEL XVIIa. Aard van opleiding van leerkragte. ... .. .. .. .. .. .. 91

TABEL XVIIb. Kwalifikasies van leerkragte in tabel XVIIa, groep b, genoem. .. .. .. .. .. .. .. .. 92

TABEL XVIII. Aantal leerkragte wat onder andere beroepsvoorligting gegee het en mate van opleiding. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 94

TABEL XIX. Skole waar daar gesertifiseerde leerkragte was om I.K.-toetse af te neem. .. .. .. .. .. 96

TABEL XX. Beroepstoetse, uitgesonderd I.K.-toetse, in Afrikaansmediumskole gebruik. .. .. .. 97

TABEL XXI. Samewerking van kollegas ten opsigte van beroepsvoorligting. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 99

TABEL XXII. Of onderwyser-voorligter die nodige tyd kry vir persoonlike onderhoude. .. .. .. .. .. .. .. 101

TABEL XXIII. Of daar 'n geskikte plek is waar persoonlike onderhoude gehou kan word. .. .. .. .. .. .. 103

TABEL XXIV. Waarom die vereiste tyd nie aan beroepsvoorligting bestee is nie. .. .. .. .. .. .. .. .. .. ..105

TABEL XXV. Waarom die voorgestelde leerplan nie gevolg is nie. .. .. .. 108

TABEL XXVI. Heersende opvattinge van hoofde en onderwyser-voorligters oor beroepsvoorligting. .. 111

TABEL XXVII. Oorsigtelike stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole. .. 113.

# HOOFSTUK I.

## BEROEPSVOORLIGTING, OPVOEDING EN ONDERWYS.

### 1. OMSKRYWING VAN BEGRIP VOORLIGTING.

Letterlik beteken die woord voorligting om lig voor iemand uit te dra sodat hy kan sien waar hy gaan, om vir hom die weg aan te wys. Figuurlik gesproke beteken dit „onderrichten, aanwijzing geven hoe men handelen, iets gebruiken of over iets denken moet: iemand omtrent een zaak voorlichten." [1]

In die opvoedkunde word 'n meer spesifieke en dieperliggende betekenis daaraan gegee. In die „Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" word dit omskryf „as 'n proses van hulpverlening wat plaasvind gedurende 'n persoonlike bespreking met die leerling waarin daar nie slegs regstreekse advies aan hom gegee word nie, maar waarin hy tot insigte en begrippe gelei word, wat hom in staat kan stel om self 'n oplossing van sy vraagstuk te vind". [2]

Voorligting gee beteken nie bloot om raad te gee nie. Dit is nie „handing out advice, or making plans for children, or getting evidence upon which to prescribe certain adjustments;", maar dit is „counseling with children rather than advising them, and implies a coöperative attempt at the solution of a common problem". [3] Hierdie skrywer lê klem daarop dat dit nie die voorligter is nie, maar die leerling wat al die besluite moet neem.

Voorligting...../2

---

1) Van Dale: Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal, 2042.
2) Aangehaalde verslag, 61, par. 452.
3) Allen: Organization and Supervision of Guidance in Public Education, 34.

Voorligting beoog hulp aan die jeugdige om tot volwaardige rypheid te ontwikkel. Hy moet gehelp word om sy eie belangstelling, vermoëns, beperkinge en behoeftes te besef, en om dan met daardie kennis van homself en van die samelewing waarby hy hom moet aanpas, wyse besluite te neem wat sal bydra tot sy eie groter geluk en tot waardevoller diens aan die gemeenskap, met ander woorde, om onder andere sy eie potensialiteite ten volle te benut ten einde beter en gesonder aan te pas by sy omgewing.[1)]

Die voorgenoemde Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys beklemtoon in sy verslag die feit dat nie net die behoefte van die indiwidu nie, maar ook die vereistes van die maatskappy in oorweging geneem behoort te word, en dat daar 'n „behoefte aan voordurende heraanpassing aan veranderende lewenstoestande en opvattings" bestaan.[2)]

As gebore natuurwese, maar potensiële kultuurdraer moet die jeugdige dan deur die proses van voorligting en opvoeding in staat gestel word om sy weg te vind na die gemeenskap van volwaardige kultuurwesens volgens die vereistes van daardie gemeenskap se ontwikkelingsaard en lewensbeskouing.

## 2. OMSKRYWING VAN BEGRIP BEROEPSVOORLIGTING.

In ons eeu van spesialisering is die begrip voorligting te wyd en te algemeen in sy aard en doelstelling vir die opvoedkundige spesialis. Die moderne opvoedkunde, wel bewus van die grenslose wydheid van die opvoedingsveld, trag ook om die verskillende aspekte van voorligting te omlyn ten einde dit beter te kan ontleed en die probleme en oplossingsmetodes duideliker te kan deurgrond.

Opvoedkundiges en andere onderskei verskillende

soorte ....../3

---

1) Vgl. definisies van begrip voorligting deur verskeie skrywers, soos aangehaal deur Groenewald: Handleiding in Beroepsvoorligting, 4.

2) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 290, par. 2116(2) en (7).

soorte voorligting: opvoedkundige voorligting, voorligting in verband met vryetydsbesteding, geslagsvoorligting, huweliksvoorligting, godsdiensvoorligting, ekonomiese voorligting, leierskapvoorligting en beroepsvoorligting is 'n paar daarvan.[1)]

Om nou die begrip beroepsvoorligting soos dit vandag algemeen aanvaar word in sy omvang, aard en wese te begryp, om duidelikheid te kry oor wat dit verteenwoordig, is dit nodig om die oorsprong van die begrip na te spoor en sy ontwikkeling dan te volg tot die spesifieke betekenis wat vandag daaraan geheg word.

Die begrip voorligting is reeds kortliks hiervoor verduidelik. Die beskrywende deel van die saamgestelde woord, naamlik beroep in sy wyere taalkundige betekenis het te doen met werk, 'n werkkring, 'n nering, 'n broodwinning.[2)] Die begrip beroep hang dus nou saam, is nou verbonde met die lang ontwikkelingsgeskiedenis van die mens; dit dateer uit die vroegste geskiedenis van die menslike bestaan.

Diegene wat aan die skeppingsverhaal glo en aan die sondeval soos beskryf in die Bybel, kan dit terugvoer na die opdrag aan Adam na sy val: „In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet totdat jy terugkeer na die aarde ......"[3)]. Vir die evolusionis en die materialis lê die gedagte van werk met die oog op 'n lewensbestaan ook ver terug in die skemering van die mens se ontwikkelingsgeskiedenis. Arbeid het dus sy oorsprong in die Goddelike bevel om te werk, èn die stryd om te bestaan.

By hierdie idee van arbeidsplig voortspruitende uit 'n bevel gerugsteun deur 'n natuurlike noodsaaklikheid het later die gedagte van selfopgelegde plig gekom: werk as 'n plig teenoor jouself, teenoor die gemeenskap waarvan jy 'n verantwoordelike en verantwoordbare lid is en as burger teenoor die staat.

Daarby ......./4

---

1) Vgl. o.a. Myers: Principles and Techniques of Vocational Guidance, hoofstuk II.
2) Woordeboek van die Afrikaanse Taal, I, 381.
3) Génesis 3:19.

Daarby kom nog werk as voorreg tot skepping, tot selfuiting en selfwaardering en -prestasie, en werk as 'n uiting van dankbaarheid teenoor jou Skepper vir die voorreg daarvan.

Die woord beroepsvoorligting is egter nie so baie oud nie. So kort gelede as 1908 is, virsover bekend, die woord vir die eerste keer deur Parsons in Amerika gebesig,[1] en dit was eers aan die begin van die twintiger jare van hierdie eeu dat daar gepoog is om 'n deurdagte en duidelike omskrywing van die begrip te gee, naamlik dié van die National Vocational Guidance Association, van 1921.[2]

Aanvanklik is beroepsvoorligting deur bogenoemde vereniging omskryf as „the giving of information, experience and advice in regard to choosing an occupation, preparing for it, entering it, and progressing in it."[3] Na verdere sorgvuldige en kritiese oorweging is die omskrywing effens gewysig. Daar is besef dat voorligting nie bloot bestaan in die gee van inligting en raad nie, maar ten doel het om deur psigiese wisselwerking tussen voorligter en die een wat voorgelig word, by laasgenoemde in die proses 'n geestesgroei en geestesryping te laat plaasvind sodat hy eindelik in homself die raad en lig sal vind.

Die omskrywing van beroepsvoorligting soos deur genoemde National Vocational Guidance Association eindelik in 1937 geformuleer is, lui:

> „Vocational Guidance is the process of assisting the individual to choose an occupation, prepare for it, enter upon it and progress in it."[4]

Hierdie omskrywing word vandag in Amerika nog

algemeen ....../5

1) Myers: Principles and Techniques of Vocational Guidance, 1.
2) National Vocational Guidance Association, 1921, Jones: Principles of Guidance, 584 -.
Vgl. ook Brewer se definisie van 1926:The Vocational Guidance Movement, 1 - 2.
3) Myers, a.w., 4.
4) National Vocational Guidance Association.Verslag aan White House Conference on Child and Health protection: III D: Vocational Guidance, 4.

algemeen aanvaar, en ook in Suid-Afrika is dit deur die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys in sy verslag aangehaal as die omskrywing van die begrip.[1)]

By nadere betragting en diepere oordenking van laasgenoemde omskrywing wat voortaan hier as uitgangspunt geneem sal word, word 'n paar belangrike aspekte van die begrip duidelik:

a. <u>Die jeugdige moet gehelp word om homself te help.</u>

Waar daar in die voorligtingsdiens sprake van hulp is, moet die jeugdige gehelp word om homself te help; daar mag geen besluit van buite vir hom geneem word nie. Een opvoedkundige stel dit soos volg: „I sometimes think that the question 'What shall we do with our boys?' would be better in the form: 'What shall our boys do for themselves?'".[2)]

b. <u>Beroepsvoorligting 'n proses: metodies, sistematies, doelbewus.</u>

In die voorgenoemde omskrywing word dit benadruk dat beroepsvoorligting 'n proses is. Dit is 'n groeiproses, 'n ontplooiingsproses, 'n wordingsproses, 'n rypingsproses. Dit is met ander woorde 'n aspek van die opvoedingsproses waarin die oplossing van die indiwidu se beroepsprobleme algaande vir hom gestalte moet aanneem.[3)]

Die beroepsvoorligtingsproses moet metodies, sistematies en doelbewus aan die gang gesit en aange-

help......./6

---

1) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 213, par. 1573.
2) Maclaurin. Aangehaal in Bloomfield: Readings, 16.
3) Vgl. ook Swartz: My Loopbaan, Aug. 1952, 15: „Die vermoë om sy beroep verstandig te kies en om verstandige besluite te neem oor sy toekomstige loopbaan is iets waarheen die kind stap vir stap ontwikkel".
Super: The Dynamics of Vocational Adjustment, 172.
Prinsloo: Doel, Beginsels en Metodes van Beroepsvoorligting: Beroepsvoorligting in Na-Primêre Skole. Lesings uitgegee deur Transvaalse Onderwysdepartement, 1948, 7 en 12.
Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 213, par. 1574.

help word. Dit moet nie maar sommer terloops gedoen of aan die toeval oorgelaat word nie.

c. Stappe in hierdie proses.

Die begrip behels vier duidelik onderskeibare take, hoewel hul nie van mekaar te skei is nie, wat stap vir stap op mekaar volg:

i. die keuse doen van 'n beroep;
ii. die voorbereiding vir daardie gekose beroep;
iii. die toetrede en opname in die betrokke beroep;
iv. hoe in daardie gekose beroep, as die nodige opleiding ontvang is en die indiwidu tot die beroep toegetree het, vordering of vooruitgang gemaak kan word.

J.M. Brewer sê beroepsvoorligting sluit in:
"...... giving information about commerce and industry, in order to help in the choice of an occupation or a job; giving opportunities to discover talents, with the vocational choice in mind; advising pupils to enter this or that school for the purpose of discovering their talents or preparing for an occupation; change of job, after education, or advanced study; supervising the entrance into or progress in particular positions or chosen occupations."[1)]

Die proses vereis dus dat die indiwidu kennis moet dra van 'n groot verskeidenheid beroepe: nie slegs oppervlakkige kennis nie, maar kennis gebaseer op grondige ondersoek in teorie en, indien moontlik, ervaring in die praktyk.[2)] Beroepsinligting is met ander woorde baie noodsaaklik in die beroepsvoorligtingsproses. Die indiwidu moet gehelp word om al

die......./7

1) The Vocational Guidance Movement, 1 - 2.
2) Myers: The Problem of Vocational Guidance, 62, 83 -.

die nodige inligting in verband met beroepe te bekom. Hoe wyer en grondiger hierdie ondersoek is, hoe groter is die kanse dat die eindelik gedane beroepskeuse op oordeelkundigheid sal berus en 'n mate van betroubaarheid sal bevat.

Benewens die noodsaaklikheid van 'n omvattende en diepgaande beroepsinligtingsdiens, vereis 'n oordeelkundige beroepskeuse van die indiwidu egter ook ewe, of selfs grondiger, kennis van homself. Hy moet gehelp word om sy eie vermoëns en beperkinge, sy eie spesifieke aanleg en belangstelling te leer ken en te aanvaar. Dit moet nie van buite aan hom vertel word nie, maar die besef moet na rype oordenking en ervaring uit eie oortuiging kom: dit moet die uitkoms van 'n groeiproses wees.

Enersyds moet die indiwidu dan beskik oor 'n groot hoeveelheid inligting aangaande 'n groot verskeidenheid beroepe; andersyds, na grondige en eerlike selfondersoek,oor kennis van homself. Hy moet dan gehelp word om 'n brug te slaan tussen hierdie twee pole, gelei word om self 'n harmoniese inpassing van die twee te vind.

In die beroepskeuseproses is dus nodig:

i. 'n grondige kennis van die beroepswêreld - kennis van die werksomstandighede, van vereistes en voorwaardes vir sukses, voordele en nadele verbonde aan die verskillende beroepe, vergoeding, en geleenthede en vooruitsigte in verskillende beroepsvelde;

ii. 'n grondige kennis van homself: sy vermoëns, belangstellinge, ambisies en beperkinge;

iii. 'n eerlike poging en gesonde tegnieke om hierdie twee groepe feite bymekaar te laat pas.[1]

„Good......../8

1) Parsons: Choosing a Vocation, 5.

„Good guidance, in other words, means good occupational analysis, good individual analysis and good guidance techniques."[1]

Dis in hierdie laasgenoemde fase van die proses waar die belangrike rol van die beroepsvoorligter in die psigoterapeutiese onderhoud ter sprake kom. Hy moet die jeugdige deur taktvolle leiding help om vir homself 'n duidelike beeld te kry van die twee teenoormekaargestelde prente: hyself en die beroep. Hy moet gehelp word om dan self te besluit of dit bymekaar pas. Hierdie psigo-terapeutiese onderhoude behoort die sluitsteen van die hele beroepskeusevoorligtingsproses te vorm. Meer as een sodanige onderhoud waarin die jeugdige gelei word om te wik en te weeg, mag nodig wees, in elk geval moet daarmee voortgegaan word totdat hy duidelikheid oor die saak gekry het.

3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BEROEPSVOORLIGTING.

a. Beroepsvoorligting en opvoeding.

Opvoeding sluit in 'n proses van aanpassing, aanpassing by ingewikkelde en steeds veranderende lewensomstandighede van die gemeenskap waarin die indiwidu hom bevind en waarin hy ontwikkel. Van hierdie lewensomstandighede kan dié wat met die arbeid te doen het vir die indiwidu en die gemeenskap naas sy kultuur en godsdiens as van die allerbelangrikste beskou word. Beroepsaanpassing is vir die indiwidu 'n deel van sy lewensaanpassing, dus van sy opvoeding. Beroepskeuse kan nog uitgestel word, want dis die vrug van 'n lang proses, maar die beroepsvoorligting nie. Laasgenoemde is 'n onafskeidbare deel van opvoeding en onderwys. Opvoeding en onderwys beoog immers die mees doeltreffende lewensaanpassing en -ontplooiing van die indiwidu in sy

totale ......./9

1) Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World, 297.

totale omvang, en beroepsvoorligting het ten doel die doeltreffende aanpassing op een van die lewensgebiede, naamlik die van die beroep.
Beroepsinpassing en -aanpassing is derhalwe slegs 'n deel van 'n wyere opvoedings- en onderwysideaal.[1)]

Beroepsaanpassing skakel met alle ander lewensterreine:

„Occupational adjustment," sê een skrywer, „is intervowen with political and social philosophies, circumstanced by economics, circumscribed by tradition, and circumvented by politicians."[2)]

Vanuit 'n christelik-nasionale oogpunt benader, kan die mens as beelddraer van sy Skepper, benewens deur die gebed, Hom nie prakties meer verheerlik nie as om sy wil te doen deur sy werk met liefde en doeltreffendheid te verrig. Sodoende dra hy verder by om sy medemens gelukkiger te maak en sy land tot diens te wees. Een van die hoogste strewes van die mens behoort dus te wees om harmonies by sy arbeidsomgewing en -omstandighede aan te pas. Daardeur verseker hy tevredenheid, doeltreffendheid en geluk vir homself, vir sy gemeenskap en vir sy staat en kom hy op die gebied sy plig as Christen na.

b. <u>Indiwiduele verskille en verskille in beroepsvereistes</u>.

Elkeen van die baie jeugdiges wat jaarliks die skool verlaat en die beroepslewe betree, verskil van mekaar ten opsigte van aanleg en belangstelling, temperament en emosionele stabiliteit, fisiek, persoonlikheid, karakter en intelligensie. Daarbenewens vergroot faktore buite die indiwidu hierdie verskille nog meer. Huislike omstandighede soos byvoorbeeld ouers se finansiële vermoë wat 'n

sekere........./10

---

1) Vgl. Swartz:Beginsels van Beroepsvoorligting, My Loopbaan, Junie 1951, 7.
Groenewald: Onderwyser-Voorligters. Beroepsvoorligting, 66.
2) Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World, 17.

sekere ekonomiese en sosiale status meebring, kulturele agtergrond en lewensbeskouing is almal sodanige faktore wat 'n stempel op die kind laat. Behalwe die ouerhuis is daar gemeenskapsfaktore soos opvoedkundige fasiliteite, agting vir opvoeding en onderwys, tradisie, ensomeer, faktore waardeur die wordende mens beïnvloed word en wat sy sluimerende potensialiteite se koers en sterkte in 'n groot mate bepaal.

„... the fact remains that boys and girls are being born every minute to all kinds of parents in society that is what it is and they must take some direction in the environment in which they find themselves."[1)]

Almal het nie ewe veel talente ontvang nie, maar elke indiwidu moet gehelp word om met wat hy wel ontvang het, te woeker, hoe veel of hoe min dit ook is. Beroepsvoorligting het dan tot een van sy take leiding aan die indiwidu om hom bewus te maak van sy talente en om hom die weg te laat vind waarlangs hy die beste daarmee kan presteer.

Teenoor die indiwidu met sy potensialiteite is daar die beroepswêreld met sy baie beroepe wat daagliks nog vermeerder en waarvan die vereistes aan die werker gestel, soms hemelsbreed van mekaar verskil.

In die feit dat indiwidue van mekaar verskil en beroepe se vereistes aan die werkers van mekaar verskil, sien G.E. Myers dan ook die kernnoodsaaklikheid van beroepsvoorligting.[2)] Die indiwidu moet gevolglik in staat gestel word om 'n beroep te kies waarvoor die vereistes sover moontlik ooreenkom met sy eie vermoëns. Die jeugdige het in ons ingewikkelde beroepsgemeenskap leiding nodig by die keuse van so 'n beroep waarin hy sal pas. Dit kan nie maar sommer aan die toeval oorgelaat word nie.

„They ........./11

---

1) Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World, 95.
2) Principles and Techniques of Vocational Guidance, 4 - 5, 10 en 61.

„They must find places for themselves somewhere, somehow, in the busy, whirling mechanism of the world's work, ....." sê laasgenoemde skrywer.[1)]

c. Vryheid van beroepskeuse.

Vroeër was die vraagstuk van beroep teenoor indiwidu nie so groot nie. Die indiwidue het weliswaar ook net so van mekaar verskil soos vandag, maar tradisie en standeverskille, dit wil sê, die aard van die gemeenskap, het die vryheid van die indiwidu om te kies veel meer beperk.

Met die opkoms van humanisme en liberalisme, veral laasgenoemde, wat sedert Rousseau die vryheid vir die mens ge-eis het om oor sy eie doen en late te beslis, het die vryheid van die indiwidu om 'n beroep volgens eie oordeel te kies, al meer vanselfsprekend geword. Tradisie en standeverskille het ook, virsover dit die vryheid van beroepskeuse raak, hulle veel minder laat geld. Oor die algemeen het die jeugdige van vandag, behalwe waar ander omstandighede buite sy beheer dit verhoed, 'n betreklike groot vryheid ten opsigte van beroepsbeplanning.

d. Omvang en verskeidenheid van beroepe.

In vergelyking met die huidige toestand was daar vroeër 'n veel kleiner aantal en 'n veel kleiner verskeidenheid beroepe waaruit gekies kon word. Met die vooruitgang op die gebied van wetenskap en tegniek en op ander gebiede van die maatskaplike organisasie het die verskeidenheid beroepe geweldig toegeneem en hiertoe het spesialisering verder bygedra. Hierdie groei in omvang en verskeidenheid van beroepe het ook meer spesifieke vereistes aan die werker gestel.

Die vraagstuk van beroepsvoorligting is dus in die moderne tyd onvermybaar indien dit ons erns is

met......../12

---

1) Myers: The Problem of Vocational Guidance, 1.

met die welsyn van die jeug en die gemeenskap in al sy vertakkinge. Die Liverpool Educational Committee vestig dan ook na 'n ondersoek die aandag op die feit dat vele as gevolg van 'n gemis aan voorligting en hulp op 'n kritieke lewenstydperk, of as gevolg van gebrek aan die nodige inligting, 'n begin in die nywerheid gemaak het sonder om genoegsame aandag te skenk aan die toekoms. Eers nadat dit te laat was om om te draai, het hulle besef dat hulle die geleentheid laat verbygaan het. Die gevolg is, sê genoemde komitee, enersyds „the hampering of trade with industrial misfits," en andersyds „the disappointment of youthful ambitions and the consequent creation of dissatisfied workers."[1)]

Dit is juis in die puberteitsjare van storm en drang, van onsekerheid en besluiteloosheid, dat die onrype, koerssoekende jeugdige oor 'n loopbaan moet besluit. Dit is derhalwe duidelik en ook begryplik dat die kind nie sommer uit die skool en huis met hulle beskermende atmosfeer in die maalstroom van die lewe gestoot kan word nie om dan self toe te sien om 'n plek te verower in die vir hom nog vreemde lewensterrein.

Die vrugte van 'n oordeelkundige en regte beroepskeuse, of aan die anderkant, van 'n oorhaastige, toevallige en waarskynlik verkeerde beroepskeuse, strek veel verder as net die mislukking of sukses in die werk self. Dit laat dit gewoonlik op veel wyer en dieperliggende lewensterreine geld.[2)] Die indiwidu in 'n verkeerde beroep slyp 'n tweesnydende swaard: Dit beteken nie slegs swakker prestasies uit 'n beroepsoogpunt beskou nie, maar dit bring mee 'n wanaangepaste werker met sy gepaardgaande ......../13

---

1) Aangehaal: Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World, 95.

2) Vgl. Brewer: The Vocational Guidance Movement, 3.

gaande nadele en euwels.

e. Beroepskeuse en persoonlike geluk en welvaart.

Die werker bring 'n groot deel van sy lewe in sy beroep deur - ons kan byna sê die grootste deel van sy lewe as die tyd wat hy slaap buite rekening gelaat word. Voorgenoemde White House Conference beklemtoon ook hierdie feit, en verklaar dan tereg dat, aangesien dit die toestand is, die indiwidu se beroep aan hom die geleentheid moet bied „........(to) represent the active expression of the whole personality."[1] 'n Ander skrywer stel dit ewe duidelik: „In a very real sense," sê hy, „he (the individual) chooses a way of life when he chooses a vocation."[2]
Dit is derhalwe te begrype dat diegene wie se werk nie net 'n beroep is nie, maar 'n roeping, hulle hele lewe, al hulle doen en late, om hulle lewensarbeid organiseer. Hulle hele lewensbeskouing vorm die grondslag van hulle beroep, en andersom.
„......... happiness, good citizenship, morality, and social usefulness," sê J.M. Brewer, „are frequently bound up with the choice of a vocation."[3]

Dis om teleurstelling, misnoë en onvergenoegdheid in die vooruitsig te stel om sommer onoordeelkundig in 'n beroep te tree, en daar sal later op gewys word hoe dikwels dit met die jeug gebeur.[4] Die oorsaak van baie van die ongeluk in 'n gemeenskap kan teruggevoer word na die ongeluk van sy lede in hulle werk.

„Indeed......../14

1) National Vocational Guidance Association. Verslag aan White House Conference on Child Health and Protection: III D:Vocational Guidance, 4 - 5.
2) Myers:Principles and Techniques of Vocational Guidance, 3.
3) The Vocational Guidance Movement, 5.
4) Vgl. bl. 48 en 49.

„Indeed," beweer een kenner, „there can be no doubt that a large proportion of the unhappiness in this world must be attributed to individuals being engaged in occupations unsuited to their temperaments and to their capacities."[1)]

Regte beroepskeuse beteken vir die indiwidu „gemoedsrus in sy werk en 'n bestendige ontplooiing van sy gawes."[2)]
Elke mens strewe immers daarna om homself te laat geld; slaag hy nie daarin nie, lei dit tot frustrasie en 'n minderwaardigheidsgevoel. Skepping is een van die hoogste vorme van selfprestasie.
As die indiwidu daarin slaag om hierdie behoefte deur middel van sy werk te bevredig, bring dit vir hom innerlike voldoening en geluk. Die indiwidu moet hom met ander woorde in sy werk kan uitleef.: „........ life has a serious purpose," sê F.J.Keller, „manifesting itself in a meaningful occupation."[3)]

Gebrek aan beroepsvoorligting wat die gevaar inhou van onoordeelkundige en verkeerde beroepskeuse, beteken nie net die ontwyking van persoonlike geluk nie, maar die gevaar van 'n geestelike verwrongenheid en stelselmatige geestelike aftakeling. Die stryd en struikelblokke wat die verkeerde beroep vir die werker, wat nie daarvoor toegerus is nie, bied, lei tot gespannenheid, neurose en 'n vertroebeling van gesonde lewensuitkyk, met ander woorde, tot 'n gemis aan 'n anker en koersgewende krag in die indiwidu se lewe.

„And ........../15

---

1) Parsons: Choosing a Vocation, 7.
2) My Loopbaan, Nov. 1953, 43.
Vgl. ook Venter: Geluk in jou werk, My Loopbaan, Jan. 1952, 53.
3) Principles of Vocational Education, 60.
Vgl. ook Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 66, par. 488.

„And all work is empty save when
there is love;
And when you work with love you
bind yourself
to yourself, and to one another, and
to God." [1]

f. <u>Beroepskeuse en geluk en welvaart van gemeenskap</u>.

Dat elke indiwidu sover moontlik in 'n beroep geplaas word waar hy vanuit die oogpunt van die beroep se vereistes en sy eie vermoëns gesien, die beste pas, is 'n saak van nog wyer belang as net dié van persoonlike geluk en voorspoed. Dis 'n saak van gemeenskaps- en selfs nasionale belang.

Vir die werkgewer beteken dit 'n personeel wat tevrede is en probeer presteer, en wat net so belangrik is, of selfs belangriker, weens hulle bepaalde vermoëns <u>in staat is</u> om te presteer. Vir die land beteken dit nywerheidsvrede en doeltreffende en maksimum produksie.[2]

Wanaangepaste werkers skep 'n groot sosiale en ekonomiese probleem. 'n Groot deel van die nywerheidsonrus van tyd tot tyd in verskillende lande van die wêreld word toegeskryf aan die feit dat baie werkers werk verrig waarvoor hulle nie geskik is nie.[3] Dit verbaas eerder dat die ontwrigting wat onoordeelkundige beroepskeuses meebring selfs nie groter is nie.

Dit is begryplik dat by beroepswanaanpassing, soos by wanaanpassing op enige ander gebied, dit nie net die indiwidu is wat daaronder ly nie, maar die hele gemeenskap daardeur geaffekteer word -

nie ......./16

1) Kahlil Gibran: The Prophet. Uit 'n aanhaling van Keller: Principles of Vocational Education.
2) Vgl. My Loopbaan, Nov. 1953, 43.
3) Burtt: Principles of Employment Psychology. 11.

nie slegs weens die ongeluk van sy lede nie, maar ook weens die ondoeltreffendheid van sy werkers: „..... lack of efficiency as workers for the benefit of the community", stel R.C. Maclaurin dit.[1]

„There is no waste, however," sê laasgenoemde skrywer, „that is quite so distressing as the waste of human effort that you can see daily in cases where men are engaged in a calling for which they are not fitted. Men everywhere are wearing out their energies and their lives by working in the wrong field and are thereby not only bringing dissatisfaction to themselves but are not serving society to the best of their capacity."[2]

Die sosioloog praat van „the social waste of unguided personal ability"[3]; die sielkundige sê: „.... there is no waste more far reaching than misdirected human activities."[4]

Dis sonder twyfel swak ekonomie, om dit nie sterker te stel nie, om soveel geld van staats- en ander weë aan 'n leerling gedurende sy skoolloopbaan te bestee, indien nie minstens gepoog word om hom deur opvoeding en onderwys voor te berei ooreenkomstig sy waardevolle potensialiteite nie: hy moet leiding ontvang by die keuse van skoolvakke waarin hy die beste kan presteer, en daar moet gepoog word om daarna die beste gebruik van sy skoolopleiding, sy aanleg en belangstelling en ander vermoëns gedurende sy skoolloopbaan tot ontluiking gebring, te maak. As die uitgawes wat aan die jeugdige individu se opvoeding en onderwys bestee is, ten beste aangewend wil word, moet getrag word om hom deur die nodige voorligting in 'n beroep geplaas te kry waar hy sy grootste bydrae sal kan lewer omdat dit vir hom die mees gewenste arbeidsgebied is.

Myers......./17

1) Bloomfield: Readings, 18.
2) T.a.p.
3) Woods: American Journal of Psychology, Nov.1913. Opgeneem in Bloomfield: Readings, 19.
4) Burtt: Principles of Employment Psychology, 4.

G.E. Myers wys daarop dat 'n verkeerde beroep onder andere ekonomiese verlies vir die werker beteken omdat dit hom weerhou van vordering en gevolglik 'n groter inkomste; verder ekonomiese verlies vir die werkgewer en deur hom vir die gemeenskap;

ekonomiese verlies vir die gemeenskap self omdat groot potensialiteite verlore gaan.[1)]

In ons eie land word dit ewe duidelik gestel, net positief: Beroepsvoorligting, volgens dr. W.H. Venter, bring vir die nywerheid mee 'n kleiner arbeidsomset, vermindering van nuttelose opleiding, minder ongevalle, minder vermorsing van materiaal, beter werksgehalte, minder afwesigheid van werkers, en 'n hoër opbrengs per man per werksuur.[2)]

Die regte mens in die regte beroep, is 'n gelukkige mens in 'n goeie beroep.

## 4. GESAG VERANTWOORDELIK VIR BEROEPSVOORLIGTING.

As met die voorafgaande genoemde feite in gedagte aanvaar word dat beroepsvoorligting aan die jeug wenslik, of selfs noodsaaklik is, is die vraag wie vir daardie voorligting verantwoordelik moet wees: die gemeenskap as 'n geheel, of spesifieke aangewese organisasies in die gemeenskap.

### a. Die gemeenskap.

Die reg van bestaan en die plek van die indiwidu of indiwiduele groepe binne die gemeenskap mag of kan nie ontken word nie. Tog is dit aan die ander kant ook net so waar dat die gemeenskap met sy regte, voorregte en pligte as 'n

eenheid....../18

1)The Problem of Vocational Guidance, hfst. II.
Principles and Techniques of Vocational Guidance, hfst. IV.

2)Geluk in jou werk: My Loopbaan, Jan. 1952, 53; Beroepsvoorligting, 15 - 16.
Vgl. ook Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 66, par. 493-496.

eenheid beskou moet word. Dit is egter nodig dat die gemeenskap vir sy beter funksionering sy aktiwiteite moet organiseer en aan spesifieke groepe daarvan pligte moet toevertrou. Hierdie organisasies beywer hulle dan meer spesifiek in bepaalde rigtings en bereik deur ervaring en georganiseerde en doelbewuste navorsing groter bedrewenheid en doeltreffendheid. So het sekere inrigtings en gemeenskapsorganisasies met verloop van tyd dan ook uit die behoeftes gegroei. Hulle leen hulle weens hulle besondere omstandighede en geleenthede meer tot sekere aktiwiteite as ander. Op die wyse het godsdienstige, finansiële, politieke, kulturele en opvoedkundige organisasies algaande uitgekristalliseer en verantwoordelikheid vir die gemeenskap se belange op bepaalde gebiede aanvaar.

In bogenoemde lig beskou, is dit begryplik dat spesifieke voorligting, in hierdie geval beroepsvoorligting, nie die vae taak van die hele gemeenskap kan wees nie, maar indien dit doeltreffend gedoen wil word, die taak en verantwoordelikheid van 'n bepaalde organisasie van die gemeenskap moet wees.

b. <u>Die arbeidsdepartement</u>.

Die mening dat beroepsvoorligting nader aan die terrein van die arbeidsorganisasies lê, aangesien dit die arbeidsaspek van die gemeenskap se welvaart ten doel het, geld in sommige Europese lande. In Nederland en Engeland byvoorbeeld skakel die buro's wat beroepsleiding gee direk met die Departement van Arbeid.[1)]
In Suid-Afrika is dit die gesamentlike verantwoordelikheid van die Unie-Departement van Arbeid en

die......./19

1) Holthuizen: Studie over Voorlichting by Beroepskeuze in Nederland.
Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World.
Kaplan: Encyclopedia of Vocational Guidance.

die verskillende Onderwysdepartemente.[1]

Hoewel dit nie uitdruklik so bepaal is nie, is die skole veronderstel om vir beroepsvoorligting aan die jeugdiges wat nog op skool is, verantwoordelik te wees, „veral vir die aspekte van beroepsvoorligting ten opsigte waarvan die skool in 'n strategiese posisie is, nl. die sistematiese studie van die indiwiduele kind, die verskaffing van inligting in verband met die wêreld se werk en voorligting voordat hy die skool verlaat."[2]
Die Departement van Arbeid sou dan deur middel van die Jeugrade verantwoordelik wees vir beroepsvoorligting aan jeugdiges wat die skool reeds verlaat het en veral ten opsigte van plasings- en nasorgdiens. Hierdie jeugrade wat na aanleiding van die Jeugdige Personen Wet van 1921 in die lewe geroep is en waarvan daar in 1945 twee-en-twintig vir blankes in die vernaamste stedelike gebiede van die Unie was, bestaande uit verteenwoordigers van werkgewers-, werknemers- en maatskaplike en onderwysorganisasies in die betrokke gebiede, het volgens die Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys na 27 jaar „nog nie iets wat naby aan 'n wetenskaplik ingestelde jeugwerkverskaffingsdiens, wat georganiseer is om diegene te bereik wat behoefte daaraan het" bereik nie.[3]
Hulle was nog nie in staat om op sistematiese en wetenskaplike wyse inligting oor die jeugdiges wat na hulle gekom het, te versamel nie.[4]

Sommige......../20

---

1) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 214, par. 1577.
2) Dies., 214, par. 1578.
3) Dies., 220, par. 1621.
4) Onder die Wet op Registrasie vir Werk van 1945 word skole nou egter verplig om 'n afskrif van die kumulatiewe verslagkaart van die leerling wat die skool vir goed verlaat aan die plaaslike jeugraadkantoor te stuur.

Sommige jeugrade het wel 'n waardevolle bydrae gelewer deur die verskaffing van beroepsinligting aan jeugdiges.[1) „Voorligting in die sin van opvoedende persoonlike bespreking wat die jeugdige sal lei om helderder oor sy vraagstuk te dink, om 'n beter begrip en waardering te kry, skyn," aldus genoemde kommissie, „die uitsondering en nie die reël te wees nie".[2)

Ten opsigte van plasingswerk het die jeugrade blykbaar algaande groter dienste gelewer, alhoewel slegs in enkele indiwiduele gevalle van wetenskaplike metodes in die verband gebruik gemaak is.

Ook ten opsigte van nasorgwerk het die jeugrade veel gedoen om die jeugdige werkers se inpassing in die nuwe maatskaplike en arbeidswêreld te vergemaklik deur byvoorbeeld voortsettingsklasse te reël, opleidingsfasiliteite te probeer skep, hulle te beywer vir nuwe beroepsopleidingskursusse aan onderwysinrigtings en vir koshuise vir jeugdige en laagbesoldigde werkers, en in enkele gevalle selfs nasorgstudies van jeugdiges wat in werk geplaas is, te onderneem. Van beroepsnavorsing deur die jeugrade was daar oor die algemeen weinig sprake.

Die genoemde Jeugdige Personen Wet van 1921 is in 1945 vervang deur die Wet op Registrasie vir Werk. Dit het die verskillende aspekte van beroepsvoorligting onder die Departement van Arbeid op veel vaster grondslag geplaas.[3)

In 1945......./21

1) Vgl. byvoorbeeld Die Loopbaangids, 'n maandblad deur die Sentrale Jeugraad van die Witwatersrand, sedert 1933 gepubliseer. In 1950 is dit vervang deur My Loopbaan, uitgegee deur voorgenoemde liggaam in samewerking met die Nasionale Buro vir Beroepsinligting van die Departement van Arbeid.
2) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 220, par. 1625.
3) Wet no. 34, 1945.

In 1945 het die Departement van Arbeid 'n groot voorwaartse stap gedoen met die belê van 'n verteenwoordigende konferensie van belanghebbendes en waaruit voortgevloei het die samestelling in November van daardie jaar van 'n Interdepartementele Komitee waarin verteenwoordig is die onderskeie onderwysdepartemente, die Departement van Arbeid, die Departement van Volkswelsyn, die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing en die Buro vir Personeelnavorsing met die Organiseerder van Jeugrade, verteenwoordigende die Departement van Arbeid, as voorsitter. Die doel van hierdie komitee was om „alle funksies en bedrywighede van beroepsvoorligting (insluitende werkverskaffing en nasorg) soos onderneem deur die onderskeie departemente en liggame, te koordineer."[1]

'n Skema wat deur die komitee opgestel is en wat beoog het die „nasionale ontwikkeling en koordinasie van beroepsvoorligtingsdienste"[2] is deur al die betrokke departemente in beginsel aanvaar en het onder ander bepaal:

i. dat die onderwysdepartemente verantwoordelik moet wees vir beroepsvoorligting aan leerlinge wat nog op skool is en dat dit die veld voor opleiding sal dek, naamlik die studie van die indiwidu en die verskaffing van beroepsinligting;

ii. dat die Departement van Arbeid verantwoordelikheid sal aanvaar vir beroepsvoorligting aan diegene wat alreeds die skool verlaat het, onder andere ten opsigte van:

(1) 'n jeugwerkverskaffingsdiens,
(2) 'n nasorgdiens ten opsigte van geplaaste jeugdiges vir minstens 5 jaar na plasing....../22

1)Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 223, par. 1644.
2)Dieselfde, 223, par. 1649.

plasing,
(3) samewerking met die Departement van Volkswelsyn ten opsigte van verblyfplek vir laagbesoldigde werkers van die platteland in die stede, en
(4) 'n beroepsnavorsingsdiens;

iii. dat die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing en die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing ('n tak van die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad, in 1946 in die lewe geroep) verantwoordelik sal wees vir die beskikbaarstelling van beroepstoetse;

iv. dat 'n kumulatiewe verslagkaart deur alle blanke skole daarop nagehou sal word vir gebruik deur onderwys- en arbeidsowerhede;

v. dat universiteite opleidingskursusse vir skoolvoorligters en jeugwerkverskaffers instel; en

vi. dat vir 'n nasionale beroepsvoorligtingstydskrif voorsiening gemaak word.[1)]

Aan baie van hierdie aanbevelings is sedertdien uitvoering gegee.

Uit die voorafgaande beknopte samevatting van die Unie-Departement van Arbeid se aandeel in beroepsvoorligting, is dit duidelik dat die arbeidsowerhede in Suid-Afrika 'n belangstellende en aktiewe aandeel het of van voorneme is om te hê in beroepsvoorligting aan jeugdiges en dat die onderwysorganisasies se pogings in die verband nou daarmee verbonde is.

c. Die skool...../23

---

1) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 223, parr. 1650 - 1656.

c. Die skool.

Daar is reeds hierbo daarop gewys dat beroepsvoorligting 'n inherente deel van die opvoedingsproses is.[1] Dis dan ook verstaanbaar waarom beroepsvoorligting as 'n georganiseerde en doelbewuste poging tot groter en doeltreffender aanpassing van die indiwidu by die beroepsaspek van die gemeenskap op die terrein van die opvoedkunde gesoek word. In die alledaagse lewe word daaronder verstaan die skool.

In die omgewingspatroon waarby die jeugdige hom moet aanpas - die huis, die kerk, die skool en ander terreine van die gemeenskap, beklee die skool 'n baie belangrike plek.
Die skool as een van die vernaamste opvoedingsterreine in die jeugdige se wordingsjare, se aandeel ten opsigte van beroepsvoorligting kan nie ontken word nie, selfs nie deur diegene wat van mening is dat die skool nie die aangewese organisasie is om die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar nie.[2]

Die skool met sy wydvertakte opvoedkundige werksaamhede leen hom om verskillende redes meer as enige ander gemeenskapsorganisasie ook tot hierdie aktiwiteit:

i. In die eerste instansie is dit die plek waar die jeug onder georganiseerde en beheerde omstandighede en geskoolde opvoedkundige leiding byeengebring word om daar 'n groot deel van hulle vernaamste wordingsjare lank nou daarmee verbonde te bly.

ii. Van ............/24

1) Vgl. bl. 8, par. 3a: Beroepsvoorligting en opvoeding.
2) Holthuizen: Studie over Voorlichting by Beroepskeuze in Nederland, 136.

ii. Van al die gemeenskapsorganisasies word die skool uit hoofde van sy noue aanraking met die jeug in staat gestel om die betroubaarste inligting oor die jeug te bekom. Dit kom in noue voeling met die kinders se huislike omstandighede en leer hulle fisiese en intellektuele vermoëns ken. Deur hulle saamleef met ander jeugdiges tree baie van hulle karakter- en temperamentseienskappe na vore. Daar is die gulste geleentheid om hulle gedurende die vernaamste ontplooiingsjare en ontwikkelingsfases van hul lewe dop te hou.

A.J. Jones praat in die verband van die „strategic position of the school in guidance", veral as gevolg van sy spesiale en intieme kennis van die kind se vermoëns, sy lang en noue kontak met die kind en die objektiewe aard („disinterested character") daarvan.[1]

iii. Die gemeenskap het vertroue in die skool. Dit blyk duidelik uit die groter verantwoordelikhede, sowel ten opsigte van omvang as aard, wat aan die skool opgedra word.
Aanvanklik is van die skool verwag om die kind te „leer", dit wil sê om suiwer onderwys te verskaf. Algaande is egter ook van hierdie gemeenskapsorganisasie verwag om sorg te dra ten opsigte van die kind se fisiese, psigiese en kulturele welsyn: voeding en mediese toesig, beroepsvoorbereiding en algemene sosiale aanpassing en opvoeding in die breëre betekenis.
Die skool word vertrou om van al die gemeenskapsorganisasies die belange van die jeug die beste te kan behartig.

J.M. Brewer........./25

1) Principles of Guidance, 120.
Vgl. ook Swanepoel: Die Beroepskeuse van Hoërskoolleerlinge volgens hulle Belangstellinge en Gesindhede, 24.

J.M. Brewer sê: „...... there is no force which has so far been developed in the movement for vocational guidance which has quite the effectiveness and possibilities as has the school class for the study of vocations."[1)]

Die gemeenskap wil en kan nie sy pligte teenoor die jong wordende lede as toekomstige werkers ontduik nie, maar wil dit nakom deur middel van die skool as sy bes toegeruste organisasie. In die Verenigde State van Amerika, Kanada en baie Europese lande word dit vandag as uitgangspunt aanvaar.[2)]

Alhoewel die skool blykbaar die mees aangewese organisasie binne die gemeenskap is om onder andere die taak van beroepsvoorligting waar te neem, moet so 'n deskundige en omvattende onderneming van sosiaal-psigies-opvoedkundige aard nie as 'n taak uitsluitlik vir die skool aanvaar word nie.
Daar moet voortdurend in noue voeling gebly word met, en gebruik gemaak word van metodes en kennis van 'n verskeidenheid wetenskappe soos byvoorbeeld die Sielkunde in al sy vertakkinge waaronder beroeps-, kliniese en kindersielkunde, die Sosiologie, die Ekonomie, die Filosofie en die Geneeskunde.[3)]

<u>Beroepsvoorligting die taak van die na-primêre skool.</u>

Vervolgens is daar die vraag op watter stadium van die jeugdige se skoolloopbaan beroepsvoorligting die wenslikste is: is dit die taak van die primêre of na-primêre skool, en waarom?

As......../26

---

1) Vocational Guidance through the life-career class: School and Society, Vol. VI, Nr. 150, Nov. 1917. Opgeneem in Allen and Kitsoh: Practice in Vocational Guidance, 39.
2) Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World;
Myers: Principles and Techniques of Vocational Guidance.
Kaplan: Encyclopedia of Vocational Guidance.
3) Swartz: Beroepsvoorligting en Skoolvoorligting, My Loopbaan, Aug. 1952, 15.
Prinsloo: Doel, Beginsels en Metodes van Beroepsvoorligting: Beroepsvoorligting in na-primêre skole, 8.

As aanvaar word dat die primêre of laerskool hom besig hou met „those things which are the common need of all without regard to sex or occupation,"[1]: algemene onderwys wat die fundamentele aspekte van 'n gesonde lewenshouding by die kind wil ontwikkel, ongedifferensieerde onderwys waar die soek na die kind se aanleg en ander vermoëns nie eerste oorweging is nie, wil dit voorkom of die laerskool hom nie juis leen tot beroepsvoorligting nie:[2]

i. In die kinderjare 6 - 13 is die kind se belangstelling in die eerste instansie nog baie vaag, oppervlakkig en wispelturig. Sy vermoëns het nog nie tot 'n duidelike vorm ontwikkel nie, en die beroepslewe lê vir hom nog te ver in die toekoms om hom daaroor te bekommer.

ii. Die aantal blanke jeugdiges wat vandag vanuit die laerskool die beroepswêreld betree, kan weens die geringe aantal buite rekening gelaat word.

iii. Die kind dink in hierdie lewenstadium nog nie aan 'n beroep as 'n praktiese lewenswerklikheid nie, en behalwe as uiters jeugdige idealisme, het dit nie 'n plek in sy toekomsplanne nie. Eers wanneer hy voor 'n vakkeuse by sy toetreding tot die na-primêre skool te staan kom, en dit vir hom begin duidelik word dat vakkeuse iets met sy toekomsplanne te doen het, begin hy vaagweg daaroor te begin dink.[3]

As die opvoedkundige beginsel dat die kind se opvoeding en onderwys by sy rypheid en bevatlikheid moet aanpas, as uitgangspunt dien, is dit duidelik dat beroepsvoorligting aan 'n be-

roepsbewus-......./27

---

1) Myers: Principles and Techniques of Vocational Guidance, 92.
2) Vgl. Groenewald: Handleiding in Beroepsvoorligting, 23 - 25.
Myers, a.w., hfst. VI, 91-103.
3) Myers, a.w., 6.

roepsbewuswordende jeugdige by die na-primêre skool tuishoort.

5. DIE MIDDELBARE SKOOL EN BEROEPSVOORLIGTING.

'n Omvattende beroepsvoorligtingsdiensprogram, dit wil sê, 'n program waarin die jeugdige gehelp word om 'n beroep te kies, daarvoor voor te berei, daarin toe te tree en daarin vordering te maak, sluit volgens G.E. Myers agt dienste in:[1]

a. 'n beroepsinligtingsdiens - die verskaffing van inligting oor die verskillende beroepe: watter soort werk die beroep insluit, werksomstandighede, vereistes wat die beroep aan die werker stel, opleiding, vergoeding, ens.;

b. 'n selfinventariële diens: „concerned with aiding the individual to obtain equally needed information pertaining his own abilities, aptitudes, limitations, and personality traits - his personal assets and liabilities";[2]

c. 'n diens waarin die indiwidu gehelp word om sy eie vermoëns en tekortkominge te stel teenoor die vereistes en geleenthede van die beroep(e) waarin hy belangstel, en om verder planne te beraam na aanleiding van sy gedane keuse;

d. 'n diens waarin inligting oor die betrokke jeugdige versamel word vir gebruik deur die voorligter gedurende die persoonlike onderhoude;

e. 'n beroepsvoorbereidings- of beroepsopleidingsdiens;

f. 'n plasingsdiens;

g. 'n nasorgdiens; en

h. 'n navorsingsdiens.

Alhoewel....../28

1) Principles and Techniques of Vocational Guidance, hfst. VII, 105 -.
Vgl. ook New York State Department of Education. Aangehaal deur Keller & Viteles: Vocational Guidance throughout the World, 60.
2) Myers: a.w., 104 - 105.

Alhoewel toegegee word dat so 'n omvattende beroepsvoorligtingsdiens buite die vermoë van die meeste na-primêre skole is, meen laasgenoemde skrywer tog dat „if the program is to be highly effective it is necessary not only that provision be made for all of the services but also that each be performed in an efficient manner."[1)]

In hoeverre die skool se verantwoordelikheid ten opsigte van beroepsvoorligting sal strek, sal in elk geval afhang van die aard en omvang van die belanghebbende en belangstellende organisasies in elke land volgens die bestaande organisatoriese stelsel wat die beste aanpas by eie omstandighede.[2)]

## 6. DIE BEROEPSVOORLIGTER.[3)]

Soos reeds verduidelik is, word met voorligting bedoel om voor te lig, dit wil sê om die weg aan te wys. In die proses is twee indiwidue direk betrokke: die een aan wie die weg gewys word, dit is, die een wat voorgelig word; en die een wat die weg aanwys, wat voorlig: die voorligter.

F.J. Keller en M.S. Viteles gee in hulle werk 'n beknopte, dog omvattende omskrywing van die voorligter en sy werk as hulle verklaar dat „Counselor means the staff member who works with individual pupils and co-ordinates the efforts of parents, community agencies, teachers and specialists in the educational and vocational adjustment, character development and post-school

plans....../29

1)Myers:Principles and Techniques of Vocational Guidance, 107.
2)Vgl. bv. aanbevelings van Interdepartementele Komitee, soos hiervoor saamgevat: 21 -.
3)Onder die Transvaalse Onderwysdepartement word daar gepraat van beroepsvoorligters en onderwyser-voorligters. Eersgenoemdes is verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement se Buro vir Beroepsvoorligting; laasgenoemdes is diegene wat vir die vak in die skole verantwoordelik is.

plans of individual pupils."[1)]

Hulle verduidelik dan verder dat dit die beroepsvoorligter se taak in die skool is om in samewerking met die hoof, die voorligtingsprogram te beplan, te organiseer en te lei (to direct), en in voeling te bly met die ouers en gemeenskapsorganisasies in verband met gesondheids-, maatskaplike, sedelike, huislike en beroepsprobleme van die leerlinge. Verder moet die beroepsvoorligter met leerlinge samesprekings voer oor leerplan-, buitemuurse en aanverwante probleme, voorligting gee in verband met opvoedkundige en beroepsmoontlikhede, kumulatiewe verslae van die leerlinge hou, plasing van leerlinge organiseer en administreer en daarna 'n nasorgdiens daarop nahou.[2)]

Skrywers stem dan ook saam dat om so 'n wye en tog gespesialiseerde taak met sukses te verrig, spesiale eise aan die voorligter stel.

„Since the service of vocational guidance is of such a growing importance and of such a specialized nature, it is evident that it should be given only by persons having the necessary personal qualities and special experience and training."[3)]

Uit die voorafgaande paragrawe oor beroepsvoorligting en die omvang van 'n omvattende beroepsvoorligtingsprogram is dit duidelik dat die beroepsvoorligter 'n onontbeerlike skakel in die

hele......./30

---

1) Vocational Guidance throughout the World, 60. Vgl. ook Riemersma: Beroepsvoorligting in Transvaalse Skole. Lesing gehou tydens inspekteurskonferensie, Pretoria, 1952.
2) Keller & Viteles, a.w., 60.
3) Verslag van White House Conference on Child Health and Protection: IIID: Vocational Guidance, 15. Vgl. ook Brewer: Vocational Guidance through the life-career class. School and Society, Vol.VI, Nr. 150, Nov.10, 1917. Opgeneem in Allen and Kitson: Practice in Vocational Guidance, 44. Allen: Organization and Supervision of Guidance, 6.

hele beroepsvoorligtingsproses is en veral by die psigo-terapeutiese onderhoude 'n noodsaaklike katalisator.

## SAMEVATTING.

Beroepsvoorligting as een van die soorte voorligting poog om die jeugdige te help om homself te help in sy voorbereiding vir 'n harmoniese inpassing in die beroepslewe. Hierdie beroepsvoorligtingsproses moet metodies, sistematies en doelbewus verloop en sluit in leiding aan die jeugdige om 'n beroep te kies, hom daarvoor voor te berei, daarin opgeneem te word en daarin vordering te maak.

Beroepsvoorligting is noodsaaklik omdat die beroepsvoorligtingsproses 'n deel van die wyere opvoedingsproses is, en omdat indiwidue enersyds van mekaar verskil terwyl vereistes van beroepe aan werkers andersyds nie eners is nie. In die moderne tyd het dit veral aktueel geword as gevolg van die groter vryheid van die indiwidu om 'n beroep volgens eie oordeel te kies, en die omvang en verskeidenheid van beroepe waaruit gekies kan word grootliks vermeerder het.
Hierby kan nog gevoeg word die feite dat die persoonlike geluk en welvaart van die indiwidu, sowel as dié van die gemeenskap en die staat nou verbonde is met regte beroepsinpassing.

Alhoewel die arbeidsowerhede 'n groot aandeel en belangstelling in die beroepsvoorligtingsprogram het, is dit veral die skool, en wel die naprimêre skool, wat om verskillende redes daarvoor verantwoordelik behoort te wees.

In die hele beroepsvoorligtingsproses beklee die beroepsvoorligter 'n baie belangrike plek.

# HOOFSTUK II.

## HISTORIESE ONTWIKKELING VAN BEROEPSVOORLIGTING ONDER DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

### 1. HISTORIES.

Sedert die vroegste tye was voorligting in verband met persoonlike, opvoedkundige en beroepsvraagstukke in wese aan die opvoedkunde nie onbekend nie. Tereg is deur een skrywer opgemerk dat die goeie onderwyser deur die eeue heen altyd opgetree het as die persoonlike vriend en raadgewer van sy leerlinge. Wat wel nuut is, verklaar genoemde skrywer, en hy moet sonder twyfel gelyk gegee word, is die groter beklemtoning van hierdie aspek van die onderwyser se taak in die moderne samelewing, en daarby die feit dat dit noodsaaklik geword het om hierdie werk in die skoolstelsel te organiseer.[1] Dit geld ook vir die toestand in die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement.

In die dae van ongeorganiseerde en terloopse beroepsvoorligting het onderwysers inderdaad dikwels met leerlinge hulle loopbaanprobleme bespreek en voorligting gegee waar dit nodig was en verlang is. Daar is nie slegs in verband met beroepsprobleme leiding gegee nie, maar dikwels is daadwerklik gehelp om leerlinge in 'n werk geplaas

te kry....../32

1) Swartz: My Loopbaan, Aug. 1952, 16.
Vgl. ook Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 216, par. 453.

te kry. Al het die klem nou nie altyd op "vir die leerling geskikte werk" geval nie, was die strewe tog onbewus in die rigting. Die Transvaalse Onderwysdepartement was ook bewus van hierdie toestand en het dit op prys gestel. So word byvoorbeeld in 'n omsendbrief van 1934 die hoop uitgespreek dat hoofde van skole sal voortgaan om geskikte werkkringe vir leerlinge wat die skool verlaat, te vind.[1)]

Die genoemde departement het ook van tyd tot tyd onderwysers en leerlinge se aandag gevestig op beroepsinligting wat beskikbaar was.[2)] Dit was egter alles onplanmatig en virsover dit die skole aangaan, ongeorganiseerd.

Georganiseerde beroepsvoorligting het in die skoolstelsel van die Transvaalse Onderwysdepartement eintlik eers in 1936 begin met die aanstelling van dr. M.J. Prinsloo as „lektor in beroepsvoorligting". Sy taak was om organisasiewerk te doen, lesings aan onderwyserskolleges te gee en skole te besoek om ook daar lesings en advies in verband met beroepe en beroepsvoorligting te gee.[3)]

Dr. Prinsloo het dan ook inderdaad baanbrekerswerk gedoen in hierdie aanvangsjare van doelbewuste beroepsvoorligting. Aan die einde van 1937 kon reeds gerapporteer word dat benewens die twee skoolplase, ook ander skole besoek is, meesal

plattelandse...../33

1) T.O.D. Omsendbrief, no.5, Okt.1934, 29,item 85.
2) T.O.D. Algemene Omsendbriewe, Junie 1923 - Feb. 1934, no. 1, Feb. 1936, 13, item 8.
3) T.O.D. Algemene Omsendbrief, no. 1,Feb.1936,21, item 25.

plattelandse en delweryskole. Dit was egter na twee jaar nog nie moontlik om 'n rondte by al die hoër- en intermediêre skole te doen nie. Daar was toe reeds belangstelling van groot plattelandse skole met Standerd VI-klasse, maar hulle het destyds nog buite die werksaamhede van die beroepsvoorligter geval. Geslaagde plasingswerk, veral van plattelandse jeugdiges in stedelike gebiede was ook reeds onderneem.

By die skole self was daar gedurende skooltyd maar nog betreklik weinig tyd bestee aan die bespreking van beroepsvraagstukke. Sommige skole het dit wel moontlik gevind om een periode per week daarvoor af te staan, ander het volstaan met 'n paar praatjies aan die einde van die jaar.

Die beroepsvoorligter het die gebrek aan belangstelling toegeskryf aan die feit dat die doel en aard van beroepsvoorligting nog nie begryp is nie. „Solank beroepstudie," skryf hy, „dan ook bloot beskou word as 'n baie oppervlakkige kennis van enkele soorte beroepe - of dit beter betaal om 'n jokkie of 'n sprinkaanbeampte te word - in stede van 'n intelligente oriëntering in die sosiaal-ekonomiese struktuur van ons hedendaagse landsprobleme wat besonder groot prakties-kulturele opvoedingswaarde kan besit, sal dit seker nie die moeite werd geag word om daar ten minste een periode per week aan te gee nie."[1]

Blykbaar...../34

1) T.O.D. Jaarverslag, 1937, 143.

Blykbaar om groter belangstelling by skole aan te wakker, versoek die Departement die volgende jaar hoofde van skole om verslae en aanbevelings van dr. Prinsloo tydens sy besoek aan 'n skool, in die skool se logboek te skryf sodat 'n permanente rekord daarvan gehou kan word.[1]

Van die ouers se kant, aldus die verslag van die beroepsvoorligter, is daar gebrek aan belangstelling in die amptelike poging om leerlinge te help ten opsigte van hulle verdere loopbaan, en 'n neiging om te dink dat dit hulle (die ouers se) eie saak is.

Verder word daar ook gewys op die groter behoefte om werkgewers, werksplekke en die werkende jeug te besoek om sodoende beter kontak met die werkswêreld te maak.[2]

Verdere uitbreiding van die diens is weldra besef. Soos die toestande destyds (1938) was.kon die beroepsvoorligter uiters elke drie jaar 'n skool besoek, terwyl kontak met die werkswêreld buite die kwessie was.[3] In 1942 is dan ook 'n tweede beroepsvoorligter aangestel en in 1943 was daar reeds drie. Sedert 1948 was daar vyf.[4] Administratiewe personeel is ook by die beroepsvoorligters gevoeg en so het die Beroepsvoorligtingsburo van die Transvaalse Onderwysdepartement ontstaan met sy setel in Johannesburg[5] waar die

publiek,...../35

1)T.O.D.Algemene Omsendbrief, no.4,Junie 1938,59, item 44.
Vgl. ook no. 6, Okt. 1938, 123, item 97.
2)T.O.D. Jaarverslag, 1937.
3)T.O.D. Jaarverslag, 1938.
4)T.O.D. Algemene Omsendbrief, no.3,1948,item 43.
5)Aan die begin van 1955 is die buro na Pretoria verskuif.

publiek, veral onderwysers, ouers en kinders die geleentheid gehad het, en nog het, om die beroepsvoorligters te raadpleeg in verband met sake van opvoedkundige, psigologiese, ekonomiese en sosiale aard ten opsigte van beroepe en beroepskeuse.

Mettertyd is onderwysers by die verskillende skole deur die buro se beroepsvoorligters opgelei om die Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets af te neem, 'n taak wat voorheen deur die beroepsvoorligters self gedoen moes word. Teen 1944 was daar al 44 onderwysers hiervoor gesertifiseer.[1] Ook is aandag geskenk aan ander soorte toetse wat gebruik kon word ten einde 'n betroubaarder en objektiewer oordeel oor 'n indiwidu se vermoëns te vel.[2]

Die publiek het stadigaan vertroue in die buro se werk gekry: al meer en meer is van die buro se dienste gebruik gemaak, terwyl daar ook 'n nouer verband met die beroepswêreld opgebou is.[3]

In 1944 is 'n aanvang gemaak om in 'n reeds lank gevoelde behoefte te voorsien: daar is begin om op georganiseerde wyse deskundige inligting oor beroepe tot die beskikking van skole te stel. 'n Reeks brosjures oor verskillende beroepe is in gereedheid gebring en die doel daarvan was om:

a. beroeps-...../36

1) T.O.D. Jaarverslag, 1944.
2) Dies., 1943, 1945.
3) Dies., 1943, 1944.

a. beroepsinligting aan onderwysers en moontlike skoolverlaters beskikbaar te stel;

b. 'n objektiewe benadering van die voor- en nadele van beroepe te verskaf;

c. leerlinge se belangstelling te prikkel vir die bydraes van verskillende beroepe tot die volkslewe;

d. „leerlinge se gedagtes op 'n hoër peil te bring wat betref die moontlikhede van diens wat elke beroep aanbied."[1]

In bogenoemde jaar is 'n ander groot ondersoek deur die buro in verband met skoolverlaters aangepak, naamlik om vas te stel:

a. waarom leerlinge van Standerd VI - VIII die skool vir goed verlaat;

b. watter beroepsleiding deur sommige van hierdie skoolverlaters gevolg word; en

c. watter soort werk hulle vind.[2]

Vir die ondersoek is die samewerking van hoofde en sekere personeellede van 25 plattelandse, en twee stedelike hoërskole, 28 junior-hoërskole, 30 intermediêre skole en 9 skoolplase verkry, verteenwoordigende 5,058 leerlinge. Daarna is die gegewens verwerk en in 1945 bekend gemaak,[3]

Die buro het nie slegs op die waarde van rolprente ten opsigte van beroepsvoorligting gewys nie, maar het self 'n aanvang gemaak met die vervaardiging van geskikte rolprente in samewerking met ander organisasies.[4]

1948....../37

1)T.O.D. Jaarverslag, 1944.
2)Dieselfde.
3)Dieselfde, 1945.
4)Dieselfde, 1947, 1948.

1948 was vir beroepsvoorligting onder die Transvaalse Onderwysdepartement 'n belangrike jaar:

a. Die aantal beroepsvoorligters is na 5 vermeerder.

b. 'n Voorgestelde leerplan vir beroepsvoorligting is deur die Departement aan skole beskikbaar gestel.[1]

c. Beroepsvoorligting is as 'n verpligte nie-eksamenvak by die kurrikulum van alle naprimêre klasse ingevoer.[2]

d. Elke na-primêre skool sou voortaan sy eie onderwyservoorligter hê om die verskillende aspekte van beroepsvoorligting in die betrokke skool te behartig.[3]

e. 'n Kumulatiewe verslagkaart. Ed.Lab. 1, het in werking getree waardeur dit moontlik geword het om kumulatiewe gegewens oor leerlinge te versamel.[4] Vir voorligtingsdoeleindes was dit sonder twyfel 'n groot voorwaartse stap.

f. 'n Kort kursus vir onderwyser-voorligters om hulle te help met die taak wat aan hulle toevertrou is, is gedurende die Aprilvakansie van 1948 in Johannesburg gehou. Dit het ingesluit:

   i. lesings deur beroepsvoorligters oor verskillende aspekte van beroepsvoorligting;

   ii. praatjies deur werkgewers of verteenwoordigers van werkgewers;

   iii. besoeke deur kursusgangers aan werksplekke.[5]

Met...../38

---

1)T.O.D. Leerplan vir Beroepsvoorligting, 1948. Later ingesluit in die Leerplanne vir die Middelbare Skool. Handboek, 1952, 204.
2)T.O.D. Omsendbrief,no.2,1947,12, item 13,afd. c3.
3)T.a.p.
4)T.a.p.
5)T.O.D. Beroepsvoorligting in Na-Primêre Skole, Beroepsvoorligtingsburo, 1948.

Met die aftrede van die eerste beroepsvoorligter van die Transvaalse Onderwysdepartement, dr. M.J. Prinsloo, in 1951, het die werk van die beroepsvoorligtingsburo al 'n wye omvang aangeneem:

a. In die loop van genoemde jaar is byvoorbeeld 272 laerskole, 131 na-primêre skole en 3 onderwysersopleidingskolleges deur beroepsvoorligters besoek.

b. 'n Aanvang was reeds gemaak met die afneem van twee I.K.-toetse van alle leerlinge voordat hulle die laerskool verlaat. Die gevolg was dat tesame met die kumulatiewe verslagkaarte, leerlinge in die na-primêre skool baie doeltreffender geplaas kon word.

c. 'n Tweede kort kursus vir onderwyser-voorligters is in Maart 1951 in Johannesburg gehou waar onderwyser-voorligters self uit hulle kennis en ervaring aan mede-kollegas meegedeel het.[1]

d. Die taak om films in verband met beroepsvoorligting aan skole beskikbaar te stel, is volgehou. Agt was reeds met behulp van die buro vervaardig, terwyl vyftig ander by die Filmburo van die Unie-Onderwysdepartement verkrygbaar was.

e. Die gegewens wat van skole ingewin is, is verwerk, en in 'n reeks tabelle is die bevindinge gegee, onder andere:

i. in verband met skoolprestasies:

(1) die I.K. van leerlinge wat geslaag het is vergelyk met dié van leerlinge wat gedruip het in Standerd V - X,

(2) die I.K. van leerlinge wat in die

Junior ...../39

1) T.O.D. Praktiese probleme i.v.m. Beroepsvoorligting, Beroepsvoorligtingsburo, 1951.

Junior Sertifikaateksamen geslaag het, is oor 'n tydperk van 10 jaar vergelyk met dié van leerlinge wat in genoemde eksamen gedruip het,

(3) die I.K. van leerlinge wat in die Matriekeksamen geslaag het, is oor 'n tydperk van 5 jaar met dié wat in hierdie eksamen gedruip het, vergelyk;

ii. in verband met skoolverlaters:

(1) die I.K.-verspreiding is getabuleer en dit is vergelyk met die beroepe waarin toegetree is,

(2) ook hulle skolastiese kwalifikasies is nagegaan,

(3) verder is die aantal Standerd X's wat daarna universiteitsopleiding volg, vasgestel;

iii. die buro het ook in tabelle saamgevat die I.K.[s] van leerlinge en die aantal in verskillende Standerds wat beroepsopleiding gevolg het en die aard daarvan, byvoorbeeld ambagsopleiding, huishoudkundeopleiding, landbou-opleiding, ens.[1)]

Die betrokke buro kon dus teen die uitgang van die veertiger jare reeds inderdaad op 'n tydperk van vrugbare vooruitgang terugkyk, terwyl sy werksaamhede 'n al groter veld ten opsigte van beroepsvoorligting gedek het.

2. DOELSTELLING.

Dit is duidelik dat die doelstelling van be-

roepsvoorlig-..../40

---

1) T.O.D. Jaarverslag, 1950 en 1951.

roepsvoorligting van ampsweë met die jare 'n verandering ondergaan het. Aanvanklik, voordat daar sprake van sistematiese en georganiseerde beroepsvoorligting was, was die strewe om leerlinge wat die skool verlaat in 'n werk geplaas te kry.[1) ] Mettertyd is ook getrag om die gesigsveld van leerlinge ten opsigte van die verskeidenheid beroepe te verbreed deur aan beroepsinligting aandag te skenk, met ander woorde, om 'n mate van 'n beroepsinligtingsdiens te verskaf.

Met die aanvang van georganiseerde beroepsvoorligting het die inligtingsdiens deur middel van die beroepsvoorligters 'n groot stoot vooruit gekry en is ook doelbewus aan plasing aandag geskenk. Sover moontlik is ook indiwiduele voorligting verskaf, terwyl die publiek, veral die skoolgemeenskap, stadigaan bewus gemaak is van die belangrikheid van oordeelkundige beroepskeuse en -voorbereiding. Die owerheid het dus belang begin te stel in wat van die kind word nadat hy die skool verlaat het.[2)]

Pogings is aangewend om deur middel van intelligensie- en aanlegstoetse en met behulp van versamelde gegewens oor die indiwidu 'n duideliker beeld van hom te kry met die oog op leiding in verband met beroeps- en opvoedkundige probleme.

Voorligting...../41

---

1)T.O.D. Algemene Omsendbrief, no.5, Okt. 1934, 29, item 85.
Vgl. ook bl.31 hiervoor.
2)Vgl. T.O.D. Jaarverslag, 1937 en 1938.

Voorligting het egter nie net tot beroepe beperk gebly nie. Die behoefte aan algemene voorligting is weldra besef. So meld die beroepsvoorligter in sy jaarverslag van 1942: „Wanneer dit egter by die eintlike lewensprobleme kom, dan is dit die beroepsvoorligter se taak om in die eerste instansie diegene te help wat dit moeilik vind om hulle self te help. Intensiewe bestudering van 'n groot verskeidenheid van indiwiduele, afwykende gevalle word dus 'n noodsaaklikheid."[1] Daar word dan verder gewys op die doel en taak wat beroepsvoorligting beoog onder andere 'n studie van „probleemgevalle wie se aanpassing aan die lewenseise besondere aandag verdien."[2]

Die doelstelling soos uiteengesit in die leerplan vir beroepsvoorligting sluit in om:

„1. elke leerling die belangrikheid te laat besef van die groot verskeidenheid werkers in die sosiaal-ekonomiese samelewing;

2. elke leerling sy eie moontlikhede te laat besef as mens en as samewerker in die Suid-Afrikaanse samelewing;

3. elke leerling insig te gee in die moontlikhede en moeilikhede van elke soort werk wat hy of sy eendag sal doen óf waarmee hy of sy as burger in aanraking sal kom;

4. elke leerling die regte verhouding in die samelewing te laat besef tussen werkgewer en werknemer, en tussen werkgewers en werknemers onderling."[3]

Kortliks....../42

1) T.O.D. Jaarverslag, 1942, 59.
2) T.a.p.
3) T.O.D. Leerplan vir Beroepsvoorligting, 1948, 2.

Kortliks beteken dit om die indiwidu 'n insig in die sosio-ekonomiese samelewing te gee en sy rol daarin as lid daarvan, met ander woorde, om by die indiwidu die regte gesindhede te kweek. Verder word beoog om „elke leerling te help om 'n keuse van 'n lewenstaak te maak wat gegrond is op die kennis van homself en van die beroepe," dit is, beroepskeusevoorligting.

Daar word ook daarna gestreef om „elke leerling voorligting te gee aangaande skoolvakke,metodes van werk, persoonlikheidsontwikkeling en naskoolse studie.": opvoedkundige voorligting, met ander woorde.

'n Verdere doelstelling is om „by elke leerling 'n liefde in te boesem vir boeke, vriende,studies, stokperdjies en ontspanning saam met andere, wat sal meehelp om hom of haar 'n voller mens en 'n beter burger te maak."[1] Saamgevat dek dit voorligting in verband met vryetydsbesteding.

Deur die hoofberoepsvoorligter word dit dan ook duidelik gestel dat beroepsvoorligting veel meer insluit as voorligting in verband met beroepe:„..... beroepsvoorligting wat eintlik 'n verkeerde term is, sluit baie meer in as wat die woord aandui," sê hy. „Beroepsvoorligting is 'n opvoedkundige, sielkundige en ekonomiese begrip."[2]

Uit die uiteensetting van die onderwyser-voorligter se werk word dit verder duidelik dat be-

roepsvoorligting..../43

1) Riemersma:Beroepsvoorligting in Transvaalse skole. Praatjie gehou tydens Inspekteurskonferensie,Pretoria, 1952.
2) Dieselfde.

beroepsvoorligting beoog:

1. hulp aan die kind om aan te pas by die nuwe skool, nuwe werksmetodes en die nuwe stelsel van onderwys (vak- in plaas van klasonderwys);
2. toesig oor vordering van kind in die skool en in geval van agteruitgang, instel van ondersoek na die oorsake daarvan en, indien moontlik, uit die weg ruim daarvan;
3. die vasstelling van die kind se belangstelling;
4. hulp aan die kind in verband met korrekte vakkeuse;
5. rehabilitasie van afwykendes soos stokkiesdraaiers, diegene wat hulle werk verwaarloos, onrusstokers, ens;
6. hulp aan ouers in verband met vraagstukke wat die kind raak; en
7. leiding in verband met beroepskeuse.[1)]

Uit die verskillende gesigspunte van Departementsweë benader, is dit dus inderdaad „'n geval van 'n beperkte woord wat 'n grotere begrip aandui."[2)]

SAMEVATTING.

Voor 1936 was daar geen georganiseerde beroepsvoorligting in die skole onder die Transvaalse Onderwysdepartement nie. Na die aanstelling van die eerste beroepsvoorligter in daardie jaar het dit egter mettertyd groot vooruitgang gemaak en na mate meer beroepsvoorligters aangestel is en administratiewe personeel bygekom het, het die Beroepsvoorligtingsburo...../44

1) Riemersma: Beroepsvoorligting in Transvaalse skole.
2) Dieselfde.

tingsburo van die Departement algaande doelbewus en sistematies getrag om beroepsvoorligting in die na-primêre skole meer tot sy reg te laat kom.

'n Beroepsinligtingsdiens onder andere deur middel van brosjures en rolprente is tot die beskikking van skole gestel, daar is begin met 'n navorsingsdiens en vanaf 1948 het beroepsvoorligting 'n verpligte deel van die skoolleerplan gevorm. In elke na-primêre skool is van die leerkragte, 'n onderwyser-voorligter genoem, aangestel om verantwoordelikheid vir die vak aldaar te aanvaar.

Die doelstelling van beroepsvoorligting in die middelbare skole van die Transvaalse Onderwysdepartement is wyer as net voorligting in verband met beroepe. Deur middel van die vak word gepoog om leerlinge te help in verband met enige probleme waarmee hulle as lid van die skoolgemeenskap te doen mag kry, en om hulle verder sistematies te lei tot 'n gesonde beroepsoriëntering en beroepsinpassing.

# HOOFSTUK III.

## DIE STAND VAN BEROEPSVOORLIGTING IN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOLE.

### 1. AANLEIDING TOT ONDERSOEK.

As gevolg van waarneminge in die loop van jare se noue voeling met die skoolgaande jeug, gerugsteun deur wetenskaplik aanvaarde waarhede, het sekere verskynsels vir skrywer in die opvoedkunde bo alle twyfel duidelik geword. Met hierdie aanvaarde beginsels as uitgangspunt het vrae opgeduik waarop deur middel van 'n gepoogde objektiewe en onbevooroordeelde ondersoek antwoorde gesoek is.

a. Die mens 'n indiwidu.

Die betrokke wetenskappe, waaronder die Sielkunde, die Opvoedkunde en die Sosiologie, aanvaar dit as 'n waarheid dat mense van mekaar verskil - dat elke mens 'n indiwidu is.

„The outstanding characteristic of man is his individuality," sê G.W. Allport. „He is a unique creation ........ Separated spatially from all other men he behaves throughout his own particular span of life in his own distinctive fashion."[1]

In die moderne Westerse opvoedingstelsel en

-gedagte...... /46

1) Personality, 3.

-gedagte is daar 'n skool wat hierdie indiwidualiteitsbeginsel baie sterk beklemtoon. Volgens hierdie opvoedkundiges moet die indiwidu die volle geleentheid gegee word om volkome te ontplooi volgens die sluimerende potensialiteite in hom. Die andersheid van die indiwidu en sy reg om dit te wees, is hulle uitgangspunt.

„We must hold," meen P. Nunn, een van die uitgesproke voorstanders van hierdie gedagterigting, „that a scheme of education is ultimately to be valued by its success in fostering the highest degrees of individual excellence of which those submitted to it are capable."[1)]

Alhoewel 'n mens jou nie met laasgenoemde sienswyse hoef te vereenselwig nie, is dit nietemin opvallend hoe indiwiduele leerlinge op verskillende stadiums van ontwikkeling op fisiese en psigiese gebied, ten opsigte van onderwys en opvoeding, van mekaar verskil. Trouens 'n mens leer gou dat geen twee indiwidue eners is nie. Hulle verskil op feitlik alle gebiede in 'n mindere of meerdere mate van mekaar: liggaamsbou, voorkoms, temperament, aanleg, ywer, karakter en intelligensie, asook sover dit deursettings- en aanpassingsvermoë aangaan. Die praktiese ervaring bevestig dus ook die waarheid van indiwidualiteit.

Waar indiwiduele vermoëns, soos hiervoor geblyk

het...../47

---

1) Education. Its Data and First Principles, 12.

het, 'n belangrike oorweging by harmoniese beroepsinpassing is, ontstaan die vraag in hoeverre beroepsvoorligting in ons skole daarmee rekening hou.

b. Die wordende mens 'n steeds veranderende wese.

Net so opvallend as die indiwidualiteitsverskynsel, is die feit dat die mens deur verskillende stadiums van ontwikkeling gaan: fisies, en veral psigies. Die kwaliteit en omvang van die kleuter se indrukke verskil byvoorbeeld grootliks van die adolessent s'n; die aanpassingsvermoë van die jeugdige is oor die algemeen veel groter as dié van die bejaarde.[1)]

In die skool waar daar die geleentheid is om die jeug oor 'n lang tydperk noukeurig waar te neem, is die verandering wat by die wordende mens plaasvind vir skrywer veral treffend - 'n verandering wat in 'n groot mate die gevolg is van die wisselwerking tussen die indiwidu en sy omgewing.[2)]

Waar dit nou van die skool verwag word om vir beroepsvoorligting voorsiening te maak, ontstaan die vraag in hoeverre diegene wat daarvoor verantwoordelik is, dit moontlik vind om aan 'n nog wordende jeugdige reeds koers te gee virsover dit sy beroepsplanne aangaan.

c. Indiwiduele aanpassingsvermoë.

Hierbo is aanpassingsvermoë as een van die opvallende indiwiduele verskille genoem. In skrywer se omgang met die skoolgaande jeug sowel as

diegene....../48

1) Kohnstamm: Persoonlijkheid in wording.
Spranger: Psychologie der Jeugd.
2) Brown: Educational Sociology.

diegene wat die skool vir goed verlaat het, blyk dit al te dikwels dat sommige leerlinge hulle veel makliker by die skoollewe, daardie gemeenskap in klein met sy eie kenmerkende eienskappe en omstandighede, aanpas as andere, of by die lewe daarbuite wanneer hulle hierdie gemeenskap verlaat.

Soos hiervoor geblyk het is een van die doelstellinge van beroepsvoorligting die doeltreffende aanpassing van die kind by die skoolgemeenskap. Die volgende fase in die kind se lewe is wanneer hy die skool verlaat en die beroepslewe betree. In hoeverre help die verantwoordelike persone die kind om eerstens gesond en doeltreffend by die skoolgemeenskap aan te pas en tweedens om hom voor te berei vir harmoniese inpassing in die beroepsgemeenskap?

d. Gebrek aan oordeelkundige beroepsoriëntering.

Dit het skrywer dikwels getref watter groot aantal leerlinge wat die skool verlaat om te gaan werk, nie met sekerheid weet wat hulle wil gaan word nie, of indien hulle wel weet, nie kan verklaar waarom die een beroep bo 'n ander verkies word nie. Die deurslaggewende faktor tot 'n bepaalde beroepskeuse blyk dikwels by nadere ondersoek betreklik oppervlakkig te wees: hulle wil 'n bepaalde soort werk gaan doen omdat iemand vir wie hulle 'n bewondering het - 'n vader, 'n oom, 'n maat of 'n ander bekende - die beroep be-oefen of 'n hoë dunk daarvan het; soms is dit bloot omdat die werksplek naby die huis is; dikwels is dit net omdat hulle gehoor het dat daar so 'n betrekking vakant is en hulle dit waarskynlik

sal kry. Die gedagte aan die eie geld wat verdien kan word, laat 'n werk by vele ook baie aantreklik lyk.[1)]

Waarskynlik is die kind in baie gevalle teen die tyd wanneer die meeste die skool verlaat, dit wil sê, hier om en by 16 jaar, nog nie ryp genoeg om 'n oordeelkundige keuse te doen nie.[2)] Van 'n werklik oordeelkundige keuse uit 'n verskeidenheid beroepe waarvan 'n redelike goeie studie gemaak is, en met inagneming van eie vermoëns, belangstelling en vooruitsigte, is daar in alle geval by weinig sprake.

Een ondersoeker sê: „Haast allen, die in het huidig economisch leven staan, hebben hun beroep gegrepen, wijl het de naaste strohalm was, waar zij zich aan konden vasthouden. Hun beroep is niets anders dan de eenig mogelijke manier om hun dagelijksche brood te verdienen."[3)]

Die materialistiese lewensbeskouing van die moderne mens is die oorwegende faktor by die keuse van en toetreding tot 'n beroep, met „de brute ontkenning van alle overige waarde van den arbeid."[4)]

„Those who study the vocational choices of youth," verklaar D.E. Super, „are generally impressed by the spuriousness and superficiality of many of their preferences. Even those who work with adults notice that many of their choices are the result of insufficient information, poor understanding, and extraneous

pressures...../50

1) My Loopbaan, November 1953, 3, 43.
2) Vgl. Spranger: Psychologie der Jeugd, 272, 273.
3) Lippert: Abenteuer des Lebens, 52. Aangehaal deur Holthuizen: Studie over Voorlichting bij Beroepskeuze in Nederland, 139.
4) Holthuizen, a.w., 140.

pressures such as family ambitions, desire for prestige, and business conditions."[1] Dat vele werkers in die verkeerde beroep beland met al die nadelige gevolge wat dit meebring, hoofsaaklik as gevolg van onoordeelkundige beroepskeuse en toekomsbeplanning, kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word.

## 2. OOGMERKE VAN ONDERSOEK.

Met voorgenoemde feite in gedagte, het die vraag onwillekeurig by die skrywer ontstaan in hoeverre die jeugdige met sy eie indiwidualiteit - sy besondere persoonlikheid, aanleg en belangstelling en intellektuele vermoë - sy eie spesifieke potensialiteite - gedurende sy wordingsjare op skool gehelp kan word om homself beter te help ten opsigte van:

a. doeltreffender en meer volkome aanpassing by die skoolomgewing en omstandighede, en na skoolverlating, by die beroepslewe, en

b. oordeelkundiger beroepskeuse en beroepsvoorbereiding voor en na skoolverlating ten einde te verseker dat hy virsover moontlik, onder omstandighede in vir hom die geskikste beroep sal tree.

Hiervoor is nagegaan wat die doelstelling met beroepsvoorligting in die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement is en watter pogings deur genoemde owerheid aangewend word om op doelbewuste en georganiseerde wyse die leiding en voorligting te

verskaf....../51

1) Dynamics of Vocational Adjustment, 150 - 151.

verskaf.

Die doel van hierdie ondersoek is dan:

a. om vas te stel wat die heersende opvattinge in verband met beroepsvoorligting is by diegene wat daarvoor in die betrokke skole verantwoordelik is, met ander woorde, in hoeverre beroepsvoorligting deur hoofde van naprimêre skole in Transvaal en diegene van die res van die onderwyspersoneel van wie verwag word om georganiseerde voorligting te verskaf, as noodsaaklik beskou word en as 'n vak in die skoolleerplan wat in 'n gevoelde behoefte trag te voorsien, verwelkom word;

b. om te bepaal wat in die betrokke skole presies in die verband gedoen word om die doel soos deur die Departement beoog,[1] te bereik, dit is, in hoeverre voorligtingswerk aan die gestelde vereistes voldoen, en indien nie, in welke opsigte en waarom nie.

## 3. ONDERSOEKMETODE EN -PROSEDURE.

Die ondersoek het die vorm aangeneem van:

a. 'n vraelys aan onderwyser-voorligters;

b. persoonlike besoeke aan 'n verteenwoordigende groep skole.

### a. Vraelys.

'n Vraelys[2] is aan die onderwyser-voorligters van elk van die destyds bestaande 106 Middelbare skole van die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur. Agt-en-tagtig vraelyste is terug ontvang waarvan

ses......../52

---

1) Vgl. hfst. II, 39.

2) Bylae II, 123.

ses onbeantwoord was, sodat die feite berus op die antwoorde van 82 vraelyste, dit wil sê 77·4% van die totale aantal lyste uitgestuur.

TABEL I.

Proefpersone van vraelysondersoek.[1)]

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl | Afr | Eng | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M | Gm. | Tot. | S | M | Gm. | Tot. | Gm | Tot. | Tot. | Tot. |
| Gestuur | 4 | 4 | 23 | 31 | 7 | 8 | 18 | 33 | 42 | 73 | 33 | 106 |
| Terug ontvang. | 4 | 4 | 22 | 30 | 6 | 6 | 12 | 24 | 34 | 64 | 24 | 88 |
| Onvoltooid | | | | | 1 | 1 | 2 | 4 | 2 | 2 | 4 | 6 |
| Voltooid | 4 | 4 | 22 | 30 | 5 | 5 | 10 | 20 | 32 | 62 | 20 | 82 |

Ontleding van vraelys.

Na aanleiding van die inligting wat beoog is om deur middel van die vraelys in te win, kan die vrae in drie groepe verdeel word:

i. Met vrae 1, 2, 3, 5, 6 en 7[2)] wou vasgestel word in hoeverre beroepsvoorligting in die betrokke skole onderrig word volgens Departementele verwagtinge.

ii. Vrae........./53.

1)Die middelbare skole wat by die ondersoek betrokke was, is vir statistiese doeleindes soos volg gegroepeer:
a. Skole in stedelike gebiede, en daaronder is ingesluit skole aan die Witwatersrand en Pretoria en 2 Engelsmedium-skole in Potchefstroom omdat laasgenoemde skole se leerlinge hoofsaaklik 'n stedelike agtergrond het. Die skole in stedelike gebiede is verder gegroepeer as:
i.Stedelike skole met Afrikaans as voertaal (in die tabelle aangedui met Sted.Afr.Med.).
ii.Stedelike skole met Engels as voertaal (in die tabelle aangedui met Sted. Eng. Med.).
Die stedelike skole is weer ondergroepeer in seunskole (S), meisieskole (M) en gemengde skole (Gm).
b. Plattelandse skole, waarvan almal gemengde skole was en in feitlik al die gevalle oorwegend Afrikaansmedium, (in die tabelle aangedui met Pl. Gm.).

2)Vgl. Vraelys, bylae II, 123.

ii. Vrae 4, 8, 9, 10 en 13 [1] wou bepaal waarom, indien wel, beroepsvoorligting in die onderhawige skole in minder of meerder mate nie tot sy reg kom nie.

iii. Met vrae 11 en 12 [2] is beoog om die algemene gevoel van die personeel, en veral van die onderwyser-voorligters wat eintlik vir die toepassing van die vak verantwoordelik is, na te spoor.

b. Persoonlike besoeke.

Na ontvangs van die vraelyste is 'n aantal skole uitgesoek wat, virsover omstandighede dit moontlik gemaak het, verteenwoordigend sou wees van die middelbare skole in Transvaal:

TABEL II.

Skole persoonlik besoek.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl | Afr | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M | Gm. | Tot. | S | M | Gm. | Tot. | Gm | Tot | Tot. | Tot. |
| Besoek | 4 | 4 | 20 | 28 | 6 | 5 | 7 | 18 | 19 | 47 | 18 | 65 |
| Onderhoude | 4 | 4 | 19 | 27 | 5 | 5 | 7 | 17 | 18 | 45 | 17 | 62 |

In die stedelike gebiede is 4 seun- en 4 meisieskole en 20 gemengde skole met Afrikaans as voertaal, en 6 seun- en 5 meisieskole en 7 gemengde skole met Engels as voertaal ingesluit. Hierby het gekom

19....../54

1) Vgl. vraelys, bylae II, 123
2) Dieselfde.

19 gemengde skole op die platteland met Afrikaans as oorwegende voertaal: 8 in Wes-Transvaal, 2 in Noordwes-Transvaal, 4 in Noord-Transvaal en 5 in Oos-Transvaal.

Hierdie skole is toe almal persoonlik besoek en slegs by een stedelike gemengde skool met Afrikaans as voertaal, een stedelike seunskool met Engels as voertaal en een plattelandse gemengde skool kon sodanige onderhoude nie verkry word nie.

Tydens die besoeke aan die skole is onderhoude gevoer met die hoof sowel as die onderwyser-voorligter van elke skool.

Soos blyk uit die vrae wat aan die hoofde gestel is,[1] is gepoog om hulle persoonlike mening in te win in verband met

i. die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting in die algemeen;

ii. die verantwoordelikheid van die skool in die verband;

iii. die moontlikheid om beroepsvoorligting by die skoolleerplan in te voeg;

iv. die wenslikheid van 'n spesifieke onderwyser vir die vak;

v. die opleiding van sodanige leerkragte; en

vi. die welslae reeds bereik deur sodanige voorligting.

In die onderhoude met die onderwyser-voorligters[2] is vasgestel

i. welke fasiliteite daar bestaan vir persoonlike...../55

1) Vgl. bylae III, bl.124.
2) Vgl. bylae IV, bl. 125.

persoonlike onderhoude met die leerlinge;[1]

ii. die gevoelde behoefte en noodsaaklikheid van sodanige onderhoude as deel van die beroepsvoorligtingsproses;[2]

iii. die waarskynlike doeltreffendheid van sodanige voorligting geoordeel volgens die geskooldheid van die leerkragte.[3]

## 4. GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN ONDERSOEKMETODE.

Uit die aard van die saak is dit moeilik om die betroubaarheid en geldigheid van die metode van ondersoek juis aan te dui. Daar was nie 'n statistiese wyse om dit te kontroleer nie.

a. Geldigheid. Soos blyk uit die ontleding van die vraelys en die vrae gestel tydens die persoonlike besoeke, is getrag om inligting te bekom waarvolgens die doelstelling van die ondersoek bereik sal kan word. Volgens die antwoorde op die vrae is wel daarin geslaag om dié informasie in te win wat verlang is.

b. Betroubaarheid. Met paragraaf 3 van die brief wat saam met die vraelys gestuur is,[4] is gepoog om die proef-persone sonder terughoudenheid antwoorde op die vrae te laat verstrek. Aanvanklik is die vraelys aan 'n aantal hoofde van die betrokke skole voorgelê om vas te stel of hulle sou huiwer om onomwonde antwoorde op die vrae te verstrek of beswaar sou hê dat sodanige inligting in verband met die skool

onder...../56

1) Vgl. bylae IV, vrae 2 en 3, bl.125.
2) Dies., vraag 1.
3) Dies., vrae 4 en 5.
4) Bylae I, bl.122.

onder hulle beheer, verskaf sou word. Om dieselfde rede is die vraelys ook aan 'n aantal onderwyser-voorligters voorgelê. Almal het hulle bereid verklaar om die nodige inligting beskikbaar te stel of te laat stel. Die groot persentasie vraelyste wat voltooid terug ontvang is, dui daarop dat die samewerking van die betrokke proefpersone besonder goed was. Daar was slegs enkele gevalle waar die inligting wat in die vraelys verstrek is, weens sekere teenstrydighede in twyfel getrek kon word. By die bespreking van die betrokke vrae se antwoorde, word daarop gewys.

Tydens die persoonlike besoeke is ook klem gelê op 'n openhartige bespreking en die indruk was dan ook deurgaans dat die proefpersone nie geskroom het om die juiste feite te verskaf nie. Hulle was trouens altyd besonder uitgesproke en het nie gehuiwer om die ware toedrag van sake soos dit in elke skool bestaan het, weer te gee nie.

5. <u>PROEFNEMER EN PROEFPERSONE.</u>

a. <u>Vraelys.</u> Die vraelys is gerig aan die onderwyser-voorligter van die betrokke skool en behalwe in 'n paar gevalle dan ook deur die leerkrag wat vir beroepsvoorligting in die skool verantwoordelik was, voltooi. 'n Paar is deur die hoofde voltooi omdat daar nie iemand spesifiek vir beroepsvoorligting verantwoordelik was nie.

b. <u>Persoonlike besoeke.</u> Die onderhoude is deur skrywer persoonlik gevoer met die hoof van elke skool en, met uitsondering van enkele gevalle waar daar nie

'n......./57

'n onderwyser-voorligter was nie, met die leerkrag wat verantwoordelik was vir beroepsvoorligting.

## 6. RESULTATE VAN ONDERSOEK.

### a. Heersende opvattinge oor beroepsvoorligting.

#### i. Noodsaaklikheid van beroepsvoorligting volgens hoofde se beskouing en ervaring.[1]

Tydens onderhoude met hoofde van 'n aantal middelbare skole in Transvaal in bogenoemde verband het hul menings soos volg geblyk te wees:

TABEL III.

Noodsaaklikheid van beroepsvoorligting volgens hoofde se beskouing en ervaring.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 3 | 4 | 17 | 24 | 3 | 4 | 7 | 14 | 17 | 41 | 14 | 55 |
| Nee | 1 | - | 1 | 2 | 2 | - | 1 | 3 | 1 | 3 | 3 | 6 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | 5 | 4 | 8 | 17 | 18 | 44 | 17 | 61 |

(1) Die hoofde van 3 seunskole, al 4 meisieskole en 17 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmediumgroep was van mening dat dit beslis noodsaaklik is, terwyl 2, 1 van 'n seunskool en 1 van 'n gemengde skool, die teenoorgestelde mening toegedaan was.
(2) Van die Engelsmedium-groep het 3 seunskole, 4 meisieskole en 7 gemengde skole se hoofde dit as nood-

saaklik......./58

1)Vraag 1, bylae III, bl. 124.

saaklik beskou, terwyl 3, dié van 2 seunskole en 1 meisieskool, nie so gedink het nie.

(3) Van die plattelandse skole se hoofde het 17 hulle ten gunste daarvan verklaar en 1 nie.

Slotsom: Vier-en-twintig van die 26 hoofde in die stedelike Afrikaansmedium-groep, 14 van die 17 in die Engelsmedium-groep en 17 uit die 18 in die plattelandse groep, 'n totaal van 55 uit die 61, dit is 90%, het beroepsvoorligting op grond van hulle ervaring wel as noodsaaklik beskou, terwyl 6 dit nie as sodanig ervaar het nie.

ii. Waarde van beroepsvoorligting volgens hoofde se ervaring.[1)]

Op die vraag of beroepsvoorligting volgens hulle mening en ervaring sedert die instelling daarvan enige vrugte afgewerp het, was hulle mening soos volg:

TABEL IV.

Of beroepsvoorligting volgens hoofde se mening en ervaring sedert die instelling daarvan enige waarde gehad het.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 3 | 4 | 18 | 25 | - | 4 | 6 | 10 | 16 | 41 | 10 | 51 |
| Nee | 1 | - | - | 1 | - | 1 | 1 | 2 | 2 | 3 | 2 | 5 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | - | 5 | 7 | 12 | 18 | 44 | 12 | 56 |

(1) Van die stedelike Afrikaansmedium-skole het die hoofde van 3 seunskole, 4 meisieskole en 10 gemengde

skole...../59

1) Vraag 6. bylae III, bl.124.

skole verklaar dat leerlinge wel deur die beroepsvoorligting wat hulle ontvang het, gebaat het. Die hoof van 'n seunskool het dit betwyfel en dié van 'n meisieskool en van 'n gemengde skool kon slegs van weinig vrugte daarop getuig.

(2) Vier hoofde van Engelsmedium-meisieskole en 6 van Engelsmedium gemengde skole was van mening dat leerlinge wel baat daarby gevind het, terwyl 1 meisieskool en 1 gemengde skool se hoofde dit betwyfel het.

(3) Van die plattelandse skole se hoofde kon 16 wel van welslae getuig, 1 was onseker en 1 kon geen vrugte daarop sien nie.

Slotsom: Van die 56 hoofde wat bereid was om hulle mening oor die saak te lug, het 51 (91%) getuig dat volgens hulle mening en ervaring daar wel sedert die instelling van beroepsvoorligting in hulle skole spore van sukses te bespeur was. Vier was van mening dat die vak tot dan toe nog geen welslae bewys het nie, terwyl 1 dit betwyfel het.

iii. Hoofde se mening oor skool se plig ten opsigte van beroepsvoorligting.[1)]

Op die vraag of beroepsvoorligting as die taak van die skool beskou moet word, het die hoofde hul menings soos volg gelug:

TABEL V........../60

1) Vraag 2, bylae III, bl.124.

## TABEL V.

Hoofde se mening oor beroepsvoorligting as skool se taak.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 3 | 4 | 17 | 24 | 5 | 4 | 5 | 14 | 17 | 41 | 14 | 55 |
| Nee | 1 | - | 1 | 2 | - | 1 | 2 | 3 | 1 | 3 | 3 | 6 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | 5 | 5 | 7 | 17 | 18 | 44 | 17 | 61 |

(1) Die hoofde van 3 seunskole, al 4 meisieskole en 17 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep was van mening dat dit wel die skool se taak is om beroepsvoorligting aan die jeug te verstrek, terwyl 1 seunskool en 1 gemengde skool se hoofde nie so gedink het nie.

(2) Vyf Engelsmedium-seunskole, 4 meisieskole en 5 gemengde skole se hoofde was ook van mening dat dit die skool se taak is; 1 meisieskool en 2 gemengde skole in hierdie groep se hoofde het dit ontken.

(3) Sewentien van die 18 plattelandse middelbare skoolhoofde het gesê dat die skool daarvoor verantwoordelik behoort te wees.

Slotsom: Vyf-en-vyftig, of 90%, van die betrokke hoofde, bestaande uit 24 Afrikaansmedium- en 14 Engelsmedium-skole in die stedelike gebiede en 17 skole op die platteland, het derhalwe beroepsvoorligting as die verantwoordelikheid van die skool beskou. Ses, 10%, daarenteen was van mening dat dit nie die taak van die skool is nie.

iv. Onderwyser...../61.

iv. Onderwyser-voorligters se sienswyse oor beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan.[1)]

Of die betrokke leerkragte beroepsvoorligting as 'n behoefte in ons skoolstelsel gevoel het, afgesien daarvan of dit moontlik gevind is om aandag daaraan te gee, blyk uit die volgende gegewens wat deur hulle verstrek is:

TABEL VI.

Beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan volgens onderwyser-voorligters.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 2 | 3 | 22 | 27 | 3 | 3 | 7 | 13 | 28 | 55 | 13 | 68 |
| Nee | 2 | 1 | - | 3 | 2 | 2 | 3 | 7 | 2 | 5 | 7 | 12 |
| Proefpersone | 4 | 4 | 22 | 30 | 5 | 5 | 10 | 20 | 30 | 60 | 20 | 80 |

(1) In die stedelike Afrikaansmedium-groep was 2 seunskole, 3 meisieskole en 22 gemengde skole se onderwyser-voorligters van mening dat beroepsvoorligting wel 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan behoort te wees, terwyl 2 seunskole en 1 meisieskool s'n hierdie mening nie toegedaan was nie.

(2) In die Engelsmedium-groep het die betrokke onderwysers van 3 seunskole, 3 meisieskole en 7 gemengde skole 'n positiewe antwoord verstrek, terwyl 2 seunskole, 2 meisieskole en 3 gemengde skole ontkennend geantwoord het.

(3) Van die 30 plattelandse skole was 28 onderwyser-voorligters die mening toegedaan dat die vak wel in 'n noodsaaklike behoefte voorsien, terwyl 2 anders oor

die saak...../62

1) Vraag 11, bylae II, bl.123.

die saak gevoel het.

Slotsom: Van die 80 skole waaroor inligting beskikbaar was, het 68 se betrokke leerkragte, dit wil sê, 85%, beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan beskou, terwyl 12, 15%, sodanige voorligting nie as so belangrik beskou het nie.

By die gemengde skole word die behoefte aan beroepsvoorligting sterker gevoel as by die seuns- en meisieskole: 92% teenoor 61%. Verder blyk dit dat by die Afrikaansmedium-skole se onderwyser-voorligters daar 'n veel groter persentasie ten gunste van beroepsvoorligting as deel van die skoolleerplan was as by Engelsmedium-skole: 91.7% teenoor 65%.

v. Algemene opvattinge van onderwyser-voorligters oor beroepsvoorligting.[1]

(1) Diegene wat hulle ten gunste van beroepsvoorligting as deel van die skoolleerplan uitgespreek het, was feitlik deurgaans baie sterk in hulle oortuiging. Baie se antwoorde of gedeeltes daarvan kom feitlik woordeliks ooreen, andere s'n weer wat die inhoud aangaan.

Dis beskryf as „goed en noodsaaklik", „een van die mees essensiële vakke", „baie noodsaaklik vir regte vak- en beroepskeuse", „absoluut noodsaaklik met die oog op beroepsgeluk, veral aangesien onkunde in sake werkgeleenthede by ouers en kinders groot is", en „dit voorsien in 'n diepgevoelde behoefte, aangesien dit rigting aan die kind se toekomsplanne gee,

'n wyer...../63

1) Tweede deel van vraag 11, bylae II, bl. 123.

'n wyer agtergrond en dieper insig in beroepsmoontlikhede".

Dit is nie slegs van praktiese waarde beskou nie, dit wil sê ten opsigte van leiding in verband met oordeelkundige beroepskeuse nie, maar ook as van groot opvoedkundige waarde vir die jeugdige se „ontplooiing". 'n Ander leerkrag se mening in dieselfde verband het gelui dat dit „'n kragtige opvoedende waarde het", en nog 'n onderwyser-voorligter het dit onomwonde gestel, reg of verkeerd: „Sonder beroepsleiding is die onderwys geen opvoeding nie".

Daar is gewys op die waarde wat dit het veral virsover dit die plattelandse kind laat kennis neem van die groot verskeidenheid ambagte as loopbane in ons ge-industrialiseerd-wordende land, in besonder omdat daar nie die kanse is dat almal hulle op die boerdery kan toelê nie, en onkunde in verband met die professies oënskynlik minder opvallend is. Maar ook van 'n stedelike gemeenskap het die oortuiging gekom dat beroepsvoorligting vir die seuns „veral essensieel" is, terwyl nog 'n mening die aandag daarop gevestig het dat in 'n industriële omgewing soos die waarin die betrokke skool geleë is waar 'n groot verskeidenheid beroepe aangebied word, die jeugdige beslis beroepsleiding nodig het, veral met die oog op die groot aantal vroeë skoolverlaters. Vir nog 'n skool waar die groot aantal vroeë skoolverlaters onrus gewek het, het die waarde van beroepsvoorligting daarin gelê dat dit vir die leerling 'n ideaal stel op die weg van verdere skoolonderrig. Dit voorkom dat so baie

die....../64

die skool so vroeg verlaat en toetree tot 'n werkkring, dikwels net op grond van 'n aantreklike betaling. „So 'n volk," was die mening, „het geen toekoms nie".

Die gedagte is ook uitgespreek dat dit 'n belangrike deel van die kind se vorming tot 'n goeie beroepskeuse is omdat hy langs die weg van hierdie soort voorligting nie slegs nuttige en noodsaaklike kennis van beroepe opdoen nie, maar ook sy plek in die groot gemeenskap waartoe hy behoort, leer ken, en dat dit dus oor die algemeen „vormend en sosiaal noodsaaklik" is.

Verder is daarop gewys dat beroepskeuse onvermybaar is, dat deur beroepstudie beroepsbewustheid gekweek word en dat deur beroepsvoorligting die kanse beslis gunstiger is dat „die regte persoon in die regte beroep" tereg kan kom wat „waardevol is vir die indiwidu en staat". In dieselfde rigting neig 'n ander gedagte wat uitgespreek is, naamlik dat beroepsvoorligting, hoewel deur die betrokke persoon nie as baie noodsaaklik beskou is nie, tog wenslik en veral nuttig is in die huidige tye waarin werkgeleenthede volop is, en dat dit belangrik is vir beide werkgewer en werknemer dat betrekkings gevul word deur persone wat aanleg en begeerte vir die werk het, 'n Ander mening in die verband was dat sodanige voorligting noodsaaklik is omdat dit leerlinge bewus maak daarvan dat hulle eendag op die arbeidsmark sal moet meeding, dat beroepsvoorligting hulle nie slegs beroepsbewus nie, maar roepingsbewus laat word.

Nog......./65

Nog 'n onderwyser-voorligter het die waarde van beroepsvoorligting daarin gesien dat dit enersyds die kind se gesigsveld verbreed, en die onderwyser andersyds in nouer aanraking met die kind bring. Nog 'n betrokke leerkrag het gesê dat ervaring geleer het dat baie kinders verkeerde beroepe kies. Hy is oortuig dat deur verstandige hulp en leiding baie ellende wat daaruit voortspruit, wel voorkom kan word.

Die noodsaaklikheid van sodanige voorligting, selfs al op laerskool, is benadruk met die oog op regte vakkeuse, skoolkeuse en beroepskeuse.

„Dit maak die kind bewus van sy sluimerende talente", was een mening; „dit help die kind om homself te ontdek en te leer ken", het 'n ander een gesê en „dis een van die weinige geestesdissiplinerende studies in die moderne hoërskool met sy uitgestrekte leerplanne en gespesialiseerde vakkeuses", was nog een oorwoë mening.

Een leerkrag wat ook vir die vak verantwoordelik was, het gesê,dat, al beïnvloed dit hulle beroepskeuse nie sterk nie, hulle tog deur beroepsvoorligting noodsaaklike inligting bekom wat hulle andersins nooit sou gekry het nie, en dit mag later wel vrugte afwerp. Dat 'n kind leiding moet ontvang by so 'n belangrike keuse soos dié van 'n beroep,was bo alle twyfel vir nog 'n onderwyser-voorligter. Hierdie leiding behoort syns insiens van die ouers te kom, maar aangesien die meeste ouers blykbaar nie in staat is om dit te verskaf nie, bly die skool die enigste alternatief.

„Nie......./66

„Nie net beroepsvoorligting is noodsaaklik nie", het 'n antwoord gelui, „maar ook voorligting in 'n wyere sin: ook in verband met persoonlike en sosiale probleme".

Laastens is die interessante mening ook gelug dat 'n vroeëre beroepskeuse groter belangstelling wek in daardie vak wat met die gekose beroep in verband staan, met ander woorde, dit bevorder doelgerigtheid in die studie.

<u>Slotsom</u>: Uit die voorafgaande bespreking van diegene se redes wat beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van skoolleerplan beskou het, is dit duidelik dat die menings gemotiveer is deur 'n groot verskeidenheid oortuigings wat 'n wye veld dek in die jeugdige se opvoedingsproses. Vir die voorstaanders daarvan lê die waarde van die vak nie net in die verskaffing van beroepsinligting nie, maar ook in die leiding tot 'n beroepskeuse en doeltreffende sosiale aanpassing: uitbouing van beroeps- en roepingsbewustheid, die ontwikkeling van 'n selfoordeel en selfkennis, die aankweek van idealisme en doelgerigtheid met die uiteindelike ideaal van beroepsgeluk en arbeidsdoeltreffendheid tot tydelike en geestelike voordeel en heil van indiwidu, gemeenskap en staat.

(2) Onder diegene wat van oordeel was dat beroepsvoorligting nie 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan hoef te wees nie, was dié wat beweer het dat die keuse van 'n beroep 'n suiwer indiwiduele saak is, terwyl ons onderwys klassikaal is. Ons onderwysstelsel leen hom dus nie tot sodanige voorligting nie. Die ervaring sou ook geleer het

dat...../67

dat seer weiniges in die latere lewe die beroep volg wat hulle op skool as hulle keuse gestel het, en dat by diegene wat dit wel doen, beroepsvoorligting waarskynlik baie min daarmee te doen gehad het. 'n Tweede persoon was insgelyks van mening dat baie min leerlinge se beroepskeuse deur beroepsvoorligting beïnvloed word. Nog 'n beswaar was dat die ervaring geleer het dat leerlinge slegs belangstel as hulle eie gekose beroep behandel word, terwyl die ander belangeloos is en dikwels dit as 'n lesuur om los te wees en te ontspan, beskou, met gevolglike dissiplinêre moeilikhede. Ook van 'n Engelsmedium-gemengde skool het hierdie mening gekom, „en", is bygevoeg, „beroepsvoorligting mag hulle selfs in hulle gekose beroep ontmoedig en aanmoedig om die skool te verlaat". Slegs indiwiduele onderhoude is verkies wanneer die behoefte ontstaan.

'n Stedelike seunskool se mening was dat dit in Standerd VI nie noodsaaklik was nie omdat baie min leerlinge in daardie skool in genoemde standerds die skool verlaat en gevolglik dan ook weinig belang in 'n beroep stel. Ook 'n plattelandse skool het die mening gelug dat beroepsvoorligting slegs vir voornemende skoolverlaters noodsaaklik is en dat indiwiduele aandag dan nodig is.

'n Engelsmedium-seunskool se betrokke leerkrag het gemeen dat voorligting slegs gegee moet word wanneer daarom deur leerlinge versoek word en dat personeellede ook ongeneë is om daarvoor as 'n vak verantwoordelik te wees omdat dit as 'n „soft job" beskou word. 'n Engelsmedium-meisieskool se beswaar

daarteen was dat dit nie die moeite loon nie omdat baie min dogters voor Standerd X weet wat hulle wil word en diegene wat te kenne gee dat hulle wel reeds 'n beroep gekies het, dikwels van besluit verander.

Een hoof van 'n skool (daar was geen onderwyser-voorligter aan die personeel verbonde nie) het dit kortweg as „tydmors" bestempel omdat „alle onderwysers wat hulle sout werd is, dit as deel van hulle werk doen". Vir hom het slegs aanlegtoetse enige waarde.

Slotsom: (a) Slegs een van die onderwyser-voorligters wat daarteen was, het 'n kort kursus bygewoon en dus 'n mate van kennis van die onderwerp gedra.

(b) Dit blyk dat die meeste twyfel aan die waarde van hierdie soort voorligting virsover dit die beroep aangaan waarin die indiwidu eindelik tree.

(c) 'n Ander groep besware gaan oor die metode van onderrig: slegs indiwiduele onderhoude sou enige waarde hê en dan ook net wanneer daar by die leerling 'n behoefte blyk te wees. Aan voorligting as 'n vormingsproses glo hulle nie.

## vi. Kan daar vir beroepsvoorligting plek in die skoolleerplan ingeruim word? 1)

Die hoofde is seer se er die mees bevoegde persone om te kan oordeel of daar in die skoolrooster plek ingeruim kan word vir nog 'n vak. In hierdie geval was dit beroepsvoorligting. Uit hul antwoorde blyk die volgende:

Tabel VII....../69

1) Vraag 3, bylae III, bl.124.

TABEL VII.

Of daar vir beroepsvoorligting plek ingeruim kan word in die skoolleerplan.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 4 | 4 | 17 | 25 | 2 | 1 | 4 | 7 | 18 | 43 | 7 | 50 |
| Nee | - | - | 1 | 1 | 3 | 4 | 3 | 10 | - | 1 | 10 | 11 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | 5 | 5 | 7 | 17 | 18 | 44 | 17 | 61 |

(1) Al 4 seunskole, al 4 die meisieskole en 17 van die 18 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep was van mening dat daar wel nog vir beroepsvoorligting in die skoolleerplan plek ingeruim kan word.

(2) Van die Engelsmedium-groep het die hoofde van 2 seunskole, 1 meisieskool en 4 gemengde skole die mening gehuldig dat daarvoor plek in die skoolrooster gevind kan word. Drie seunskole, 4 meisieskole en 10 gemengde skole se hoofde het nie daarvoor kans gesien nie.

(3) Al die 18 plattelandse skoolhoofde het gesê dat dit wel moontlik was.

Slotsom: Terwyl 50 van die betrokke hoofde, 25 in die stedelike Afrikaansmedium-groep, 7 in die Engelsmedium-groep en 18 in die plattelandse groep, 'n totaal van 82%, op die vraag bevestigend geantwoord het, het 11 (18%), waarvan 10 van Engelsmedium-skole was, nie daarvoor kans gesien nie.[1)]



1) Vgl. subpar. c (i) (1), bl.104.

vii. Is dit wenslik dat 'n spesifieke onderwyser vir beroepsvoorligting afgesonder moet word?[1)]

In die middelbare skole waar daar vakonderwys gegee word, is elke onderwyser vir ('n) spesifieke vak(ke) verantwoordelik. Die hoofde se menings of dit ook vir 'n vak soos beroepsvoorligting moet geld, was soos volg:

TABEL VIII.

Of 'n spesifieke onderwyser vir beroepsvoorligting afgesonder moet word.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 4 | 2 | 17 | 23 | 3 | - | 5 | 8 | 15 | 38 | 8 | 46 |
| Nee | - | 2 | 1 | 3 | 2 | 5 | 2 | 9 | 3 | 6 | 9 | 15 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | 5 | 5 | 7 | 17 | 18 | 44 | 17 | 61 |

(1) In die stedelike Afrikaansmedium-groep het die hoofde van al 4 seunskole, 2 meisieskole en 17 gemengde skole 'n spesifieke leerkrag vir die vak verkies. Die hoofde van 2 meisieskole en 1 gemengde skool het gedink dat dit nie nodig is nie.

(2) In die Engelsmedium-groep was 3 seunskole en 5 gemengde skole se hoofde ten gunste daarvan, en 2 seunskole, 5 meisieskole en 2 gemengde skole se hoofde nie.

(3) Van die plattelandse skole was 15 hoofde van mening dat dit wenslik was, terwyl 3 van hulle verskil het.

Slotsom:......./71

1) Vraag 4, bylae III, bl.124.

Slotsom: Ses-en-veertig (75.4%) hoofde van die 61 wat oor die saak genader is, insluitende 23 uit die 26 in die stedelike Afrikaansmedium-groep, 8 uit die 17 in die Engelsmedium-groep en 15 uit die 18 van die plattelandse skole, het hulle ten gunste van so 'n reëling uitgespreek, terwyl 15 (24.6%) dit nie as wenslik beskou het nie.

viii. Opleiding van onderwysers vir beroepsvoorligting.[1]

Oor die vraag of daar voorsiening behoort gemaak te word vir die opleiding van leerkragte om beroepsvoorligting te gee, het die hoofde hulle soos volg uitgespreek:

TABEL IX.

Of opleidingsinrigtings voorsiening behoort te maak vir die opleiding van onderwyser-voorligters.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 4 | 4 | 17 | 25 | 2 | 2 | 5 | 9 | 18 | 43 | 9 | 52 |
| Nee | - | - | 1 | 1 | 3 | 3 | 2 | 8 | - | 1 | 8 | 9 |
| Totaal | 4 | 4 | 18 | 26 | 5 | 5 | 7 | 17 | 18 | 44 | 17 | 61 |

(1) Vyf-en-twintig van die 26 hoofde van die Afrikaansmedium-skole in stedelike gebiede was van mening dat daar wel vir sodanige opleiding voorsiening behoort gemaak te word, terwyl 1 hoof, dié van 'n gemengde skool, dit nie nodig geag het nie.

(2) Nege hoofde van Engelsmedium-skole, waaronder 2

seunskole ....../72

1) Vraag 5, bylae III, bl.124.

seunskole, 2 meisieskole en 5 gemengde skole, het hulle ten gunste van sodanige opleiding uitgespreek; 8 (3 van seunskole, 3 van meisieskole en 2 van gemengde skole) het dit nie nodig geag nie.

(3) Die hoofde van al 18 plattelandse skole het gevoel dat dit nodig was.

<u>Slotsom</u>: Van die 61 hoofde met wie die saak bespreek is, het 52, dit wil sê, 85.2%, 'n positiewe beskouing oor die saak daarop nagehou, terwyl 9 (14.7%) van mening was dat dit nie nodig is nie.

ix. <u>Noodsaaklikheid van persoonlike onderhoude in die beroepsvoorligtingsproses.</u>[1)]

In die onderhoude met die onderwyser-voorligters het hulle hul soos volg uitgelaat oor die vraag of hulle voel dat persoonlike onderhoude met leerlinge om hulle persoonlike probleme te bespreek, nodig is:

<u>TABEL X.</u>

<u>Sienswyses van onderwyser-voorligters in sake noodsaaklikheid van persoonlike onderhoude.</u>

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot |
| Ja | 3 | 4 | 20 | 27 | 3 | 4 | 4 | 11 | 16 | 43 | 11 | 54 |
| Nee | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 3 |
| Totaal | 3 | 4 | 20 | 27 | 3 | 5 | 5 | 13 | 17 | 44 | 13 | 57 |

(1) ........./73

1) Vraag 1, bylae IV, bl. 125.

(1) Al die 27 onderwyser-voorligters van die stedelike Afrikaansmedium-skole met wie die vraag bespreek is, het gevoel dat sodanige onderhoude inderdaad nodig is.
(2) Van die stedelike Engelsmedium-skole se onderwyservoorligters het dié van 3 seunskole, 4 meisieskole en 4 gemengde skole dit as noodsaaklik beskou, terwyl dié van 1 meisieskool en 1 gemengde skool dit nie as nodig beskou het nie.
(3) Van die 17 onderwyser-voorligters van plattelandse skole wat oor die saak genader is, het 16 dit as belangrik beskou, en 1 nie.

Oor die algemeen het die onderwyser-voorligters hulle sterk ten gunste van sodanige onderhoude uitgespreek. Dis beskryf as „baie belangrik, hoofsaak by beroepsvoorligting", „beslis nodig", „nie net nodig nie, maar noodsaaklik", „essensieel" en „gewis nodig". Een onderwyser-voorligter het nie sy weg oopgesien om beroepsvoorligting sonder persoonlike bespreking met die leerlinge, te gee nie „omdat grondige kennis van die kind se probleme immers noodsaaklik is voordat gepoog kan word om hom te help".

Twee van die betrokke leerkragte het dit veral as noodsaaklik beskou met die leerlinge wat die skool gaan verlaat; twee was oortuig dat slegs deur persoonlike onderhoude die voorligtingsproses afgerond kon word, „want", het een van hulle bygevoeg, „slegs langs daardie weg kan tot die kern van die saak deurgedring word".

Die menings is ook uitgespreek dat àlle leerlinge dit nie nodig het nie, en dat sodanige onderhoude slegs nodig is wanneer 'n behoefte vir die intieme bespreking van sy probleme by die kind gevoel word.
Slotsom: Van die 57 onderwyser-voorligters wie se mening oor die saak ingewin is, het 54 (94.7%) dit as nodig beskou en slegs 3 nie. Uit die motivering van hulle menings is dit verder sonder twyfel duidelik dat persoonlike onderhoude met leerlinge in die beroepsvoorligtingsproses deur onderwyser- voorligters as beslis nodig beskou word.

b. Stand van beroepsvoorligting in Transvaalse Middelbare skole.

1. Beroepsvoorligting as 'n deel van die skoolleerplan.[1]

In 1947 is daar deur die Transvaalse Onderwysdepartement voorsiening gemaak dat daar aan elke klas van Standerds VI - IX „ongeveer een les per week" oor beroepsvoorligting gegee word. Benewens die lesse is daar ook verwag dat die verantwoordelike leerkrag onderhoude moes hê met indiwiduele leerlinge en hulle ouers, en verder reëlings moes tref vir besoeke aan werksplekke. „Wanneer die skoolrooster opgestel word," so lui dit, „moet die hoof aan die onderwyser-voorligter voldoende tyd toestaan vir hierdie pligte."[2]

Na aanleiding van aanbevelings van 'n kommissie

verteen-....../75

1) Vraag 1, bylae II, bl. 123.
2) T.O.D. Omsendbrief, no. 2, Junie 1947, 12, item 13, subart. C 3, 4 en 5.

verteenwoordigende die Departement, hoërskole, junior-hoërskole en beroepsvoorligters is in 1950 bepaal dat in skole waar die meeste leerlinge aanbly totdat hulle Standerd X afgelê het, die hoof in oorleg met die inspekteur moet vasstel in watter mate beroepsvoorligting in die vorm van lesings nodig is.[1]

Daar was blykbaar skole wat van hierdie toegewing gebruik gemaak het om nie die nodige aandag aan die onderwerp te gee nie, gevolglik is in 1952 deur die Departement besluit om die voorgenoemde beleid te wysig „en om dit verpligtend te maak dat leerlinge in middelbare klasse onderrig in beroepsvoorligting ontvang." [2]

Van Departementsweë is dus duidelik verwag dat beroepsvoorligting 'n deel van die skoolleerplan moes vorm. Ten tyde van die ondersoek[3] was die toestand soos volg:

TABEL XI.

Beroepsvoorligting as 'n deel van die skoolleerplan.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot |
| Ja | 4 | 4 | 22 | 30 | - | 5 | 9 | 14 | 31 | 61 | 14 | 75 |
| Nee | - | - | - | - | 5 | - | 1 | 6 | 1 | 1 | 6 | 7 |
| Skole betrokke | 4 | 4 | 22 | 30 | 5 | 5 | 10 | 20 | 32 | 62 | 20 | 82 |

(1) ......../76

1) T.O.D. Omsendbrief, no. 1, 1950, 12, item 8.
2) T.O.D. Omsendbrief, no. 3, 1952, 152, item 79.
3) Die vraelyste is aan die begin van Okt.1953 uitgestuur.

(1) In al die middelbare skole in stedelike gebiede met Afrikaans as voertaal wat antwoorde verstrek het, het beroepsvoorligting 'n deel van die skoolleerplan gevorm.

(2) In 14 van die 20 middelbare skole in stedelike gebiede met Engels as voertaal, (bestaande uit 5 meisieskole en 9 gemengde skole) het die leerplan beroepsvoorligting ingesluit. In die 5 seunskole wat op die vraag geantwoord het en 1 gemengde skool was dit nie die geval nie.

(3) Op die platteland het 31 uit die 32 skole wat die vraag beantwoord het, aan beroepsvoorligting 'n plek in die leerplan afgestaan.

(4) Uit 'n totaal van 62 middelbare skole in stedelike en plattelandse gebiede met Afrikaans as uitsluitlike of oorwegende voertaal, was daar slegs 1 waar beroepsvoorligting nie deel van die skoolleerplan gevorm het nie. Uit die 20 Engelsmedium-skole was daar 6. Dit is opvallend dat nie een van die 5 seunskole in laasgenoemde groep plek vir beroepsvoorligting ingeruim het nie.

(5) Van die 82 middelbare skole in stedelike en plattelandse gebiede, Afrikaans- en Engelsmedium, het by 75 beroepsvoorligting 'n deel van die skoolleerplan uitgemaak, dit wil sê, 91.4% van die skole wat op die betrokke vraag geantwoord het.

Van al die middelbare skole in Transvaal is die persentasie waar beroepsvoorligting nie deel van die skoolleerplan gevorm het nie, waarskynlik hoër omdat:

(a) later vasgestel is dat van die skole wat die vraelys onvoltooid teruggestuur het, die meeste

nie....../77

nie beroepsvoorligting gegee het nie;

(b) volgens 'n omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement dit wil voorkom of daar skole was waar wel vir beroepsvoorligting op die rooster voorsiening gemaak is, maar die tyd of „'n groot deel daarvan vir allerlei ander dinge gebruik (is)."[1]

**Slotsom:** Met bogenoemde opmerkings in gedagte, asook die wyse waarop beroepsvoorligting mettertyd 'n verpligte deel van die skoolleerplan gemaak is en die moeilikhede waarmee skole ten opsigte van die vak te kampe gehad het, is dit duidelik dat die vak 6 jaar na die invoering daarvan reeds by 'n groot persentasie skole 'n deel van die skoolleerplan gevorm het.

ii. Sedert wanneer beroepsvoorligting 'n deel van die skole se leerplanne gevorm het.[2]

Hierbo is daarop gewys dat in die loop van 1947 deur die Onderwysdepartement voorsiening gemaak is vir beroepsvoorligting as 'n deel van die leerplan van middelbare skole.[3] Dit sou vir die betrokke skole nie moontlik gewees het om hieraan uitvoering te gee voor vanaf die begin van 1948 nie.

In 1950 is 'n toegewing gemaak aan skole waar die meeste leerlinge in die skool aanbly totdat hulle Standerd X afgelê het. In oorleg met die inspekteur kon hierdie skole blykbaar besluit in watter mate beroepsvoorligting nodig was, indien wel.[4]

In......./78

1) T.O.D. Omsendbrief, no.4, 1954, 214, item 86.
2) Vraag 2, bylae II, bl. 123.
3) T.O.D. Omsendbrief, no.2, Junie 1947, 12, item 13.
4) T.O.D. Omsendbrief, no.1, 1950, 12, item 8.

In 1952 is beroepsvoorligting egter vir alle middelbare skole verpligtend gemaak, of dit verkies is, al dan nie.[1)]

Die onderstaande tabel dui aan hoe 70 skole wat in die verband inligting verstrek het, daarop reageer het:

TABEL XII.

Sedert wanneer beroepsvoorligting gegee is.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| 1948 | - | 2 | 14 | 16 | - | 2 | 4 | 6 | 14 | 30 | 6 | 36 |
| 1949 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 6 | 6 | 1 | 7 |
| 1950 | - | - | 2 | 2 | - | - | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 4 |
| 1951 | - | 1 | 3 | 4 | - | 2 | 1 | 3 | 4 | 8 | 3 | 11 |
| 1952 | 1 | - | 2 | 3 | - | - | 1 | 1 | 2 | 5 | 1 | 6 |
| 1953 | 2 | 1 | - | 3 | - | - | 1 | 1 | 2 | 5 | 1 | 6 |
| Vraag beantwoord | 3 | 4 | 21 | 28 | - | 4 | 9 | 13 | 29 | 57 | 13 | 70 |

Daar moet hier in gedagte gehou word dat 'n hele aantal van die skole wat na 1948 beroepsvoorligting as deel van die skoolleerplan ingevoer het, skole is wat eers na genoemde datum gestig is.

Vyf skole het op hierdie vraag nie geantwoord nie en by 7 skole het beroepsvoorligting nie deel van die skoolleerplan gevorm nie.[2)]

(1) Twee meisieskole en 14 gemengde skole in die stedelike gebiede met Afrikaans as voertaal, 2 meisie-

skole....../79

1)T.O.D. Omsendbrief, no. 3, 1952, 152, item 79.
2) Vgl. tabel III, bl. 57.

skole en 4 gemengde skole in stedelike gebiede met Engels as voertaal en 14 plattelandse skole het reeds in 1948 met beroepsvoorligting begin.

(2) Nog 1 gemengde Engelsmedium-skool en 6 plattelandse skole het in 1949 bygekom.

(3) In 1950 volg nog 2 gemengde skole in die stedelik Afrikaansmedium-groep, 1 gemengde skool in die Engelsmedium-groep en 1 plattelandse skool, 'n totaal van 4.

(4) Nog 11 skole kom in 1951 by, bestaande uit 1 meisieskool en 3 gemengde skole met Afrikaans as voertaal in stedelike gebiede, 2 meisieskole en 1 gemengde skool met Engels as voertaal in voorgenoemde gebiede en 4 skole op die platteland.

(5) In 1952 voer ook 1 seunskool en 2 gemengde skole in die stedelik Afrikaansmedium-groep, 1 gemengde skool in die stedelik Engelsmedium-groep en 2 plattelandse skole beroepsvoorligting in, met andere woorde, 'n verdere 6.

(6) In 1953, die laaste jaar waaroor besonderhede beskikbaar is, kry beroepsvoorligting ook plek in die leerplan van nog 2 seunskole en 1 meisieskool in die eerste groep, 1 gemengde skool in die tweede groep en twee skole in die plattelandse groep, 'n totaal van 6.

**Slotsom:**

Van die 47 middelbare skole en skole met middelbare afdelings wat in 1948 bestaan het en inligting

op die........./80

op die vraag verstrek het[1], het 36 (76.6%) dadelik met die instelling van beroepsvoorligting, dit as deel van die skoolleerplan aanvaar.

iii. Nakoming van Departementele tydsbepaling ten opsigte van beroepsvoorligting.[2]

Aanvanklik het die Departement verwag dat „ongeveer een les per week beroepsvoorligting aan klasse van Standerds VI - X gegee word.[3] In die wysiging van 1950 is bepaal dat in skole met klasse tot Standerd X die tye vir beroepsvoorligting soos volg sal wees:

(1) Skole waar 'n groot aantal leerlinge die skool verlaat voordat hulle Standerd X bereik het:

(a) een periode per week minstens 'n halfjaar lank in Standerds VI, VII en VIII;

(b) een periode per week minstens 'n halfjaar lank in Standerds IX of X.

(2) Skole waar die meeste leerlinge in die skaol aanbly totdat hulle Standerd X afgelê het, moes, soos reeds gemeld, die hoof in oorleg met die inspekteur vasstel in watter mate beroepsvoorligting in die vorm van lesings nodig is. Geen bepaling in verband met tyd in hierdie skole is dus gemaak nie.[4]

In 1952 is voorgenoemde bepalinge vervang deur nuwes wat nou op alle middelbare skole van toepassing sou wees: voortaan moes alle klasse in hierdie skole minstens 'n halfjaar lank in Standerds VI, VII en VIII beroepsvoorligting ontvang, en 1 periode per week

minstens ....../81.

1) T.O.D. Lys van skole en veldamptenare, 1ste Kwartaal 1949, 9.
2) Vraag 3, bylae II, bl.123.
3) T.O.D. Omsendbrief,no.2, Junie 1947,12,item 13.
4) T.O.D. Omsendbrief,no.1, 1950, 12, item 8.

minstens 'n halfjaar lank in òf Standerd IX òf Standerd X.[1)]

Die bepaling van toepassing op skole in 1950 onder (1) genoem, het dus nou <u>alle</u> middelbare skole ingesluit.

Die toestand aan die einde van 1953 was soos volg:

<u>TABEL XIII.</u>

<u>Skole wat tyd soos deur die Departement voorgeskryf aan beroepsvoorligting bestee het.</u>

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | M | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 3 | 2 | 22 | 27 | - | 2 | 7 | 9 | 25 | 52 | 9 | 61 |
| Nee | 1 | 2 | - | 3 | - | 3 | 2 | 5 | 6 | 9 | 5 | 14 |
| Vraag beantwoord | 4 | 4 | 22 | 30 | - | 5 | 9 | 14 | 31 | 61 | 14 | 75 |

(1) Drie van die 4 bestaande seunskole, 2 van die 4 meisieskole en al 22 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep het die vereiste tyd aan beroepsvoorligting bestee.

(2) Geen seunskole, 2 meisieskole en 7 gemengde skole in die stedelike Engelsmedium-groep het die bepaalde tyd vir die vak afgesonder. Geeneen van die betrokke seunskole, 3 van die onderhawige meisieskole en 2 gemengde skole het wel beroepsvoorligting gegee, maar nie ooreenkomstig die tyd daarvoor vereis nie.

(3) Op die platteland het 25 skole wel, en 6 nie die tyd soos vereis aan die vak bestee nie.

(4)......../82

1) T.O.D. Omsendbrief, no.3, 1952, item 79.

(4) Van die 75 middelbare skole wat inligting in die verband verstrek het, het 61, dit wil sê, 81.3%, die tydsbepalinge nagekom, terwyl 14, dit is, 18.7% dit om een of ander rede nie gedoen het nie.

Slotsom: Onder die Afrikaansmedium-skole het 'n heelwat groter persentasie die vereiste tyd aan die vak bestee as wat die geval by die Engelsmedium-skole was. In al die betrokke skole saamgeneem, het beroepsvoorligting, virsover dit die tyd per week daaraan bestee, aangaan, op 'n bevredigende wyse tot sy reg gekom.

iv. Standerds waaraan beroepsvoorligting gegee is.[1]

Soos reeds gemeld, is aanvanklik met die instelling van die vak bepaal dat voorligting aan elke klas van Standerds VI-IX gegee moes word. In 1950 soos gewysig in 1952 is daar 'n keuse gelaat ten opsigte van Standerds IX en X, naamlik òf in Standerd IX òf in Standerd X.[2]

Toe die ondersoek ingestel is, was die toestand soos volg:

TABEL XIV a.

Standerds waaraan beroepsvoorligting gegee is.

| | Sted. Afr. Med | | | | Sted. Eng. Med | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| St. VI | 4 | 2 | 22 | 28 | - | 3 | 9 | 12 | 30 | 58 | 12 | 70 |
| St. VII | 4 | 3 | 21 | 28 | - | 2 | 8 | 10 | 29 | 57 | 10 | 67 |
| St. VIII | 4 | 3 | 21 | 28 | - | 4 | 9 | 13 | 31 | 59 | 13 | 72 |
| St. IX | 3 | 3 | 16 | 22 | - | 4 | 7 | 11 | 23 | 45 | 11 | 56 |
| St. X | - | 1 | 6 | 7 | - | 2 | 5 | 7 | 9 | 16 | 7 | 23 |

Tabel XIV b....../83

1) Vraag 5, bylae II, bl. 123.
2) T.O.D. Omsendbrief, no. 2, Junie 1947, 12, item 13, par. c3.
3) Dies., no. 1, 1950, 12, item 8.
4) Dies., no. 3, 1952, 152, item 79.

## TABEL XIV b.

Skole waar beroepsvoorligting gegee is, volgens standerdgroepe gerangskik.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| St.VI,VII,VIII, IX, X. | - | 1 | 6 | 7 | - | - | 5 | 5 | 9 | 16 | 5 | 21 |
| St.VI,VII, VIII,IX. | 3 | - | 10 | 13 | - | 2 | 2 | 4 | 12 | 25 | 4 | 29 |
| St.VI,VII, VIII,X. | - | - | 2 | 2 | - | - | - | - | - | 2 | - | 2 |
| St.VI,VII, VIII. | 1 | - | 3 | 4 | - | - | 1 | 1 | 8 | 12 | 1 | 13 |
| St.VI, X. | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 |
| St.VI, VIII. | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | 1 | 1 |
| St.VI,VIII, IX. | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 |
| St. VI. | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | 1 | - | 1 | 1 | 2 |
| St. VII,VIII, IX. | - | 2 | - | 2 | - | - | - | - | - | 2 | - | 2 |
| St.VIII,IX,X. | - | - | - | - | - | 2 | - | 2 | - | - | 2 | 2 |
| St.VIII, IX. | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 |
| Vraag beantwoord | 4 | 4 | 22 | 30 | - | 5 | 9 | 14 | 31 | 61 | 14 | 75 |

Vyf-en-sewentig skole het inligting op die vraag verstrek. Die persentasies wat aangegee word, is dus uit hierdie getal bereken.

Twee van die meisieskole met Afrkaans as voertaal het kort voor die ondersoek eers as sodanig begin funksioneer en het nog weens personeelmoeilikhede dit moeilik gevind om die nodige persone vir die onderrig

van die....../84

van die vak te bekom.

Van die stedelike gemengde en plattelandse skole het kort tevore eers hoërskoolstatus gekry, vandaar onder andere dat 22 van eersgenoemdes en 25 van laasgenoemdes beweer het dat hulle wel beroepsvoorligting volgens Departementele vereistes gee, terwyl dit volgens tabel XIVa blyk dat slegs 18 van eersgenoemdes en 21 van laasgenoemdes dit wel in die voorgeskrewe standerds van die volmondige middelbare skool gedoen het.[1]

(1) Uit tabel XIVa, verder saamgevat in tabel XIVb blyk dit dat al 4 Afrikaansmedium-seunskole, 2 Afrikaansmedium-meisieskole en 22 Afrikaansmedium-gemengde skole in stedelike gebiede, 3 meisieskole en 9 gemengde skole in laasgenoemde gebiede met Engels as voertaal en 30 plattelandse skole beroepsvoorligting aan Standerd VI gegee het, 'n totaal van 70 uit die 75 skole (93.3%).

(2) Vier seunskole, 3 meisieskole en 21 gemengde skole in stedelike gebiede met Afrikaans as voertaal, 2 meisieskole en 8 gemengde skole met Engels as voertaal en 29 plattelandse skole, met ander woorde, 'n totaal van 67 (89.3%), het die vak in Standerd VII tot sy reg laat kom.

(3) Die betrokke getalle geld ook vir Standerd VIII in die stedelike Afrikaansmedium-skole, terwyl 4 Engelsmedium-meisieskole en 9 gemengde skole asook 31 plattelandse skole in hierdie standerd aandag aan die

vak....../85

1) Vgl. tabel XIII, bl. 81.

vak gegee het: 'n totaal van 72 (96%).

(4) In Standerd IX het 3 seunskole, 3 meisieskole en 16 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep, 4 meisieskole en 7 gemengde skole in die stedelik Engelsmedium-groep en 23 in die plattelandse groep die verwagte tyd aan beroepsvoorligting gewy: 56 uit 75 (74.7%).

(5) Slegs 1 Afrikaansmedium-meisieskool en 6 gemengde skole in stedelike gebiede en 9 plattelandse skole, 'n totaal van 23 (30.7%), het die vak in Standerd X gegee.

Slotsom: (1) In geen Engelsmedium-seunskool is ten tyde van die ondersoek in enige van die middelbare klasse georganiseerde beroepsvoorligting volgens die vereiste tyd gegee nie.

(2) In Standerds VI, VII en VIII het beroepsvoorligting in byna al die skole waar dit gegee is, die vereiste aandag geniet, terwyl daar 'n skerp daling is in Standerd IX en nog meer opmerklik in Standerd X. Die skole kon natuurlik kies om die vak in Standerd IX òf X te gee. Drie-en-twintig skole (30.7%), het dit in Standerd IX en X gegee; 33 (44%) net in Standerd IX en 3 skole (4%) net in Standerd X.

v. Duur van tyd per standerd aan beroepsvoorligting gewy.[1]

Aanvanklik is deur die Departement vir elke klas „een les per week"[2] voorgeskryf. In die latere omsendbriewe..../86

1) Vraag 6, bylae II, bl.123.
2) T.O.D. Omsendbrief,no.2, Junie 1947,12,item 13, par. C 3.

omsendbriewe word volstaan met „een periode per week vir ten minste 'n halfjaar."[1)]

Volgens inligting verstrek na aanleiding van die betrokke vraag, was die toestand destyds soos volg:

TABEL XV.

Tydperk waarin een periode per week per standerd aan beroepsvoorligting gewy is.

| | Sted. Afr. Med | | | | Sted. Eng. Med | | | | Pl | Afr | Eng | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot | Tot | Tot. |
| 'n volle jaar lank. | 3 | 1 | 17 | 21 | - | 1 | 2 | 3 | 26 | 47 | 3 | 50 |
| 'n halfjaar lank | 1 | 3 | 5 | 9 | - | 3 | 7 | 10 | 5 | 14 | 10 | 24 |
| Vrae beantwoord. | 4 | 4 | 22 | 30 | - | 4 | 9 | 13 | 31 | 61 | 13 | 74 |

(1) Drie seunskole, 1 meisieskool en 17 gemengde skole in die stedelike gebiede met Afrikaans as voertaal het een periode per week 'n volle jaar lank aan beroepsvoorligting afgestaan. Een seunskool, 3 meisieskole en 5 gemengde skole het slegs die vereiste periode per week 'n halfjaar lank aan die vak bestee.

(2) In die stedelike Engelsmedium-groep het 1 meisieskool en 2 gemengde skole 'n volle jaar lank een periode per week beroepsvoorligting gegee, en 3 meisieskole en 7 gemengde skole een periode per week 'n halfjaar lank.

Een meisieskool het hierdie vraag nie beantwoord nie, terwyl, soos reeds daarop gewys is, by die 5

seunskole......./87

1) T.O.D. Omsendbrief, no.1, 1950,12, item 8. Dies., no, 3, 1952, 152, item 79. Woorde deur skrywer onderstreep.

seunskole en 1 gemengde skool in die groep beroepsvoorligting nie deel van die skoolleerplan gevorm het nie.

(3) Van die plattelandse skole het 26 een periode per week die volle jaar lank aan die vak afgestaan en 5 'n halfjaar lank. By een skool is die vak nie gegee nie.

Slotsom: (1) Dit blyk dat van die 61 Afrikaansmedium-skole 47 (77%) meer as die voorgeskrewe tyd aan die vak gewy het, terwyl die ander 14 (23%) ook aan die minimum tydsvereistes voldoen het.

(2) Van die 13 Engelsmedium-skole waar beroepsvoorligting 'n deel van die skoolleerplan gevorm het en waaroor inligting beskikbaar was, het 3 (23%) 'n volle jaar lank en 10(77%) 'n halfjaar lank een periode per week beroepsvoorligting gegee. Al 13 het dus, virsover dit tyd aangaan, aan die verwagting of meer as die verwagting voldoen.

(3) Van die 74 skole het 50 (67.5%) meer as die vereiste tyd aan die vak bestee, en 24 (32.5%) wel die minimum tyd.

vi. Navolging van die voorgestelde leerplan.[1)]

In 1948 is 'n „Leerplan vir Beroepsvoorligting" deur die Transvaalse Onderwysdepartement aan skole beskikbaar gestel.[2)] Dat die leerplan slegs as uitgangspunt by die onderrig van die vak moes dien, blyk

duidelik uit die......./88

1) Vraag 7, bylae II, 123.
2) T.O.D. Leerplan vir Beroepsvoorligting. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1948.
Opgeneem in T.O.D. Leerplanne vir die Middelbare Skool. Handboek, 1952, 204.

duidelik uit die inleidende paragraaf:

„G'n skool sal ooit al die voorgestelde moontlikhede van die leerplan soos wat hier volg, presies so kan gebruik nie. Daarvoor verskil die persoonlikhede, belangstelling en kennis van die verskillende onderwyser-voorligters te veel. G'n leerplan kan ook doeltreffend wees wat nie aanpas by plaaslike omstandighede en die spesifieke behoeftes van die leerlinge nie."[1)]

Die vraag was in hoeverre van hierdie toegewing om van die leerplan af te wyk deur die skole gebruik gemaak is en hoeveel dit heeltemal links laat lê het.

Uit die beskikbare inligting blyk die volgende:

TABEL XVI.

Volg van die voorgestelde leerplan.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 1 | 2 | 8 | 11 | - | 1 | 3 | 4 | 14 | 25 | 4 | 29 |
| Nee | 2 | 1 | 2 | 5 | 4 | 3 | 3 | 10 | 2 | 7 | 10 | 17 |
| Gedeeltelik | 1 | 1 | 12 | 14 | 1 | 1 | 3 | 5 | 14 | 28 | 5 | 33 |
| Vraag beantwoord | 4 | 4 | 22 | 30 | 5 | 5 | 9 | 19 | 30 | 60 | 19 | 79 |

(1) In die stedelike Afrikaansmedium-groep het 1 seunskool, 2 meisieskole en 8 gemengde skole, dus 'n totaal van 11, beweer dat hulle die leerplan volg.

In....../89

1) T.O.D. Leerplan vir Beroepsvoorligting, 1948, 2, par. 1.

In die Engelsmedium-groep het 1 meisieskool en 3 gemengde skole, en op die platteland 14 skole eweneens bevestigend geantwoord.

As die 5 Engelsmedium-seunskole wat nie beroepsvoorligting gegee het nie,[1] dus buite rekening gelaat word, het 29 uit 74 skole wel die leerplan soos dit aangebied is, gevolg.

(2) Twee seunskole, 1 meisieskool en 2 gemengde skole met Afrikaans as voertaal in die stedelike gebiede, 4 seunskole, 3 meisieskole en 3 gemengde skole met Engels as voertaal en 2 skole op die platteland het volgens inligting deur hulle verstrek, dit nie gevolg nie. As die 4 Engelsmedium-seunskole wat dit uit die aard van die saak nie kón volg nie - beroepsvoorligting het, soos reeds verduidelik, nie 'n deel van hulle skoolleerplan gevorm nie en daar is ook geen tyd vir die vak afgesonder nie,[2] - het 'n totaal van 13 skole wat wel georganiseerde beroepsvoorligting gegee het, nie die voorgestelde leerplan gevolg nie.

(3) Een seunskool en 1 meisieskool en 12 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep het die leerplan gedeeltelik gevolg. Een seunskool, 1 meisieskool en 3 gemengde skole in die Engelsmedium-groep en 14 skole op die platteland het dit ook gedeeltelik gevolg. As die een Engelsmedium-seunskool

buite...../90

1) Vgl. tabel IX, bl.71.
2) Dies., asook tabel XV, bl. 86.

buite rekening gelaat word,[1] het 32 skole die leerplan gedeeltelik gevolg.

Slotsom: Van die 75 skole waar georganiseerde beroepsvoorligting gegee is, het 74 op die vraag inligting verstrek en daarvan het 29 (39.2%) die voorgestelde leerplan wel gevolg; 32 (43.7%) het dit gedeeltelik gevolg; 13 (17.3%) het nie.

vii. Opleiding van verantwoordelike leerkragte.[2]

Die Transvaalse Onderwysdepartement het met die instelling van beroepsvoorligting verwag dat die onderwyser-voorligter wat vir beroepsvoorligting verantwoordelik sou wees „'n voltydse lid van die personeel moes wees en as dit moontlik is, in besit moes wees van 'n universiteitsgraad".[3] Aanvanklik was blykbaar die enigste spesiale opleiding wat van so 'n leerkrag verwag is die geskooldheid om intelligensie- en ander toetse af te neem.[4] Die Departement het wel destyds sy voorneme te kenne gegee om „mettertyd reëlings te tref vir 'n reeks kort kursusse oor beroepsvoorligting vir onderwyser-voorligters". Gedurende die paasvakansie in 1948 is daar toe ook in Johannesburg 'n kort kursus gehou waartydens 'n

reeks......./91

---

1) Dis moeilik verstaanbaar hoe die een Engelsmedium seunskool wat volgens die inligting verstrek,die leerplan gevolg het, dit kon doen, aangesien beroepsvoorligting nie deel van daardie skool se leerplan gevolg het nie,tensy dit buite skoolure gedoen is.
2) Vrae 9 en 10, bylae II,bl.123.
3) T.O.D. Omsendbrief,no.2, Junie 1947,12,item 13, par. B 2(b).
4) Dies., par. C 1.

reeks lesings deur beroepsvoorligters van die Departement asook verteenwoordigers van die handel, nywerheid en opvoedkundige inrigtings oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe rakende beroepsvoorligting en die beroepslewe, gegee is.[1] Hierdie kursus is opgevolg met 'n tweede van 27 tot 30 Maart 1951. Deur onderwyser-voorligters en andere is sekere aspekte van die onderwerp behandel.[2]

Waar die mate van opleiding wat die verantwoordelike leerkragte ontvang het, oorweeg is, is voorgenoemde kursusse in aanmerking geneem en word dit in die volgende tabel aangedui met K.K. (kort kursusse). Benewens die voorgenoemde groep was daar ook 'n aantal onderwyser-voorligters wat langs ander weë opleiding in verband met beroepsvoorligting ontvang het, terwyl die derde groep oor hoegenaamd geen georganiseerde opleiding beskik het nie.

TABEL XVIIa.

Aard van opleiding van leerkrage.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| a. Ja K.K. | - | 1 | 8 | 9 | - | 1 | 1 | 2 | 13 | 22 | 2 | 24 |
| b. Ja. Ander opleiding | 1 | 1 | 8 | 10 | 1 | - | 2 | 3 | 2 | 12 | 3 | 15 |
| c. Nee. Geen opleiding | 3 | 2 | 6 | 11 | 1 | 4 | 6 | 11 | 16 | 27 | 11 | 38 |
| Vraag beantwoord. | 4 | 4 | 22 | 30 | 2 | 5 | 9 | 16 | 31 | 61 | 16 | 77 |

Tabel XVIIb......./92

1) Vgl. T.O.D. Beroepsvoorligting in Na-Primêre Skole, Beroepsvoorligtingburo, 1948.
2) T.O.D. Praktiese probleme i.v.m. Beroepsvoorligting, Beroepsvoorligtingsburo, 1951.

TABEL XVIIb.

Kwalifikasies van leerkragte in tabel XVIIa, groep b, genoem.

| Kwalifikasies | Aantal leerkragte. |
|---|---|
| Graad in Sielkunde | 7 |
| B.Ed.(Beroepsvoorligting) | 3 |
| M.Ed.(Beroepsvoorligting) | 1 |
| 1 Jaar nagraadse studie beroepsvoorligting (V.S.A.) | 1 |
| Deeltydse klasse beroepsvoorligting, Universiteit van Pretoria. | 1 |
| 1 Jaar nagraadse navorsing beroepsvoorligting in Engeland, Skotland en Wallis. | 1 |
| Kursus Universiteit Stellenbosch in beroepsvoorligting voltooi. | 1 |
| Totaal | 15 |

(1) In die Afrikaansmedium-groep in stedelike gebiede was daar 1 meisieskool en 8 gemengde skole, in die Engelsmedium-groep 1 meisieskool en 1 gemengde skool en op die platteland 13 skole, dus 'n totaal van 24, waar die verantwoordelike leerkrag se opleiding slegs berus het op die bywoning van een of albei kort kursusse.

(2) Een seunskool, 1 meisieskool en 8 gemengde skole in die stedelik Afrikaansmedium-groep, 1 seunskool en 2 gemengde skole in die Engelsmedium-groep en 2 plattelandse skole het beskik oor onderwyser-voorligters wat een of ander vorm van georganiseerde en intensiewe opleiding in verband met

beroepsvoorligting...../93

beroepsvoorligting ontvang het.[1] Sewe het oor 'n graad in Sielkunde beskik, 3 oor 'n Baccalaureus-graad in Opvoedkunde (Beroepsvoorligting), 1 het een jaar lank nagraadse studie in beroepsvoorligting aan 'n Amerikaanse universiteit afgelê, 1 het 'n jaar lank nagraadse navorsing in die verband in Engeland, Skotland en Wallis gedoen, 1 het deeltydse klasse in beroepsvoorligting aan die Universiteit van Pretoria geloop en 1 het 'n kursus in Sielkunde en Beroepsvoorligting aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi.

(3) Aan 3 Afrikaansmedium-seunskole, 2 meisieskole en 6 gemengde skole in die stedelike gebiede het die onderwyser-voorligter geen opleiding in die onderhawige verband gehad nie. Dit geld ook vir 1 Engelsmedium-seunskool, 4 meisieskole en 6 gemengde skole in die stedelike gebiede en 16 plattelandse skole.

<u>Slotsom</u>: Uit die 75 skole wat op die vraag inligting verstrek het,[2] kan, as die aard en omvang van die kort kursusse in aanmerking geneem word, kwalik gepraat word van opgeleide onderwyser-voorligters in die geval van die 24 onder (1) genoem. In 'n mindere mate maar tog ook geld dieselfde ten opsigte van die 7 wat oor 'n graad in Sielkunde beskik het.

In......../94

---

1) Vgl. tabel XVIIb, bl. 92.
2) Die 2 Engelsmedium-seunskole kan buite rekening gelaat word, want beroepsvoorligting het nie deel van hulle leerplan ge orm nie, vgl. tabel IX, bl. 71. Die een onderwyser in die Engelsmedium-seunskool is nie by die 8 wat as akademies onderleg beskou kan word, ingesluit nie.

In werklikheid was daar dus slegs 8 onderwyser-voorligters wat akademies onderleg beskou kan word om beroepsvoorligting te gee, dit wil sê 10.7%.

viii. Aantal leerkragte wat onder andere beroepsvoorligting gegee het en die mate van opleiding wat hulle geniet het.[1)]

Saam met die onderwyser-voorligters was daar die volgende aantal leerkragte wat onder andere ook beroepsvoorligting gegee het met of sonder enige opleiding vir die doel:

TABEL XVIII

Aantal leerkragte wat o.a. beroepsvoorligting gegee het en mate van opleiding.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Leerkragte | 5 | 29 | 56 | 90 | 5 | 28 | 9 | 42 | 51 | 141 | 42 | 183 |
| Met opleiding.... | 1 | 3 | 18 | 22 | 1 | 1 | 1 | 3 | 11 | 33 | 3 | 36 |
| Aantal skole betrokke | 3 | 4 | 20 | 27 | 3 | 5 | 5 | 13 | 17 | 44 | 13 | 57 |

(1) In die 3 stedelike Afrikaansmedium-seunskole was daar 5 leerkragte vir beroepsvoorligting verantwoordelik waarvan 1 een of ander vorm van opleiding in die verband ontvang het.

(2) In......../95

1) Vgl. vrae 4 en 5, bylae IV, bl. 125.
Die kort kursusse van die Departement is in hierdie geval as opleiding beskou.

(2) In die 4 meisieskole van bogenoemde groep het 29 leerkragte onder andere die vak gegee en het slegs 3 enige opleiding in die verband gehad.

(3) In die 18 gemengde skole van die betrokke groep het 56 onderwysers beroepsvoorligting gegee en van hulle het 18 een of ander vorm van opleiding in die opsig gehad.

(4) In die stedelike Engelsmedium-groep was daar in 3 seunskole 5 onderwysers vir die taak verantwoordelik en 1 het oor opleiding beskik.

(5) In die 5 meisieskole het 28 onderwysers met die vak gehelp en slegs 1 het oor enige opleiding beskik.

(6) Van die 9 leerkragte in 5 Engelsmedium gemengde skole het ook net 1 'n mate van opleiding gehad.

(7) In die 17 plattelandse skole het 51 leerkragte beroepsvoorligting gegee en 11 kon van 'n mate van opleiding getuig.

Slotsom: In die 57 skole wat in die verband geraadpleeg is, het 183 leerkragte in 'n mate verantwoordelikheid vir die vak aanvaar en slegs 36 het enige opleiding in die verband gehad.[1]

ix. Skole met gesertifiseerde I.K.-toetsafnemers.[2]

Tabel XIX......./96

1) Vgl. ook subpar. 6b,vii, bl.. 90.
2) Eerste gedeelte van vraag 13, bylae II, bl. 123. Met die I.K.-toets word bedoel die Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets (Wilcocks).

TABEL XIX.

Skole waar daar gesertifiseerde leerkragte was om I.K.-toetse af te neem.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 3 | 4 | 20 | 27 | 2 | 3 | 7 | 12 | 28 | 55 | 12 | 67 |
| Nee | 1 | - | 2 | 3 | 1 | 1 | 3 | 5 | 3 | 6 | 5 | 11 |
| Vraag beantwoord | 4 | 4 | 22 | 30 | 3 | 4 | 10 | 17 | 31 | 61 | 17 | 78 |

(1) Van die 30 skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep was daar by 3 seunskole, al 4 meisieskole en 20 gemengde skole, 'n totaal van 27, wel 'n leerkrag wat die I.K.-toets kon afneem, terwyl by 1 seunskool en 2 gemengde skole daar nie 'n sodanige persoon was nie.

(2) Van die 17 Engelsmedium-skole was daar by 2 seunskole, 3 meisieskole en 7 gemengde skole, totaal 12, gesertifiseerde I.K.-toetsafnemers, en by 1 seunskool, 1 meisieskool en 3 gemengde skole nie.

(3) By 28 plattelandse skole was daar 'n leerkrag wat die intelligensietoets kon afneem en by 3 nie.

Slotsom: Van die 78 skole wat die betrokke vraag beantwoord het, het 67 (85.9%) oor 'n personeellid beskik wat die onderhawige toets kon afneem, terwyl dit by 11 skole (14.1%) nie die geval was nie.

x. Die gebruik van ander beroepstoetse in skole.[1)]

Alhoewel die Transvaalse Onderwysdepartement nie

voorsiening...../97

1)Tweede deel van vraag 13, bylae II, bl.123.
Ongelukkig is hierdie deel van vraag 13 in die vraelys aan Engelsmedium-skole per abuis uitgelaat en daar was derhalwe oor hierdie groep in die verband geen inligting beskikbaar nie.

voorsiening gemaak het vir die georganiseerde en sistematiese afneem van enige ander toetse (behalwe die bogenoemde intelligensietoets) wat vir die onderwyser -voorligter van hulp kan wees by die voorligting van leerlinge in verband met beroepskeuse nie, was daar tog enkele onderwyser-voorligters wat van ander toetse gebruik gemaak het in 'n poging om meer omtrent die leerlinge te wete te kom:

TABEL XX.

Beroepstoetse, uitgesonderd I.K.-toetse, in Afrikaansmedium-skole gebruik.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Pl. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | |
| Ja | 2 | 1 | 10 | 13 | 3 | 16 |
| Nee | 2 | 3 | 12 | 17 | 28 | 45 |
| Skole betrokke | 4 | 4 | 22 | 30 | 31 | 61 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat
(1) in twee seunskole, 1 meisieskool en 10 gemengde skole in die stedelike gebiede en in 3 plattelandse skole nog van ander beroepstoetse gebruik gemaak is.
(2) Twee seunskole, 3 meisieskole en 12 gemengde skole in die stedelike gebiede en 28 plattelandse skole se onderwyser-voorligters het nie enige ander toetse toegepas nie.

Wat die aard van die beroepstoetse aangaan wat in die bogenoemde 16 skole gebruik is, blyk dit dat

daar......./98

daar onder andere van belangstellingtoetse, aanleg- en vaardigheidstoetse, persoonlikheidstoetse en skolastiese toetse gebruik gemaak is, asook van beroepsbattery-toetse onder andere dié van die Arbeidsburo in Pretoria en dié van die Jeugraad.

Slotsom: In die Afrikaansmedium-skole het 16 uit 61, dit wil sê 26.2%, van addisionele beroepstoetse gebruik gemaak, terwyl 45 (73.8%) nie enige ander toetse toegepas het nie.

Dis opvallend dat terwyl 43% van die stedelike skole se onderwyser-voorligters ander beroepstoetse gebruik het, sistematies al dan nie, slegs 10.7% van die betrokke leerkragte van die plattelandse skole dit gedoen het. Dis waarskynlik aan plaaslike omstandighede toe te skryf.

## xi. Die samewerking van kollegas ten opsigte van die vak.[1]

Wat die status van beroepsvoorligting as vak aangaan in verhouding tot die ander vakke van die skoolleerplan blyk die volgende uit die gegewens verstrek:

Tabel XXI......./99

---

1) Vraag 12, bylae II, bl. 123.

TABEL XXI.

Samewerking van kollegas t.o.v. beroepsvoorligting.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot | Gm. | Tot. | Tot | Tot. |
| Goed | 1 | 1 | 9 | 11 | 2 | 1 | 4 | 7 | 15 | 26 | 7 | 33 |
| Minder goed | - | - | 2 | 2 | - | 1 | - | 1 | 1 | 3 | 1 | 4 |
| Middelmatig | - | 3 | 8 | 11 | - | 1 | 3 | 4 | 9 | 20 | 4 | 24 |
| Swak | 1 | - | 1 | 2 | - | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 2 | 5 |
| Geen | 2 | - | 1 | 3 | 1 | - | 1 | 2 | 4 | 7 | 2 | 9 |
| Vraag beantwoord | 4 | 4 | 21 | 29 | 3 | 4 | 9 | 16 | 30 | 59 | 16 | 75 |

(1) Van die 75 skole wat inligting op hierdie vraag verstrek het, was by 1 seunskool, 1 meisieskool en 9 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep, by 2 seunskole, 1 meisieskool en 4 gemengde skole in die Engelsmedium-groep en by 15 plattelandse skole die samewerking goed.

(2) By 2 stedelike Afrikaansmedium gemengde skole, 1 Engelsmedium-meisieskool en 1 plattelandse skool was die samewerking minder goed.

(3) Die onderwyser-voorligters van 3 meisieskole en 8 gemengde skole in die stedelike Afrikaansmedium-groep, 1 meisieskool en 3 gemengde skole in die Engelsmedium-groep en 9 plattelandse skole het verklaar dat die samewerking van die kollegas middelmatig was.

(4) Die betrokke leerkragte van 1 seunskool en 1 gemengde skool in die eerste groep, 1 meisieskool en 1

gemengde....../100

gemengde skool in die tweede groep en 1 plattelandse skool het verklaar dat die samewerking swak was.

(5) By 2 seunskole en 1 gemengde Afrikaansmediumskool in die stedelike gebiede, 1 seunskool en 1 gemengde skool in die Engelsmedium-groep en 4 skole op die platteland was daar geen samewerking nie.[1)]

Slotsom: By 44% van die skole waaroor inligting beskikbaar was, was die samewerking van die ander kollegas so goed as wat verlang kon word. Die vak het dus 'n goeie status in daardie skole beklee.

By 5.3% skole was dit nie so puik nie, by 32% was dit middelmatig, by 6.6% was dit swak, terwyl daar by 12% van die skole geen samewerking te vinde was nie, met ander woorde, die vak in die oë van die ander kollegas geen status gehad het nie.

Opmerkings. Dit wil uit die antwoorde wat verstrek is, voorkom of „minder goed" deur baie proefpersone swakker beskou is as „middelmatig".

Benewens die vak self is daar natuurlik baie ander faktore wat die gewildheid van die vak kon beinvloed, terwyl kollegiale lojaliteit onbewus ook 'n invloed op die juistheid van die antwoorde mag gehad het.

xii......./101

1) Aangesien georganiseerde beroepsvoorligting in geen Engelsmedium-seunskole wat inligting verstrek het, gegee is nie, het die proefpersoon in die een skool wat op hierdie vraag 'n antwoord verstrek het, waarskynlik die algemene houding van die personeel teenoor die onderwerp weerspieël.

xii. Fasiliteite vir persoonlike onderhoude.[1)]

(1) Ten opsigte van tyd.

Op die vraag aan die betrokke onderwysers of hulle geleentheid kry vir persoonlike samesprekings met leerlinge as deel van die beroepsvoorligtingsproses, het hulle soos volg geantwoord:

TABEL XXII.

Of onderwyser-voorligter die nodige tyd kry vir persoonlike onderhoude.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | 1 | 2 | 10 | 13 | 2 | 2 | 4 | 8 | 8 | 21 | 8 | 29 |
| Nee | 2 | 2 | 10 | 14 | 1 | 3 | 1 | 5 | 9 | 23 | 5 | 28 |
| Totaal | 3 | 4 | 20 | 27 | 3 | 5 | 5 | 13 | 17 | 44 | 13 | 57 |

(a) Van die 27 onderwyser-voorligters in die stedelike skole met Afrikaans as voertaal het slegs 1 van 'n seunskool, 2 van meisieskole en 10 van gemengde skole geleentheid gekry om indiwidueel met leerlinge oorleg te pleeg, terwyl dié van 2 seunskole, 2 meisieskole en 10 gemengde skole sodanige geleentheid nie gekry het nie.

(b) In die stedelike skole met Engels as voertaal was die toestand 'n bietjie gunstiger: 8 skole (waaronder 2 seunskole, 2 meisieskole en 4 gemengde skole)

se onderwyser-....../102

1) Vrae 2 en 3, bylae IV, bl. 125.

se onderwyser-voorligters het sodanige geleenthede gehad, en 5 s'n (dié van 1 seunskool, 3 meisieskole en 1 gemengde skool) nie.

(c) Van die plattelandse skole se onderwyser-voorligters het 8 die nodige geleenthede gekry en 9 nie.

Slotsom: Teenoor die 29 onderwyser-voorligters wat die nodige tyd gehad het vir indiwiduele samesprekings met leerlinge as deel van die beroepsvoorligtingsdiens, moes 28 daarsonder klaarkom. As hierby in aanmerking geneem word dat van diegene wat getuig het dat hulle wel die geleenthede kry, daar 5 was wat dit buite skoolure gedoen het, 7 wat die onderhoude gevoer het terwyl die ander leerlinge met ander werk besig was (en sodanige onderhoude kan beswaarlik as van persoonlike aard beskou word), en nog 2 dit gedurende hulle vry periodes of gedurende pouses gedoen het, kan die sorgwekkende toestand in hierdie opsig begryp word.

Van diegene wat nie die geleenthede daarvoor gekry het nie, is 'n gebrek aan 'n private lokaal, gebrek aan tyd en die omvang van die leerlingetal as struikelblokke genoem.

In die gevalle waar die hoof of visehoof in die skool vir beroepsvoorligting verantwoordelik was, is die gebrek aan 'n lokaal nie geopper nie, omdat die hoof, en in die meeste gevalle die vise-hoof ook, oor 'n eie kantoor beskik het.

(2) Ten opsigte van plek.

Op die vraag of daar 'n geskikte plek is waar persoonlike onderhoude

met....../103

met leerlinge gehou kan word, is die toestand soos volg weerspieël.

TABEL XXIII.

Of daar 'n geskikte plek is waar persoonlike onderhoude gehou kan word.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Ja | - | - | 9 | 9 | 1 | 2 | 2 | 5 | 4 | 13 | 5 | 18 |
| Nee | 3 | 4 | 11 | 18 | 2 | 3 | 3 | 8 | 13 | 31 | 8 | 39 |
| Totaal | 3 | 4 | 20 | 27 | 3 | 5 | 5 | 13 | 17 | 44 | 13 | 57 |

(a) Slegs in 9 gemengde skole met Afrikaans as voertaal in die stedelike gebiede het die onderwyser-voorligter oor 'n lokaal beskik, (waarvan in twee gevalle dit die boekevoorraadkamer was), terwyl dit in 3 seunskole, 4 meisieskole en 11 gemengde skole nie die geval was nie.

(b) In die stedelike Engelsmedium-skole het die onderwyser-voorligter van 1 seunskool, 2 meisieskole en 2 gemengde skole 'n kantoor tot hulle beskikking gehad; dié van 2 seunskole, 3 meisieskole en 3 gemengde skole nie.

(c) In die plattelandse skole het 4 van die betrokke onderwysers 'n plek gehad waar hulle privaat met die leerlinge kon gesels, en 13 nie.

<u>Slotsom</u>: Terwyl die onderwyser-voorligters van 18 skole oor 'n plek beskik het waar persoonlike

onderhoude...../104

onderhoude met leerlinge gevoer kon word, het 39 nie oor die fasiliteite beskik nie. Van die genoemde 18 wat wel 'n plek gehad het, was 4 hoofde en 5 vise-hoofde met 'n eie kantoor.
As die voorgenoemde 9 hoofde en vise-hoofde wat as gevolg van normale omstandighede 'n eie kantoor tot hulle beskikking gehad het, buite rekening gelaat word, het uit die oorgeblewe 48 onderwyser-voorligters 9 (18.7%) 'n plek tot hulle beskikking gehad om hierdie belangrike en algemeen aanvaarde aspek van beroepsvoorligting tot sy reg te laat kom.

### c. Waarom Departementele verwagtinge in sommige skole nie nagekom is nie.

#### i. Waarom is die vereiste tyd nie aan beroepsvoorligting bestee nie?[1]

Die rede waarom die tyd soos deur die Departement voorgeskryf, nie aan beroepsvoorligting gewy is nie, is deur die betrokke skole soos volg verklaar:

Tabel XXIV....../105

1) Vraag 4, bylae II, bl. 123.

## TABEL XXIV.

**Waarom die vereiste tyd nie aan beroepsvoorligting bestee is nie.**

| | Sted. Afr Med | | | | Sted. Eng.Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng. | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot. | Tot. |
| Tydsgebrek | 1 | 1 | 1 | 3 | - | 2 | 1 | 3 | 5 | 8 | 3 | 11 |
| Personeeltekort | - | - | 1 | 1 | 1 | - | 1 | 2 | 1 | 2 | 2 | 4 |
| Roostermoeilikheid. | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | 2 | 3 | 1 | 4 |
| Ander redes. | - | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 1 | - | 1 | 1 | 2 |
| Skole betrokke | 1 | 2 | 3 | 6 | 2 | 2 | 3 | 7 | 8 | 14 | 7 | 21 |

(1) Gebrek aan tyd. (a) 'n Stedelike seunskool met Afrikaans as voertaal het beweer dat, alhoewel beroepsvoorligting die jaar toe die ondersoek ingestel is (1953) wel die vereiste aandag geniet het, dit voorheen nie die geval was nie omdat daarvoor op die rooster nie tyd gevind kon word nie.

(b) 'n Meisieskool in bogenoemde groep kon in Standerd VI nie die verwagte voorligting gee nie omdat daardie klasse se „program te vol" was.

(c) Een stedelike Afrikaansmedium gemengde skool sowel as 'n plattelandse skool het dit aan „gebrek aan tyd" toegeskryf, terwyl 'n ander skool in laasgenoemde groep gesê het dat „die tyd liewer aan ander skoolvakke (bedoelende waarskynlik eksamenvakke) bestee word". Nog 'n plattelandse skool meen dat soveel tyd van die eksamenvakke nie opge-offer kan word nie, terwyl 'n derde beweer dat die rooster reeds oorlaai is en dat daar

werklik...../106

werklik nie vir nog meer vakke voorsiening gemaak kan word nie. Nog 'n plattelandse skool het verkies om die tyd aan ander vakke wat belangriker beskou word, te bestee.

(d) Twee meisieskole en 1 gemengde skool met Engels as voertaal het ook tydsgebrek as 'n rede aangevoer.

Uit die 6 Afrikaansmedium-skole in stedelike gebiede wat nie die voorgeskrewe tyd vir beroepsvoorligting aan al die standerds kon afstaan nie, was daar 3 wat gebrek aan tyd as rede aangevoer het. (Een meisieskool en 1 gemengde skool het geen redes verstrek nie).

Van die 7 Engelsmedium-skole betrokke, het ook 3 die versuim aan tydsgebrek gewyt. Van die 8 plattelandse skole het 5 die tydsfaktor as oorsaak aangedui.

(2) Gebrek aan personeel. Die gebrek aan die nodige opgeleide personeel vir hierdie vak, is as die tweede belangrikste rede aangevoer waarom die nodige aandag aan beroepsvoorligting nie gewy kon word nie.

(a) 'n Gebrek aan genoegsame onderlegde onderwyser-voorligters om aan alle klasse volgens vereistes voorligting te gee, is deur 'n plattelandse skool as rede gemeld, terwyl dieselfde probleem ook deur 'n Afrikaansmedium gemengde skool in die stedelike gebiede as oorsaak ge-opper is, hoewel hierdie skool tog die vereiste in teorie nagekom het.

(b)......./107

(b) 'n Stedelike Engelsmedium-seunskool en 'n gemengde skool in dieselfde groep, het ook die oorsaak van die versuim om die vak aan te bied, gewyt aan die feit dat daar geen opgeleide leerkragte was om dit te doen nie.

(3) Roostermoeilikhede. Een stedelike gemengde skool in die Afrikaansmedium-groep, 1 seunskool in die Engelsmedium-groep en 2 plattelandse skole het aangevoer dat dit die roosterindeling te moeilik maak, veral as vir die vak slegs 'n halfjaar lank plek in die rooster ingeruim moet word.

(4) Ander redes. (a) 'n Afrikaansmedium-meisieskool was van mening dat die behoefte in daardie spesifieke skool dit nie regverdig nie, hoewel toegegee is dat dit wel die geval mag wees waar omstandighede anders is of waar seuns en meisies saam is.

(b) 'n Stedelike Engelsmedium gemengde skool het gesê dat die vak „te veel tyd vir niks doen" bied.

Slotsom. Van 21 skole wat betrokke was by hierdie ondersoek oor die rede waarom die tyd soos deur die Departement vir die vak voorgeskryf, nie daarvoor afgesonder kon word nie, het meer as die helfte (52.4%) dit aan tydsgebrek toegeskryf, 4 (18%) aan personeelmoeilikhede, 4(18%) aan roosterprobleme en 2 aan ander redes.
Tyd blyk dus in die huidige hoërskool in die verband die grootste belemmerende faktor te wees.

(ii)....../108

ii. Waarom is die Departementele leerplan nie gevolg nie?[1)]

Die volgende redes is deur skole aangevoer waarom die Departementele leerplan nie gevolg is nie, of slegs gedeeltelik gevolg is:

TABEL XXV.

Waarom die voorgestelde leerplan nie gevolg is nie.

| | Sted. Afr. Med. | | | | Sted. Eng. Med. | | | | Pl. | Afr. | Eng | Gr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S. | M. | Gm. | Tot. | S. | M. | Gm. | Tot. | Gm. | Tot. | Tot | Tot. |
| Plaaslike omstandighede | 2 | 2 | 4 | 8 | - | 1 | - | 1 | 7 | 15 | 1 | 16 |
| Metode | - | - | 2 | 2 | - | - | 1 | 1 | - | 2 | 1 | 3 |
| Tyd | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | 2 | 3 | 1 | 4 |
| Leerkragte | - | - | 2 | 2 | - | 1 | - | 1 | - | 2 | 1 | 3 |
| Ander redes | - | - | - | - | 1 | 2 | 6 | 9 | 3 | 3 | 9 | 12 |
| Skole betrokke | 2 | 2 | 9 | 13 | 2 | 4 | 7 | 13 | 12 | 25 | 13 | 38 |

(1) Dit pas nie aan by plaaslike omstandighede nie.[2)]

Twee Afrikaansmedium-seunskole in die stedelike gebiede het gesê dat die leerplan wel gevolg is, maar met afwykings volgens plaaslike behoeftes, en 'n meisieskool het bygevoeg „om by behoeftes van spesiale tipe kind aan te pas", terwyl ook 'n tweede dit by die skool se spesiale omstandighede aangepas het. Twee stedelike Afrikaansmedium gemengde skole het eweneens beweer dat die leerplan aangepas is

by......./109

1)Vraag 8, bylae II, bl. 123.
2)Vgl. aanhaling uit Departementele Leerplan, bl. 88. Afwyking om hierdie rede word selfs aanbeveel.

by plaaslike omstandighede, 'n ander dat eie leerplan gevolg is „omdat elke dorp ander werksomstandighede bied", en 'n volgende het dit aangepas „volgens behoeftes van leerlinge". 'n Engelsmedium-meisieskool het ook die feit dat alles in die leerplan nie plaaslik van toepassing is nie as rede vir die afwyking genoem, terwyl 7 plattelandse skole ook die leerplan aangepas het by plaaslike omstandighede.

(2) Dit pas nie aan by metode nie.

Een plattelandse skool het verklaar dat dit nie 'n eksamenvak is nie en dat die indiwiduele metode van onderwys gevolg is, met ander woorde, voorligting deur middel van persoonlike onderhoude. 'n Ander plattelandse skool was eweneens van mening dat die „leerstof gewysig moet word om by die metode aan te pas", vandaar die afwyking.

(3) Tydsfaktor. Twee plattelandse skole en een stedelike Afrikaansmedium gemengde skool het gesê dat die leerplan wel gevolg is „sover die tyd dit toelaat" en dat „eie idees gevolg word met die min tyd tot beskikking". Ook 'n Engelsmedium-seunskool het verklaar dat die moeilikheid by die gebrek aan tyd lê.

(4) Gebrek aan opgeleide leerkragte. 'n Stedelike gemengde skool in die Afrikaanse voertaalgroep was van mening dat dit nie gevolg kon word nie omdat „geen opgeleide of bevoegde persone beskikbaar is nie", 'n tweede omdat „leerkragte nie op hoogte van sake is nie", en dit was ook die verduideliking van 'n Engelsmedium-meisieskool.

(5) Ander verklarings. Een plattelandse skool was

die...../110

die mening toegedaan dat „die leerplan te vaag en in menig opsig te onprakties is", vandaar wysigings. 'n Tweede het dit te „idealisties en nie prakties genoeg nie" genoem. 'n Derde het die afwyking aan die feit dat die groepe te groot was toegeskryf. (In die betrokke skool was meer as een klas saamgevoeg vir dié lesure.)

Volgens die onderwyser-voorligter van 'n Engelsmedium gemengde skool is beroepsvoorligting as sodanig te eng en het hy verkies om benewens dit ook voorligting in die algemeen by die leerplan in te sluit. 'n Tweede Engelsmedium gemengde skool se mening was „dat elke onderwyser dit as deel van sy gewone skooltaak behoort te beskou", en dat beroepsvoorligting as 'n spesiale vak dus oorbodig is.

'n Meisieskool en 'n gemengde skool in die Engelsmedium-groep het hulle eie idees verkies, terwyl nog 'n meisieskool darem die wenke van waarde gevind het en 'n seunskool die leerplan as basis aanvaar het. Dit was ook die houding van 'n gemengde skool, terwyl 'n ander gemengde skool dit gevolg het sover omstandighede dit moontlik gemaak het, (daar is nie vermeld wat die aard van die omstandighede was nie) en nog een het sonder meer sy eie leerplan verkies.

7. Samevatting...../111

## 7. SAMEVATTING.

### (a) Heersende opvattinge oor beroepsvoorligting van hoofde en onderwyser-voorligters van Transvaalse middelbare Skole.

TABEL XXVI

Heersende opvattinge van hoofde en onderwyser-voorligters oor beroepsvoorligting.

| | Skole betrokke | Positiewe reaksie. | % |
|---|---|---|---|
| 1. Hoof se mening oor noodsaaklikheid van beroepsvoorligting. | 61 | 55 | 90 |
| 2. Hoof se ervaring i.s. waarde van beroepsvoorligting. | 56 | 51 | 93 |
| 3. Hoof se mening oor beroepsvoorligting as skool se taak. | 61 | 55 | 90 |
| 4. Onderwyser-voorligter se mening oor beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan. | 80 | 68 | 85 |
| 5. Of daar plek gevind kan word vir beroepsvoorligting in skoolleerplan (hoof se mening). | 61 | 50 | 82 |
| 6. Hoof se mening oor spesifieke leerkrag vir beroepsvoorligting. | 61 | 46 | 75 |
| 7. Noodsaaklikheid dat leerkrag spesiale opleiding vir vak moet hê (hoof). | 61 | 52 | 85 |
| 8. Noodsaaklikheid van persoonlike onderhoude (onderwyser-voorligter). | 57 | 54 | 95 |

Dit blyk dan uit die ondersoek dat 90% van die 61 middelbare skoolhoofde met wie die saak bespreek

is, beroepsvoorligting as noodsaaklik beskou het en dat 93% van 56 hoofde wat hulle aan 'n mening wou bind werklik kon getuig dat dit 'n vrugbare invloed op die jeug gehad het.

Van die genoemde 61 hoofde het 90% dan ook hierdie soort voorligting as die skool se taak beskou, terwyl 85% van 80 skole se onderwyser-voorligters ook van mening was dat beroepsvoorligting 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan behoort te vorm. Laasgenoemde groep persone het oor die algemeen baie sterk vir die saak gevoel.

Twee-en-tagtig persent van die hoofde was ook oortuig dat daar wel vir dié vak op die skoolrooster plek en tyd gevind kan word; 75% was die mening toegedaan dat 'n spesifieke onderwyser vir die vak verantwoordelik behoort te wees, en 85% dat 'n sodanige onderwyser behoorlik daarvoor opgelei behoort te word.

Wat die kwessie van persoonlike onderhoude met die leerlinge as deel van die beroepsvoorligtingsproses betref, het 95% van die onderwyser-voorligters dit as noodsaaklik beskou en die meeste het hulle sterk ten gunste daarvan uitgespreek.

Uit die voorafgaande is dit dan duidelik dat die oorgrote meerderheid van diegene in die middelbare skole van Transvaal op wie se skouers die verantwoordelikheid van beroepsvoorligting gerus het, oortuig was van die noodsaaklikheid en waarde van die vak en die moontlikheid van die toepassing daarvan in die betrokke skole.

b. <u>Die stand van beroepsvoorligting in Transvaalse Middelbare Skole.</u>

<u>TABEL XXVII.</u>

<u>Oorsigtelike stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole.</u>

| Aspekte | Skole betrokke | Prestasie | % |
|---|---|---|---|
| 1. Beroepsvoorligting as deel van die skoolleerplan . | 82 | 75 | 91 |
| 2. Skole wat tydsvereiste nagekom het. | 75 | 61 | 81 |
| 3. Skole wat verwagte gedeelte van jaar aan beroepsvoorligting afgestaan het. | 75 | 61 | 81 |
| 4. Skole wat minimum halfjaar aan beroepsvoorligting gewy het. | 75 | 25 | 33 |
| 5. Skole wat 'n volle jaar aan beroepsvoorligting gewy het. | 75 | 50 | 67 |
| 6. Skole wat voorgestelde leerplan gebruik het. | 74 | 61 | 82 |
| 7. Onderwyser-voorligters wat akademies onderleg was vir taak. | 77 | 8 | 10 |
| 8. Onderwysers wat o.a. beroepsvoorligting gegee het en 'n mate van kennis van vak gehad het. | 183 | 36 | 20 |
| 9. Skole wat gesertifiseerde I.K.-toetsafnemers gehad het. | 78 | 67 | 86 |
| 10. Skole waar ander beroepstoetse gebruik is. | 61 | 16 | 26 |
| 11. Skole waar samewerking t.o.v. die vak bevredigend was. | 75 | 61 | 81 |
| 12. Skole waar onderwyser-voorligters tyd vir persoonlike onderhoude gekry het. | 54 | 13 | 24 |
| 13. Skole waar onderwyser-voorligters 'n lokaal vir persoonlike onderhoude gehad het. | 48 | 9 | 19 |

Uit die inligting van 82 middelbare skole ingewin, blyk dit dat beroepsvoorligting in 91% van die skole se leerplanne ingesluit was en dat 76.6% dadelik na die instelling daarvan daarmee begin het. Van die 75 skole waar daar in die kurrikulums daarvoor voorsiening gemaak is, het 81% die tyd soos

deur die Departement vir die betrokke standerds voorgeskryf word aan daardie standerds bestee. Benewens Standerds VI, VII en VIII, het 30%van die skole dit selfs in Standerd IX en X gedoen, 44% net in Standerd IX en 4% net in Standerd X.

Waar die Departement verwag dat beroepsvoorligting 'n halfjaar lank 1 periode per week aandag moet geniet, het 67.5% van die skole (uit die Afrikaansmedium-groep 77%,uit die Engelsmedium-groep 23%) een volle jaar lank een periode per week daarvoor afgestaan, en 32.5% die verwagte halfjaar lank,(uit die Afrikaansmedium-groep 23%, uit die Engelsmedium-groep 77%).

Van die 74 skole waaroor inligting beskikbaar was, en wat op die rooster tyd aan die vak afgestaan het, het 82% van die voorgestelde leerplan gebruik gemaak.

Sover dit opleiding vir die verantwoordelikheid van die vak aangaan,was slegs 11% uit 77 onderwyser-voorligters akademies onderleg daarvoor,terwyl 'n verdere 31% deur middel van kort kursusse van die Transvaalse Onderwysdepartement en ander opleiding met die onderwerp kennis gemaak het.

In 57 skole het 183 onderwysers onder andere beroepsvoorligting gegee en van hulle het slegs 36 (20%) in 'n mate kennis van of opleiding vir die vak gehad. Van 78 skole het 86% oor gesertifiseerde intelligensietoets-afnemers beskik,terwyl in slegs 26% van 61 skole van ander beroepstoetse gebruik gemaak is.

Uit die gegewens verstrek was dit moeilik om

om 'n duidelike beeld te kry oor die status wat die vak in die skoolleerplan in vergelyking met die ander skoolvakke beklee het. Die feit dat die samewerking van ander vakonderwysers in 19% van 75 skole onbevredigend was, is egter onrusbarend. Dit moet gewis veel daartoe bydrae dat beroepsvoorligting nie die doel kan bereik wat daarmee beoog word nie.

Vir persoonlike samesprekings met leerlinge het 24% van 54 onderwyser-voorligters wat geraadpleeg is en in wie se skole daar vir beroepsvoorligting voorsiening gemaak is, die nodige tyd daarvoor op die rooster gehad. Van 48 onderwyser-voorligters wat nie as hoofde of vise-hoofde oor 'n eie kantoor beskik het nie, het slegs 19% 'n geskikte lokaal vir sodanige onderhoude gehad.

c. <u>Waarom Departementele verwagtinge in party skole in sommige opsigte nie nagekom is nie</u>.

Van die 21 skole wat nie die nodige tyd aan beroepsvoorligting bestee het nie, het 52% eenvoudig net nie kans gesien om die nodige tyd op die skoolrooster daarvoor te vind nie.

Gebrek aan die nodige leerkragte vir die doel is ook, hoewel in 'n mindere mate, as rede geopper. Die ander redes kom nie as baie oortuigend voor nie - eerder as verskonings vir 'n bedekte onwil.

As rede waarom van die voorgestelde leerplan van die Departement afgewyk is of waarom dit nie gevolg is nie, het 42% van die betrokke skole,

aanpassing....../116

aanpassing by plaaslike omstandighede aangevoer. Die ander redes wat te doen het met metode en tydsgebrek kan ook by die aard van plaaslike toestande of die persoonlikheid van die onderwyser tuisgebring word. Die vernaamste redes kom dus heeltemal ooreen met die aanbevelings van die Departement. Die ander verklarings is so uiteenlopend en soms weersprekend dat dit daar gelaat kan word.

# HOOFSTUK IV.

## ALGEMENE OORSIG, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

### 1. Beroepsvoorligting.

Beroepsvoorligting as 'n doelbewuste, georganiseerde en sistematiese poging om die jeugdige te help om homself te help in verband met die keuse van, voorbereiding vir en aanpassing in 'n beroep is nog nie 'n halfeeu oud nie. In die Verenigde State van Amerika wat as die bakermat van die onderwerp beskou kan word, word dit as 'n inherente deel van die onderwys- en opvoedingsproses beskou en as 'n onafskeidbare deel van die skoolstelsel. Oor die noodsaaklikheid daarvan is deskundiges op dié gebied dit eens uit hoofde van onder andere die feit dat die beroepsvoorligtingsproses nou skakel met die opvoedings- en onderwysproses; indiwidue van mekaar verskil en vereistes deur verskillende beroepe gestel,verskil; daar in die moderne tyd 'n groter vryheid van beroepskeuse is; regte beroepskeuse vir die indiwidu persoonlike geluk en welvaart beteken, asook vir sy gemeenskap, terwyl ook die staat daarby baat.

Behalwe die belangrikheid van goeie tegnieke en metodes in die proses, word die sentrale rol van die voorligter in verband met die persoonlike samesprekings met leerlinge,sterk beklemtoon.

Ook in Suid-Afrika het die noodsaaklikheid begin deurskemer dat pogings in die werk gestel moet word om aspirant-werkers in beroepe geplaas te kry waar hulle ooreenkomstig hulle vermoëns en beperkinge die beste sal pas. Die Uniedepartement van Arbeid het deur middel van sy jeugrade hiermee begin. Sedert 1936 het die Transvaalse Onderwysdepartement ook aandag aan die saak begin wy deur middel van sy middelbare skoolstelsel.

Algaande, en veral vanaf 1948, is stappe gedoen om in 'n groter mate en op 'n meer georganiseerde en doelbewuste wyse reg te laat geskied aan die onderwerp as deel van die middelbare skole se kurrikulum.

2. <u>Gevolgtrekkings.</u> Met al die resultate van die ondersoek in gedagte kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

(a) Beroepsvoorligting word in die meeste middelbare skole van die Transvaalse Onderwysdepartement as noodsaaklik beskou en aanvaar. Dit word geag as 'n vak wat in 'n gevoelde behoefte voorsien en reeds sy waarde getoon het.

(b) Beroepsvoorligting kom in die meeste genoemde skole in 'n bevredigende mate in die teorie tot sy beoogde reg geoordeel volgens:

i. die groot aantal skole waar dit deel van die skoolleerplan vorm;

ii. die vele skole wat dadelik die vak ingevoer het nadat dit van hulle verwag is;

iii. die groot persentasie skole wat die vak tot sy reg laat kom het virsover dit die verwagte tyd en standerds waaraan dit gegee moet word, aangaan;

iv. die wyse waarop van die voorgestelde leerplan gebruik gemaak word.

(c) In die skole wat op bogenoemde gebiedete kort skiet, bestaan daarvoor in die meeste gevalle goeie redes.

(d) In die praktyk kom die onderrig van die vak verreweg nie tot sy reg nie, omdat:

i. die verantwoordelike leerkragte nie daarvoor opgelei is nie;

ii. daar tot nog toe nie deur die betrokke owerhede vir deeglike opleiding van onderwyser-voorligers voorsiening gemaak is nie; (Die opleiding wat wel verskaf is, naamlik die twee kort kursusse...../119.

kursusse, kan uit die aard en omvang daarvan nie as opleiding gekwalifiseer word nie - hoogstens as kennismaking met die onderwerp.)

iii. die taak te veel beskou word as een wat deur enige onderwyser gedoen kan word;

iv. daar nie die nodige fasiliteite bestaan om die vak in verskeie opsigte tot sy reg te laat kom nie:

(1). weens die gebrek aan behoorlike beroepstoetse waardeur objektiewe inligting oor die kind se vermoëns verkry kan word,

(2). weens die gebrek aan 'n doeltreffende plek en genoegsame tyd vir persoonlike samesprekings met leerling.

(e). In die praktyk bestaan daar nog by baie leerkragte 'n groot onkunde en onverskilligheid ten opsigte van die onderwerp.

3. Enkele aanbevelings.

Na betreklike grondige persoonlike ervaring van die moeilikhede en die probleme waarvoor die onderwyser-voorligter te staan kom, na 'n openhartige gedagtewisseling met 'n groot aantal onderwyser-voorligters en hoofde van middelbare skole, en na grondige oorweging van die resultate van die ondersoek, kom skrywer tot die oortuiging dat indien beroepsvoorligting in die middelbare skoolstelsel onder leiding van die onderwyser-voorligters in die praktyk tot sy reg moet kom, sekere tekortkominge uit die weg geruim moet word:

(a) Die vak moet as 'n geheel veel meer aandag van owerheidsweë geniet en propaganda moet daarvoor gemaak word by leerlinge, onderwysers, ouers en werkgewers.

(b) Daar moet voorsiening gemaak word vir die deeglike opleiding van ervare en, uit hoofde van hulle persoonlike eienskappe, bevoegde leer-

kragte....../120

leerkragte. Dit moet op so 'n wyse gedoen word dat hulle nie vakansies en finansiële opofferings daarvoor hoef in te boet nie. Keuring van kandidate vir sodanige opleiding sal dus noodsaaklik wees.

Dit sal ook nodig wees om deur ekstra finansiële vergoeding leerkragte hulle beskikbaar te laat stel vir sodanige opleiding, min of meer op dieselfde wyse as wat die huidige toestand is ten opsigte van onderwysers vir die Departement se spesiale skole en klasse.

(c) Daar moet op die onderwyser-voorligter se rooster genoegsame voorsiening gemaak word vir tyd om indiwidueel met leerlinge oorleg te pleeg.

(d) Die onderwyser-voorligter moet 'n eie kantoor tot sy beskikking hê waar hy enige tyd privaat met leerlinge kan gesels en wat hy ook so kan inrig dat hy daar beroepstoetse kan afneem en 'n biblioteek oor die vak kan opbou.

Een metode is om die onderwyser-voorligter vry te laat om gedurende die beroepsvoorligtingslesuur enige klas as 'n geheel of 'n indiwiduele leerling uit enige klas te neem.[1)] Die hoof van 'n skool waar hierdie stelsel reeds 'n proeftydperk van meer as 'n jaar deurgemaak het, het met groot lof daarvan gepraat. Hy het verduidelik dat die voorligting syns insiens meer oordeelkundig en volgens behoefte van omstandighede gegee is. Die onderwyser-voorligter het ook met geesdrif gepraat oor die werk wat hy daar verrig. So 'n stelsel los terselfdertyd ook die tyds- en plekprobleem tot 'n groot hoogte op. Een vereiste is dat die hoof dan algehele vertroue in die onderwyser-voorligter moet hê en die heelhartige samewerking van die hele personeel noodsaaklik is.

(e) Die benaming beroepsvoorligting is misleidend omdat daarmee eintlik bedoel word voorligting in die algemeen, insluitende opvoedkundige

en...../121

1)'n Soortgelyke reëling geld in die Vrystaatse skole. Prin.51/53,19 Nov.1953:Die Organisasie van Voorligtingswerk aan Hoër- en Juniorhoërskole..... .

en persoonlike voorligting, en dit deur baie onderwyser-voorligters nie so verstaan word nie. 'n Noukeuriger benaming is dus wenslik.

(f) So lank die Onderwysdepartement nog nie beskik oor genoeg behoorlik opgeleide onderwyser-voorligters nie, is dit noodsaaklik dat die personeel van die Beroepsvoorligtingsburo uitgebrei word sodat die beroepsvoorligters van die Buro meer dikwels en grondiger samesprekings met die betrokke leerkragte en leerlinge kan hê ten einde leiding te gee ten opsigte van spesifieke probleme, metodes en tegnieke.

Ten slotte moet die Transvaalse Onderwysdepartement inderdaad aangeprys word vir die groot taak wat hy onderneem het om deur middel van sy middelbare skoolstelsel ons jeugdiges te help om hul toekoms oordeelkundig te beplan en sodoende waardevoller lede van ons gemeenskap te word. Hy wend 'n prysenswaardige poging aan om 'n belangrike tekort in die onderwys en opvoeding van die jeug aan te vul.

## BYLAE I.

Brief wat ingesluit is by vraelys aan onderwyser-voorligters.[1)]

Posbus 241,
BRAKPAN.
Oktober 1953.

Geagte Kollega,

Ek is besig om 'n ondersoek in te stel na wat in verband met beroepsvoorligting in die Transvaalse middelbare skole gedoen word, en die waarde wat daaraan geheg word as voorbereiding vir die kind se toekoms in vergelyking met die ander skoolvakke.

Dit sal baie op prys gestel word indien u 'n paar oomblikke kan afsonder om die aangehegde paar vrae oor die onderwerp so openhartig moontlik te beantwoord.

Ek wil dit baie duidelik stel dat die ondersoek niks met die Departement van Onderwys te doen het nie, dat enige inligting streng vertroulik behandel sal word en dat 'n openhartige meningsuiting dus niemand enige skade sal berokken nie.

Indien u nie geneë voel om my met die saak te help nie, geliewe die vraelys in aangehegde gefrankeerde koevert terug testuur.

By voorbaat baie hartlik dank,
Die uwe,
(Get.) C.J.J. Reyneke.

---

1)Die brief is in Engels aan die Engelsmedium-skole gestuur.

# BYLAE II.

## Vraelys aan onderwyser-voorligters in sake die stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole.[1]

1. Vorm beroepsvoorligting 'n deel van u skoolleerplan? (Ja. Nee.)
2. Indien wel, sedert wanneer?
3. Word die tyd soos deur die Departement voorgeskryf, daaraan bestee? (Ja. Nee.)
4. Indien nie, stel waarom nie:
5. Aan watter standerds word beroepsvoorligting gegee?
6. Hoe lank per week per standerd?
7. Word die voorgestelde leerplan gevolg? (Ja. Nee.)
8. Indien nie, stel waarom nie:
9. Het die leerkragte wat daarvoor verantwoordelik is, enige spesiale opleiding daarvoor ontvang? (Ja. Nee.)
10. Indien wel, stel dan kortliks hoedanige opleiding ontvang is:
11. Beskou u beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike deel van die skoolleerplan? (Ja. Nee.)
    Gee asseblief hier u volledige opvatting oor beroepsvoorligting as 'n geheel:
13. Is daar 'n leerkrag wat gesertifiseer is om I.K.-toetse af te neem? (Ja. Nee.)
    Word enige ander toetse afgeneem? Indien wel, welke?
14. Het u enige beswaar dat ek u persoonlik kom spreek om meer inligting in te win? Indien nie, geliewe u adres hieronder aan te dui:

---

1) Die vraelys is in Engels aan Engelsmedium-skole gestuur.

# BYLAE III.

**Vrae wat met hoofde van 'n aantal Transvaalse middelbare skole bespreek is tydens persoonlike besoeke.**

1. Beskou u as hoof, en met u jare van ervaring, beroepsvoorligting as noodsaaklik?
2. Meen u dat dit die skool se taak is?
3. Is u van mening dat daar plek voor ingeruim kan word in die skoolleerplan?
4. Dink u dis wenslik dat 'n spesifieke onderwyser daarvoor afgesonder moet word soos vir ander vakke die geval is?
5. Dink u daar behoort voorsiening gemaak te word vir die opleiding van sodanige onderwysers?
6. Het die voorligting volgens u mening en ervaring sedert die instelling daarvan enige vrugte afgewerp?
7. Enige wenke of opmerkings oor die aangeleentheid?

# BYLAE IV.

Vrae wat met onderwyser-voorligters van 'n aantal Transvaalse middelbare skole bespreek is tydens persoonlike besoeke.

1. Voel u dat indiwiduele onderhoude met leerlinge om hulle persoonlike probleme te bespreek, nodig is?

2. Kry u geleentheid vir sodanige onderhoude?

3. Is daar 'n geskikte plek waar u sodanige onderhoude kan hou?

4. Hoeveel leerkragte gee onder andere beroepsvoorligting in die skool?

5. Hoeveel van hulle het enige opleiding in die rigting ontvang?

## BRONNELYS. x

I. Gepubliseerde werke.


1. Albertyn, C.F.: Jeugmisdaad. Proefskrif vir graad Ph.D., Universiteit van Stellenbosch, 1935. Nasionale Pers, Bpk., 1938. -x + 177 pp.
2. Allen, Frederick J. and Kitson, Harry D.: Practice in Vocational Guidance. First Edition. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1927. -ix + 306 pp.
3. Allen, Richard D.: Organization and Supervision of Guidance in Public Education. Inor Publishing Company, New York, 1937. -xxii + 420 pp.
4. Allport, Gordon W.: Personlity. A Psychological Interpretation. Henry Holt and Company, New York, 1947. -xiv + 588 pp.
5. Alexander, Carter: How to locate Educational Information and Data. Second Edition. Bureau of Publications, Teachers' College, Columbia University, New York, 1941. 439 pp.
6. Bernstein, J.L. & Arrin, D.J.: The Citizen in a changing Community. Longmans, Green and Co., New York, 1941. -xii + 636 pp.
7. Billings, Mildred Lincoln: Group Methods of studying Occupations. Second Edition. International Textbook Company, Scranton, Pennsylvania, 1947. -xi+513 pp.
8. Bingle, H.J.J. en Potgieter, G.J.: Studies oor die Godsdiens op Skool. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1948. 331 pp.
9. Bloomfield, M.: Readings in Vocational Guidance. Ginn and Company, 1915. -xii+723 pp.
10. Brewer, John M.: The Vocational Guidance Movement. Its Problems and Possibilities. The Macmillan Company, New York, 1926, -ix + 333 pp.
11. Brewer, John M. and Landy, Edward: Occupations Today. Ginn and Company, New York, London, etc., 1943. -v + 377 pp.
12. Burt, C.: The Backward Child. University of London Press, London, 1937, - xix +694. pp.
13. Burt, C.: The Young Delinquent. University Press, London, 1952. -xx + 662 pp.
14. Burtt, Harold Ernest: Principles of Employment Psychology. Revised Edition. Harper and Brothers Publishers, New York and London, 1942. -xii + 588 pp.
15. Brown, Francis J.: Educational Sociology. The Technical Press, London, 1947, -xiv + 626 pp.
16. Coetzee J. Chr.: Eksperimentele Opvoedkundige Studies. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1926. 294 pp.
17. Coetzee J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Verkennersreeks nr. 7. Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1944. 414pp.

18. Cox, Philip W.L. and Duff, John Carr:Guidance by the Classroom Teacher.Prentice-Hall, Inc.,New York, 1941. -xxv + 535 pp.

19. Davies,J.L.L. and Vaughan, D.J.:The Republic of Plato.Translated into English with Notes. J.and C.F. Clay,University Press,Cambridge. 370 pp.

20. Desmore,Abe J.B.: Elements of Vocational Guidance. A Practical Handbook for Teachers in South Africa. Maskew Miller Limited, Cape Town. -v + 53 pp.

21. Dewey, J.:Democracy and Education. The Macmillan Company, New York. 1942. -xii + 434 pp.

22. Earle,F.M., Myers, Charles S. and DAbernon,Viscount: Methods of Choosing a Career. George G. Harrap and Company Ltd.,London,Bombay,Sydney, 1931. 334 pp.

23. Eaton, T.H.: Education and Vocations. John Wiley and Sons, Inc., New York, 1926. -vi +300 pp.

24. Fenton, N.:Mental Hygiene in School Practice. Stanford University Press,Stanford,1949.-xvi + 455 pp.

25. Gates, Arthur I.,Jerslid, Arthur T., McConnel,T.R. and Challman, Robert C.:Educational Psychology. Third Edition. The Macmillan Company, New York, 1950. -xx + 818 pp.

26. Good, Carter V.:How to do Research in Education. Baltimore,Maryland:Warwick and York,1928. 298 pp.

27. Good, Carter V.,Barr, A.S.and Scates, Douglas E.: The Methodology of Educational Research. D.Appleton-Century Company,Inc., New York, London,1941. 890 pp.

28. Groenewald, A.J.: 'n Handleiding in Beroepsvoorligting. Impala Opvoedkundige Diens,Johannesburg, 1952, 234 pp.

29. Hepner, Harry Walker:Finding Yourself in your Work. D.Appleton-Century Company,Inc.,New York,London, 1941. -xvii + 297 pp.

30. Holthuizen, F.:Studie over Voorlichting bij Beroepskeuze in Nederland. Naaml. Venn. Standaard-Boekhandel,Brussel e.a. plekke, 1935. 184 pp.

31. Horne, Herman Harrell:The Democratic Philosophy of Education. The Macmillan Company,New York,1932. -xxiii + 547 pp.

32. Jansen van Rensburg, J.A.:Your Future Career. Longmans,Green and Company,London, New York, Toronto, 1940. -viii + 279 pp.

33. Jones, Arthur J.:Principles of Guidance and Pupil Personnel Work. Fourth Edition. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1951. -xvi + 630pp.

34. Kaplan, Oscar J.:Encyclopedia of Vocational Guidance.Part I and II. Philosophical Library,New York, 1948. -xxi + 1422 pp.

35. Keller, Franklin J.:Principles of Vocational Education. D.C. Heath and Company,Boston,1948.402 pp.

36. Keller, Franklin J.and Viteles, Morris S.:Vocational Guidance throughout the World. A Comparative Survey. W.W. Norton and Company, Inc.,New York,1937. -xiii + 575 pp.

37.Keyter,J.de W.:Opvoeding en Onderwys.Nasionale Pers,Bpk., Bloemfontein,1936. -xv + 514 pp.

38.Koos, Leonard V.:The Questionaire in Education. The Macmillan Company,New York,1928.-viii +178 pp.

39.Kohnstamm, Ph.:Schepper en Schepping.Deel II: Persoonlikheid in Wording. Tjeenk Willink,Haarlem, 1929. -xvi + 569 pp.

40.Langeveld, M.J.:Beknopte Theoretische Paedagogiek. 3de Druk.Wolters Uitgevers Maatschappij,Groningen, Batavia, 1949. 183. pp.

41.McCall,William A.: How to Experiment in Education. The Macmillan Co., New York,1930. 281 pp.

42.Myers, George E.:Principles and Techniques of Vocational Guidance.McGraw-Hill Book Company, Inc.,New York and London,1941. -xii + 377 pp.

43. Myers,George E.:The Problem of Vocational Guidance. The Macmillan Company,1929. -vii + 311 pp.

44. Nel, B.F.:Druiping by skoolleerlinge. 'n Sosiaalpedagogiese Studie. Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg, 1945. 175 pp.

45. Nel, B.F.:Luiheid by Skoolleerlinge.Soek- en Leerreeks, nr. 4.Voortrekkerpers, Bpk.,Johannesburg, 1943. 126 pp.

46. Nunn, Percy: Education. Its Data and First Principles. Third Edition.Edward Arnold and Company, London, 1949. 283 pp.

47. Parsons, Frank: Choosing a Vocation. Houghton Mifflin Company, 1909. -vii + 165 pp.

48. Prinsloo, M.J.:Beroepskeusevoorligting deur Skool en Jeugraad. T.O. Diensburo,Johannesburg, 1933. -iv + 200 pp.

49. Prinsloo, M.J.:U Kind se Beroep. Nasionale Boekhandel, Bpk., Kaapstad. -ii + 183 pp.

50. Reeder, Ward G.: How to write a Thesis. Public School Publishing Company,Bloomington, Illinois, 1925. -x + 216 pp.

51. Smith,Charles M. and Roos, Mary M.:A Guide to Guidance. Prentice-Hall, Inc.,New York,1941. -xvi + 440 pp.

52. Stoker, H.G.:Die Stryd om die Ordes. Calvyn Jubileum Boekefonds,Potchefstroom,1941.-vii + 281 pp.

53. Spranger,Eduard:Psychologie der Jeugd.Vertaling van J.L. Gunning.Twaalfde Druk. N.V.Uitgevers Maatschappij,Deventer. -viii + 418 pp.

54. Strang, Ruth: The Role of the Teacher in Personnel Work. Bureau of Publications,Teachers' College, Columbia University, New York,1946.-xi + 497 pp.

55. Super, Donald E.:The Dynamics of Vocational Adjustment. Harper and Brothers Publishers,New York and London, 1942. - xiii + 286 pp.

56. Symonds, P.M.:Diagnosing Personality and Conduct. D.Appleton Century Company.,New York,London. -xvi + 602 pp.

57. Taute,Ben: Opvoedende Onderwys. Tweede Uitgawe. Unie-Volkspers, Bpk.,Kaapstad, 1942. -ix + 485 pp.

58. Theron, Erika: Fabriekswerksters in Kaapstad. Doktorale proefskrif,Universiteit van Stellenbosch, 1942.Nasionale Pers, Bpk.,Kaapstad,1944. -iv + 295 pp.

59. Traxler, Arthur, E.:Techniques of Guidance:Test Records and Counselling in a Guidance Program. Harper and Brothers, -xiv + 394 pp.

60. Van Dale : Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. Bewerkt door Dr. C. Kruyskamp en Dr. F. de Tollenaere. Sewende Druk. Martinus Nijhoff, Gravenhage, 1950. xxxv + 2379 pp.

61. Vocational Guidance: Report of the sub-committee on Vocational Guidance. White House Conference on Child Health and Protection. Section IIID. Education and Training. The Century Company,New York, London. - xxiii + 396 pp.

62. Waterink, J.: Inleiding tot de Theoretische Paedagiek, Bd.III:Theorie der Opvoeding. Kok, Kampen, 1951.

63. Whitney, Frederick Lamson: Methods in Educational Research. D. Appleton and Company,New York, London, 1931 -xvii + 335 pp.

64. Willemse, W.A.:Die sorg vir ons Kinders en Jeugdiges. Tweede Trek-reeks, nr, IV, Nasionale Pers, Bpk., 139 pp.

65. Williamson, E.G. and Hahn, M.E.: Introduction to High School Counselling. First Edition. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, London, 1940. -ix + 314 pp.

## II. Tydskrifte.

1. Journal of Applied Psychology, Vol. XIV, No.1,February, 1930. Bi-monthly publication by James P.Porter, Ohio University,Athens, Ohio. Waverley Press, Inc., Baltimore,Md.: Ruckmick,Christian A.: The Uses and Abuses of the Questionaire Procedure.

2. Die Loopbaangids/The Careers Guide. Maandblad vir Jeugsake en Beroepskunde. Uitgawe van die Jeugraad Witwatersrand-Sentraal, Nuwe Magistraatskantore, Marshallstraat, Johannesburg. 1933 - 1950.

3. My Loopbaan/My Career. Waarby ingelyf Die Loopbaangids. Maandblad oor Beroepsvoorligting. Uitgegee deur die Witwatersrandse Sentrale Jeugraad in samewerking met die Nasionale Buro vir Beroepsvoorligting. Departement van Arbeid, Pretoria. Maart 1950 - September 1955.

---

## III. Departementele stukke.

1. Gepubliseerd.

a. Regering van die Unie van Suid-Afrika.

i. Jeugdige Personen Wet, no.33 van 1921. Opgeneem in Hersiene Wette, Unie van Suid-Afrika, 1921 - 1924, met wysigings tot 1934, 93 - 95. Staatsdrukker, Pretoria, 1933. -xix + 869 pp.

ii. Wet op Registrasie vir Werk, no.34 van 1945. Opgeneem in Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945, 313 - 331. Staatsdrukker, Kaapstad, 1945. -xxviii + 529 pp.

b. Transvaalse Onderwysdepartement.

i. Beroepsvoorligting in Na-Primêre Skole. Lesings gehou by 'n Kursus oor Beroepsvoorligting in Johannesburg,Maart 1948. Beroepsvoorligtingsburo,Staatsdrukker, Pretoria, 1948. 74 pp.

ii. Brosjures van Beroepsvoorligtingsburo oor verskillende beroepe, nrr. 1 - 21.

iii. Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole. Transvaalse Onderwysdepartement. Staatsdrukker, Pretoria, 1948. (Met latere wysigings.)

iv. Leerplan vir Beroepsvoorligting. Die Staatsdrukker, Pretoria,1948.17 pp.

v. Leerplanne vir die Middelbare Skool. Handboek. Staatsdrukker, Pretoria, 1952. 219 pp.

vi. Lys van skole en veldamptenare, 1ste Kwartaal 1949. Staatsdrukker, Pretoria.

vii. Praktiese Probleme i.v.m. Beroepsvoorligting. Lesings deur Onderwyser-Voorligters, e.a.,Johannesburg, Maart 1951.Beroepsvoorligtingsburo, 1951. Staatsdrukker,Pretoria,1951.60pp.

viii. Verslae van die jare ge-eindig 31 Desember 1937 - 1948.

c. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop.

i. Voorligtingsbulletin nr. 1,1946: Swartz, J.F.A.:Beroepsvoorligting. Beginsels en Wenke. 40 pp.

d. Departement van Arbeid, Die Jeugwerkverskaffingsafdeling: Beroepsvoorligting. Opsomming van lesings aan Beroepsvoorligters van die Departement van Arbeid.Staatsdrukker, 1949. 186 pp.

e. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys. Staatsdrukker, Pretoria, 1948. -x+322 pp.

f. Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat.

i. Leerplan vir die Hoërskool(Sts. 6 tot 10). 28 pp.

2. <u>Ongepubliseerd</u>.

a. Transvaalse Onderwysdepartement:

i. Beroepsvoorligting in Transvaalse skole. Lesing deur Hoofberoepsvoorligter, dr.Riemersma,gehou tydens Inspekteurskonferensie,Pretoria,1952.

ii......./

ii. Departementele en Algemene Omsendbriewe vanaf 1908 tot 1953. T.O.D.-Biblioteek, Pretoria.

iii. Verslae oor Beroepsvoorligting: 1948 - 49; 1950 - 51; 1952.

b. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop:

i. Brief van Departementele Psigoloog, gedateer 12 November 1954.

c. Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat:

i. Omsendbrief no.Prin.45/52: Voorligting vanaf 1953 en die gebruik van die Kumulatiewe Verslagkaart by toelating van leerlinge tot die Middelbare Afdeling van 'n skool. 22 Desember 1952.

ii. Omsendbrief no. Prin.51/53: Die Organisasie van Voorligtingswerk aan Hoër- en Juniorhoërskole en 'n beknopte voorlopige leerplan vir die doel. 19 November 1953.

iii. Omsendbrief no. Prin.49/1950:Vakansiekursus in Skoolvoorligting.Algemene inligting. 17 Oktober 1950.

iv. Verslag van Viljoen-kommissie in sake leerplanne, Maart 1953.

d. Departement van Onderwys, Natal.

i. Brief van Beroepsielkundige,Dr. J.P. Jordaan, gedateer 1.3.1954.

IV. Ongepubliseerde bronne.

1. Nel, B.F.:A Survey of the Work of Child Guidance Clinics in the United States of America. Report of a visit to the United States of America under the auspices of the Carnegie Corporation of New York (British Dominions and Colonies Fund) undertaken during 1950.

2. Swanepoel, J.A.V.:Die Beroepskeuse van Hoërskoolleerlinge volgens hulle Belangstellinge en Gesindhede.
M.Ed.-verhandeling,Universiteit van Pretoria. 1951.